

**SPELTERAPEUTIESE RIGLYNE TER BEVORDERING VAN
EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID BY
EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KINDERS**

deur

CATHARINA MARIA LOUISA WOLHUTER

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE

(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. J.P. SCHOEMAN

NOVEMBER 2007

BEDANKINGS

Al die lof, eer en aanbidding aan my Hemelse Vader. Sy liefde en genade het my gedra en die onmoontlike vir my moontlik gemaak.

Aan die volgende persone word my opregte dank oorgedra:

- Dr. J.P. Schoeman vir haar bekwame studieleiding.
- Prof. Furstenberg vir die taalversorging.
- Die deelnemers wat bereid was om hul pyn met my te deel.
- My kosbare ouers vir hul liefde, gebede en ondersteuning.
- My kinders, Louise, George en Dirk vir hul ondersteuning, liefde en gebede.
- My man George vir sy begrip, liefde, aanmoediging, gebede en al die opofferings.

VERKLARING

Studentenommer: 408-008-4

Ek verklaar hiermee dat **Speltherapeutiese riglyne ter bevordering van emosionele veerkragtigheid by egskeidingsgetraumatiseerde kinders** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.....

HANDTEKENING

(Mev C.M.L. Wolhuter)

.....

DATUM

VERKLARING INSAKE TAALGEBRUIK

Wanneer “hy”, “hom” of “sy” in plaas van “hy/sy”, “hom/haar” of “sy/haar” in die verhandeling gebruik word, is dit nie geslagdiskriminerend bedoel nie, maar geskied dit bloot om ’n lomp stelwyse te voorkom.

OPSOMMING

Spelterapeutiese riglyne ter bevordering van emosionele veerkragtigheid by egskeidingsgetraumatiseerde kinders

'n Beduidende aantal kinders word jaarliks getraumatiseer weens die egskeiding van hul ouers. Die doel vir die studie was om 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saam te stel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word. Ten einde bogenoemde doel te bereik het die navorser inligting ingesamel aan die hand van sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe benadering. Inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie, vier gevallestudies, 'n semigestruktureerde onderhoud en twee vraelyste.

Vanuit die prosessering en integrering van bevindinge tydens die empiriese ondersoek verkry, is 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saamgestel. Deur die riglyn te benut kan Gestaltspelterapeute egskeidingsgetraumatiseerde kinders help om die skadelike uitwerking van egskeiding te oorkom. Tegelyk word die kinders ook met vaardighede bemagtig wat hulle toerus om toekomstige teleurstelling, teenspoed en trauma effektief te hanteer.

SUMMARY

Play therapy guidelines to enhance the resilience of children who have been traumatized by the divorce of their parents.

Every year, a significant number of children are being traumatized by the divorce of their parents. The aim of this study was to provide a guideline for Gestalt play therapists to enhance the resilience of children in middle childhood who have been traumatized by the divorce of their parents. To achieve this goal, the researcher made use of both the qualitative and the quantitative method of data collection. Data were collected by means of a literature study, four case studies, a semistructured interview and two questionnaires.

The integration of the data collected through the empirical investigation enabled the researcher to compile a guideline to assist Gestalt play therapists in enhancing the resilience of children in middle childhood, traumatized by the divorce of their parents. By utilizing this guideline, Gestalt play therapists can assist children to overcome the damaging effects of the divorce. Simultaneously, the children are being empowered with skills enabling them to successfully deal with future setbacks.

SLEUTELTERME / KEY TERMS

| | |
|---|--|
| Gestaltspeltherapie | Gestalt play therapy |
| Riglyn | Guideline |
| Emosionele veerkrachtigheid | Resilience |
| Egskeidingsgetraumatiseerde kind | Child traumatized by divorce of parents |
| Middelkinderjare | Middle childhood |

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

| | | BLADSY |
|---------|--|--------|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | MOTIVERING EN BEGRONDING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP | 2 |
| 1.3 | FORMULERING VAN NAVORSINGSPROBLEEM | 4 |
| 1.4 | DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE | 4 |
| 1.5 | NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE | 6 |
| 1.6 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 6 |
| 1.6.1 | Soort navorsing | 6 |
| 1.6.2 | Navorsingsbenadering | 7 |
| 1.6.3 | Navorsingsontwerp | 8 |
| 1.7 | NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE | 8 |
| 1.7.1 | Data-insamelingsmetodes | 8 |
| 1.7.1.1 | Literatuurstudie | 9 |
| 1.7.1.2 | Gevallestudies | 9 |
| 1.7.1.3 | Onderhoude | 10 |
| 1.7.1.4 | Voltooing van vraelyste | 10 |
| 1.7.2 | Data-analise | 11 |
| 1.7.3 | Geldigheid en betroubaarheid van die studie | 13 |
| 1.8 | UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK | 14 |
| 1.8.1 | Literatuurstudie | 14 |
| 1.8.2 | Voorondersoek | 15 |
| 1.8.3 | Konsultasie met kundiges | 15 |

| | | |
|---------------|--|-----------|
| 1.9 | OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN DIE WYSE VAN STEEKPROEFNEMING | 16 |
| 1.9.1 | Universum en populasie | 16 |
| 1.9.2 | Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming | 16 |
| 1.10 | ETIESE MAATREËLS | 17 |
| 1.11 | DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE | 18 |
| 1.11.1 | Riglyn | 18 |
| 1.11.2 | Spel terapie | 19 |
| 1.11.3 | Egskeidingsgetraumatiseerde kind | 19 |
| 1.11.4 | Middelkinderjare | 21 |
| 1.11.5 | Emosionele veerkragtigheid | 21 |
| 1.12 | INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG | 21 |
| 1.13 | SAMEVATTING | 22 |

HOOFSTUK 2

DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

| | | |
|----------------|---|-----------|
| 2.1 | INLEIDING | 23 |
| 2.2 | DIE ROUPROSES VAN DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND | 23 |
| 2.2.1 | Inleiding | 23 |
| 2.2.2 | Die fases van die rouproses | 24 |
| 2.2.2.1 | Ontkenning | 25 |
| 2.2.2.2 | Onderhandeling | 25 |
| 2.2.2.3 | Skuld | 25 |
| 2.2.2.4 | Vrees | 26 |
| 2.2.2.5 | Woede | 26 |
| 2.2.2.6 | Verlange | 27 |
| 2.2.2.7 | Isolasie | 27 |

| | | |
|--|--|----|
| 2.2.2.8 | Verwarring | 28 |
| 2.2.2.9 | Depressie | 28 |
| 2.2.2.10 | Aanvaarding | 29 |
| 2.2.3 | Unieke kenmerke van kinders se rouproses | 29 |
| 2.2.4 | Normale teenoor problematiese reaksies op verlies | 30 |
| 2.3 | DIE IMPAK VAN EGSKEIDING OP DIE KIND IN DIE ALGEMEEN | 31 |
| 2.3.1 | Faktore wat 'n rol speel in die uitkoms van egskeding | 31 |
| 2.3.2 | Impak as verlies wat die kind ervaar | 32 |
| 2.3.3 | Positiewe uitkoms van egskeding | 35 |
| 2.4 | EGSKEIDING EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE | 35 |
| 2.4.1 | Impak van egskeding op die kind in die middelkinderjare | 35 |
| 2.4.2 | Simptome wat spesifiek by die kind in die middelkinderjare voorkom | 36 |
| 2.5 | SAMEVATTING | 37 |
| HOOFSTUK 3 | | |
| GESTALTSPELTERAPIE MET DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND | | |
| 3.1 | INLEIDING | 38 |
| 3.2 | UITGANGSPUNTE VAN GESTALTTERAPIE AS TEORETIESE BENADERING | 38 |
| 3.2.1 | Inleiding | 38 |
| 3.2.2 | Holisme en veldteorie | 39 |
| 3.2.3 | Homeostase en organismiese selfregulering | 39 |
| 3.2.4 | Kontak en kontakgrens | 39 |
| 3.2.5 | Kontakgrensversteurings | 40 |
| 3.2.5.1 | Introjeksie | 40 |
| 3.2.5.2 | Projeksie | 40 |

| | | |
|----------------|--|-----------|
| 3.2.5.3 | Samevloeiing | 41 |
| 3.2.5.4 | Retrofleksie | 41 |
| 3.2.5.5 | Defleksie | 41 |
| 3.2.5.6 | Desensitisasie | 41 |
| 3.2.6 | Struktuur van die persoonlikheid | 42 |
| 3.2.6.1 | Sintetiese/vals laag | 42 |
| 3.2.6.2 | Fobiese laag | 42 |
| 3.2.6.3 | Impasse laag | 42 |
| 3.2.6.4 | Implosiewe laag | 43 |
| 3.2.6.5 | Eksplosiewe laag | 43 |
| 3.2.7 | Polariteite | 43 |
| 3.2.8 | Paradoksale teorie van verandering | 43 |
| 3.3 | GESTALTSPELTERAPIE | 44 |
| 3.3.1 | Doelwitte van Gestaltspeltherapie | 44 |
| 3.3.1.1 | Bevordering van bewustheid | 44 |
| 3.3.1.2 | Bevordering van selfondersteuning | 45 |
| 3.3.1.3 | Bevordering van selfintegrasie | 45 |
| 3.3.2 | Terapeutiese verhouding | 45 |
| 3.3.3 | Proses van Gestaltspeltherapie | 46 |
| 3.3.4 | Vorme van spel | 47 |
| 3.3.4.1 | Bibliospel | 47 |
| 3.3.4.2 | Kreatiewe spel | 48 |
| 3.3.4.3 | Gedramatiseerde spel | 48 |
| 3.4 | HULPVERLENING AAN DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND DEUR MIDDEL VAN GESTALTSPELTERAPIE | 48 |
| 3.4.1 | Psigologiese take waardeur die egskedingsgetrauma- | 49 |

| | | |
|---|---|----|
| | tiseerde kind moet werk | |
| 3.4.2 | Verdere aspekte wat aandag behoort te ontvang tydens die proses van hulpverlening | 50 |
| 3.5 | SAMEVATTING | 52 |
| HOOFSTUK 4 | | |
| EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE | | |
| 4.1 | INLEIDING | 53 |
| 4.2 | BESKRYWING VAN EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID | 53 |
| 4.2.1 | Inleiding | 53 |
| 4.2.2 | Kenmerke van 'n emosioneel veerkragtige kind | 54 |
| 4.2.3 | Bronne van emosionele veerkragtigheid | 55 |
| 4.2.3.1 | Ek het-faktore | 56 |
| 4.2.3.2 | Ek is-faktore | 56 |
| 4.2.3.3 | Ek kan-faktore | 57 |
| 4.3 | EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE | 57 |
| 4.3.1 | Belangrikheid van die middelkinderjare | 57 |
| 4.3.2 | Ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare | 58 |
| 4.4 | BEVORDERING VAN EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID | 60 |
| 4.4.1 | Inleiding | 60 |
| 4.4.2 | Ingesteldheid van die volwassene wat emosionele veerkragtigheid by kinders bevorder | 61 |
| 4.4.3 | Kommunikasie en die bevordering van emosionele veerkragtigheid | 62 |
| 4.4.4 | Probleemoplossende vaardighede en emosionele veerkragtigheid | 63 |
| 4.4.5 | Gestaltspelterapie en die bevordering van emosionele veerkragtigheid | 64 |
| 4.4.5.1 | Identifisering van risikofaktore wat emosionele veerkragtigheid beïnvloed | 64 |

| | | |
|---|--|----|
| 4.4.5.2 | Die wyse waarop Gestaltspeltherapie emosionele veerkragtigheid bevorder | 65 |
| 4.5 | EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND WAT DEUR EGSKEIDING GETRAUMATISEER IS | 66 |
| 4.6 | SAMEVATTING | 68 |
| HOOFSTUK 5 | | |
| NAVORSINGSMETODOLOGIE: EMPIRIESE PERSPEKTIEF EN INTEGRERING VAN BEVINDINGE | | |
| 5.1 | INLEIDING | 69 |
| 5.2 | NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE STUDIE | 69 |
| 5.2.1 | Probleemformulering en beplanning vir die navorsing | 70 |
| 5.2.2 | Insameling van inligting | 72 |
| 5.2.2.1 | Literatuurstudie | 72 |
| 5.2.2.2 | Waarneming van gevallestudies | 73 |
| 5.2.2.2.1 | Kriteria vir die seleksie van deelnemers | 73 |
| 5.2.2.2.2 | Program wat tydens die spelterapeutiese proses met die deelnemers benut is | 74 |
| 5.2.2.3 | Voltooiing van vraag deur ouers | 74 |
| 5.2.2.4 | Voltooiing van vraelyste deur navorser, onderwysers, ouers en deelnemers | 75 |
| 5.2.3 | Prosessering van inligting en bevindinge | 75 |
| 5.2.3.1 | Waarneming van gevallestudies | 75 |
| 5.2.3.1.1 | Deelnemers | 76 |
| 5.2.3.1.2 | Bespreking van die agt temas wat tydens die spelterapeutiese proses met deelnemers deurgewerk is | 77 |
| 5.2.3.2 | Semigestruktureerde onderhoud met ouers | 86 |
| 5.2.3.3 | Vraelyste voltooi deur ouers, onderwysers, navorser en deelnemers | 88 |

| | | |
|--|---|------|
| 5.2.4 | Integrering van navorsingsbevindinge: 'n Riglyn vir spelterapeute vanuit die Gestaltbenadering waarvolgens emosionele veerkragtigheid van egskeidingsgetraumatiseerde kinders bevorder kan word | 93 |
| 5.3 | SAMEVATTING | 103 |
| HOOFSTUK 6 | | |
| GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS, MOONTLIKE TEKORTKOMINGE EN SAMEVATTING | | |
| 6.1 | INLEIDING | 104 |
| 6.2 | NAVORSINGSPROBLEEM EN DIE DOEL VAN DIE STUDIE | 104 |
| 6.3 | GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE | 105 |
| 6.4 | AANBEVELINGS EN MOONTLIKE TEKORTKOMINGE | 112 |
| 6.5 | SAMEVATTING | 113 |
| | BRONNELYS | I |
| | BYLAES | |
| A | Ingeligte toestemming deur ouers vir deelname van deelnemers aan die navorsing en spelterapie | Xi |
| B | Ingeligte toestemming deur deelnemers vir deelname aan die navorsing en spelterapie | Xiii |
| C | Vraelys vir ouers, onderwysers en navorsers | Xiv |
| D | Vraelys vir deelnemers | Xvi |
| E | Lys van hulpmiddels vir spelterapeutiese riglyn ter bevordering van emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind | Xix |
| | TABELLE | |
| Tabel 2.a | Normale en gekompliseerde rou | 30 |
| Tabel 3.a | Fases in die Gestaltspeltherapeutiese proses | 46 |
| Tabel 5.a | Agtergrondgegevens met betrekking tot deelnemers | 76 |
| Tabel 5.b | Kontakmaking met deelnemers | 78 |

| | | |
|------------------|--|-----------|
| Tabel 5.c | Herkenning en uitdrukking van emosies rondom die egskeiding | 80 |
| Tabel 5.d | Effektiewe bestuur van emosies, kommunikasie en Probleemoplossing | 82 |
| Tabel 5.e | Selfbeeld, selfhandhawing, selfstandige en verantwoordelike optrede | 83 |
| Tabel 5.f | Deelnemers se toekomsvisie | 85 |
| Tabel 5.g | Evaluering van die spel terapie deur deelnemers | 86 |
| Tabel 5.h | Ouers as respondente - Verskil in die kind se gedrag na intervensie | 87 |
| Tabel 5.i | Assessering van verandering in deelnemers se gedrag na intervensie | 87 |
| | FIGURE | |
| Figuur 1 | Persepsies van veerkragtigheid: Proefpersoon S1 | 89 |
| Figuur 2 | Persepsies van veerkragtigheid: Proefpersoon S2 | 89 |
| Figuur 3 | Persepsies van veerkragtigheid: Proefpersoon D1 | 89 |
| Figuur 4 | Persepsies van veerkragtigheid: Proefpersoon D2 | 89 |
| Figuur 5 | Kenmerke van veerkragtigheid: Ek waardeer myself | 90 |
| Figuur 6 | Kenmerke van veerkragtigheid: My verhouding met ander mense | 91 |
| Figuur 7 | Kenmerke van veerkragtigheid: My verhouding met die gemeenskap | 92 |

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

1.1 INLEIDING

Kinders word groot met die aanname dat hul ouers altyd daar gaan wees om hulle te beskerm en emosioneel en fisies te versorg. Wanneer ouers skei, beleef kinders trauma met gepaardgaande verlies weens die beduidende veranderinge wat in hul jong lewens plaasvind (Hart, 1996:19-20).

Egskedding is 'n tendens wat toeneem in die Suid-Afrikaanse samelewing. Inligting wat bekom is van Statistiek Suid Afrika toon 'n jaarlikse toename in die aantal egskeddings, wat ook meebring dat daar 'n toename is in die aantal minderjarige kinders wat betrokke is. Statistieke toon dat daar tydens die jaar 2004 'n totaal van 31768 egskeddings was waarby 29597 minderjarige kinders betrokke was. Gedurende 2005 het die aantal egskeddings gestyg tot 32484 en die betrokke minderjarige kinders tot 32394. Daar is dus 'n beduidende aantal kinders wat jaarliks deur die egskedding van hul ouers getraumatiseer word.

Die ineenstorting van die familiestruktuur beïnvloed kinders se gesonde groei en ontwikkeling. Dit het 'n impak op die kind se gedrag en emosionele funksionering en affekteer die kind in totaliteit (Blom, 2004:214, 224-25). Hart (1996:19) beskryf die traumatiese effek van egskedding op kinders soos volg: "Never again will most of the children of divorce ever have to face as stressful a life event. The acute stress of the shock, and the need to grieve over the loss of the traditional family structure are enough to bring the strongest of us to our knees."

Volgens Neuman (1998:6) is egskedding uiters stresvol vir kinders omdat hulle nog nie oor die nodige hanteringsmeganismes beskik nie. Tydens egskedding verloor kinders dikwels die normale ondersteuning van hul ouers. Omdat ouers ook deur die egskedding getraumatiseer word, bring dit mee dat hul vermoëns tot bevoegde ouerskap afneem. Dit verklaar waarom kinders se probleme dikwels ongesiens by bevoegde ouers verbygaan (Marta, 2004:129-131). Volgens Hart (1996:15-18) sowel as Bradley en Beveridge (2004:13) het egskedding altyd skadelike gevolge vir

kinders, selfs al kom hulle emosioneel gesond voor. Die vraag is eerder of dit kort- of langtermyngevolge gaan hê.

Dit blyk dus duidelik dat kinders nie toegerus is om egskeidingstrauma te hanteer nie. Hart (1996:18) sien egter emosionele veerkragtigheid as 'n faktor wat kinders kan help om hul ouers se egskeiding beter te oorleef. Dit word bevestig deur De Klerk en Le Roux (2003:81) dat kinders danksy emosionele veerkragtigheid tog trauma te bowe kan kom. Veerkragtigheid word deur Siebert (2005:5) gesien as die vermoë om terug te bons van lewensgebeure wat aanvanklik totaal oorweldigend mag voel. Skrywers soos Zimmerman en Thayer (2003:96-97) en Whiteman (2007:2-5) beklemtoon ook dat daar hoop is ten spyte van die skadelike effekte van egskeiding. Kinders kan deur tydige intervensie bemagtig word om sterker te wees na die egskeiding.

Uit bostaande kan dus afgelei word dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders 'n behoefte het aan hulp om emosioneel veerkragtig te word ten einde die talle terugslae te oorkom wat hulle reeds deurgemaak het of dié wat nog voorlê. Die kind se emosionele veerkragtigheid kan dus 'n belangrike rol speel om te bepaal of sulke gebeurtenisse hom gaan vernietig of versterk.

1.2 MOTIVERING EN BEGRONDING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP

As maatskaplike werker het die navorser in die praktyk bewus daarvan geraak dat daar 'n verandering in die benadering behoort te kom om kinders te hanteer wat trauma ervaar. Selfs kinders wat nie aan trauma blootgestel is nie ervaar 'n toenemende mate van druk weens die eise wat aan hulle gestel word. Dit gee aanleiding tot 'n toename in geestesongesteldheid, mediese, gedrags- en akademiese probleme (Brooks & Goldstein, 2002:6; Humphreys, 2002:149).

Daar is dus besef dat daar eerder gefokus moet word op die proses om die kind voor te berei om toekomstige uitdagings met selfvertroue, doelgerigtheid en sorgsaamheid aan te pak. Dit beteken die ontwikkeling en bevordering van hul emosionele veerkragtigheid. Laasgenoemde sluit vermoëns in om realistiese planne te maak en stappe te neem om dit uit te voer, 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue, vaardighede in kommunikasie en probleemoplossing en die kapasiteit om sterk gevoelens en

impulse te bestuur.

As gekyk word na faktore wat met emosionele veerkragtigheid geassosieer word, blyk dit duidelik waarom hierdie vermoëns juis by egskeidingsgetraumatiseerde kinders bevorder behoort te word. Volgens Grych en Fincham (1997:183-184) het die klem in die verlede geval op die stres wat egskeiding veroorsaak eerder as op faktore wat kinders kan help om suksesvol aan te pas. Zimmerman en Thayer (2003:96) bevestig laasgenoemde en beklemtoon dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders gehelp moet word om stres te hanteer en effektief te bestuur sodat dit nie hul lewens regeer nie. Hulle behoort egter ook gehelp te word om nie hulleself te sien as slagoffers van egskeiding wat permanent daardeur benadeel is nie, maar eerder aktief begelei te word tot die besef dat hulle kan terugbonds na teenspoed.

Die navorser stem saam met bogenoemde skrywers dat 'n klemverskuiwing tydens hulpverlening moet plaasvind deur eerder op die ontwikkeling van emosionele veerkragtigheid as op die patologie te fokus. Daardeur kan egskeidingsgetraumatiseerde kinders begelei word om nie net te herstel nie maar ook vervulde lewens te lei. Alhoewel kinders verskil in hul vermoëns om na trauma terug te bons kan hierdie vermoëns egter ontwikkel en bevorder word (De Klerk & Le Roux, 2003:81; Hartley-Bruwer, 2004: 221-222, 278).

In hierdie studie is spesifiek gefokus op die kind in die middelkinderjare, aangesien die navorser oortuig daarvan is dat hierdie 'n kritieke tydperk is in die vorming van die kind se selfbeeld en selfwaarde. Hierdie siening word bevestig deur Hartley-Bruwer (2004:13-14) wat dit soos volg stel: "But if we make the most of the pre-teen years, enabling our tweenie to enter adolescence with clear identity and a strong sense of self, he is more likely to withstand the ravages of teenage angst or the pull of the peer group."

Tydens navorsing kon geen riglyne opgespoor word oor die bevordering van die egskeidingsgetraumatiseerde kind se emosionele veerkragtigheid, spesifiek tydens speltherapie en vanuit die Gestaltbenadering nie. Daar kan dus 'n bydrae gemaak word deur Gestaltspeltherapie te benut om kinders te help om weer as geïntegreerde geheel te funksioneer en so balans te verkry. Die kind word dan nie slegs toegerus

om sy huidige situasie te hanteer nie, maar ook toegerus met vaardighede om teenspoed te hanteer op sy pad na en tydens volwassenheid.

1.3 FORMULERING VAN NAVORSINGSPROBLEEM

Volgens Fouché (2002b:272) word die keuse van 'n navorsingsprobleem bepaal deur die doel van die studie, die navorsingsvraag, vaardighede van die navorser en die beskikbare hulpbronne. Die meeste navorsingsprobleme spruit volgens Fouché (2002c:96) uit persoonlike ervaring. Dit lei tot ondersoek wat daarop gemik is om 'n onmiddellike probleem die hoof te bied en word geregverdig op grond van die bydrae wat dit tot praktykverbetering kan lewer.

Die navorser kon geen riglyn opspoor wat daarop gemik is om egskeidingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid tydens die Gestaltspelterapeutiese proses te bevorder nie. Die gebrek aan 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute om emosionele veerkragtigheid by die egskeidingsgetraumatiseerde kind in sy middelkinderjare te bevorder is dus as navorsingsprobleem geïdentifiseer. Deur bogenoemde probleem aan te pak kon die navorser dus 'n bydrae tot die praktyk lewer.

1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

In die lig van die navorsingsprobleem is die doel en die doelwitte vir die studie geformuleer. Volgens Blaikie (2000:23) help die doel van die studie om die omvang van die studie te definieer. Dit dui ook saam met die navorsingsvraag die rigting van die studie aan. Fouché (2002a:107-108) weer, beskou die doel van die studie as 'n "droom" en die doelwitte as die stappe wat geneem moet word om binne 'n gegewe tydperk die "droom" te bereik.

Die doel met hierdie studie was om 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saam te stel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

Doelwitstelling impliseer die metodes wat gekies is om bogenoemde doel te bereik. Die volgende doelwitte het uit bogenoemde doel voortgevloei, naamlik:

- Eerstens, om met behulp van 'n literatuurstudie die volgende drie sentrale temas te verken en te beskryf:
 - Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare met spesifieke aandag aan die rouproses en impak wat egskeiding op die kind het;
 - die wyse waarop hulp aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind verleen kan word deur middel van Gestaltspelterapie; en
 - emosionele veerkragtigheid met spesifieke fokus op die kind in die middelkinderjare deur die ontwikkelingstake te beklemtoon. Verder die verkenning en beskrywing van die wyses waarop volwassenes emosionele veerkragtigheid kan bevorder, die rol wat Gestaltspelterapie in die bevordering van emosionele veerkragtigheid kan speel, asook die waarde wat dit vir die egskeidingsgetraumatiseerde kind kan hê.
- Tweedens, om op grond van die literatuurstudie, soos uiteengesit in doelwit een, 'n program saam te stel wat tydens die Gestaltspelterapeutiese proses benut kan word.
- Derdens, om inligting in te samel deur waarneming van vier gevallestudies in die Gestaltspelterapeutiese proses waartydens bogenoemde saamgestelde program benut word. Tydens waarneming en intervensie sal inligting ingesamel word ten opsigte van die deelnemers se belewing van die egskeiding, asook die rol wat die bevordering van emosionele veerkragtigheid kan speel tydens die herstelproses en suksesvolle aanpassing daarna.
- Vierdens, om deur middel van twee vraelyste wat vooraf getoets is die emosionele veerkragtigheid van die deelnemers te kontroleer nadat intervensie afgehandel is. Die vraelyste word voltooi deur die ouers, onderwysers, die navorser en die navorsingsdeelnemers.
- Vyfdens, om aan die hand van 'n vraag verdere inligting by die ouers in te win oor die gedrag van die deelnemers na voltooiing van die Gestaltspelterapeutiese proses.
- Sisdens, om met behulp van die inligting wat op bogenoemde wyses bekom is 'n geskrewe spelterapeutiese riglyn vanuit die Gestaltbenadering saam te stel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

1.5 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Die doel van die navorsingsvraag is om die aard en omvang van die studie te omskryf, en volgens Blaikie (2000:62, 84) vorm dit die basis van die navorsing. Blaikie (2000:23, 60-61) groepeer navorsingsvrae in drie kategorië, naamlik “wat”-, “hoekom”- en “hoe”-vrae. Dit is volgens bogenoemde skrywer belangrik om tussen die drie vrae te onderskei, aangesien hulle verwant is aan die onderskeie navorsingsdoelwitte. “Wat”-vrae vereis beskrywende antwoorde, “hoekom”-vrae vereis verduidelikings, en “hoe”-vrae is gemoeid met intervensie om verandering teweeg te bring.

Die navorsingsvraag vir hierdie studie geformuleer is die volgende: Hoe kan die egskedingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare Gestaltspelterapeuties begelei word om sy emosionele veerkragtigheid te bevorder en die skadelike gevolge weens die egskeding te bowe te kom?

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Terwyl dit noodsaaklik is dat die navorser die navorsingsmetode volledig beskryf, behoort daar volgens Strydom (2002c:255) ook daarteen gewaak te word dat die navorser in tegniese besonderhede vasval. Die skrywer beklemtoon nogtans die noodsaaklikheid om die navorsingsvraag, navorsingsontwerp, deelnemers, steekproef-plan, data-insamelingsmetodes en meetinstrumente volledig te beskryf. In hierdie studie is die verskillende aspekte in die lig van bogenoemde beskryf.

1.6.1 Soort navorsing

Die doelwitte van sosiale navorsing word volgens Neuman (2006:33) gebaseer op wat die navorser wil bereik. Dit kan wees om 'n nuwe onderwerp te verken, 'n sosiale verskynsel te beskryf of om te verklaar waarom iets plaasvind. Die tipe navorsing wat gebruik kan word om bogenoemde doelwitte te bereik is basiese en toegepaste navorsing (Blaikie, 2000:72). Volgens Neuman (2006:24) is die doel van basiese navorsing om fundamentele kennis oor hoe die wêreld werk in te win en teoretiese verklarings te gee. Basiese navorsing soek dus antwoorde op vrae. Toegepaste navorsing weer, is volgens Neuman (2006:25-26) ontwerp om praktiese oplossings

vir konkrete probleme te vind. Die doel is dus om probleme in die praktyk aan te pak en te probeer oplos.

Die doel en doelwitte van hierdie navorsing maak dit duidelik dat toegepaste navorsing met 'n beskrywende en verkennende aard benut is. Aangesien daar geen riglyne bestaan het waarvolgens egskedingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid verhoog kon word nie, is die behoefte geïdentifiseer om hierdie onderwerp te verken. Dit is gedoen deur die egskedingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare te ondersoek en te beskryf, asook die benutting van Gestaltspelterapie met hierdie kinders en die verskynsel van emosionele veerkragtigheid, waarna 'n riglyn vir die bevordering van laasgenoemde saamgestel is.

1.6.2 Navorsingsbenadering

Volgens Fouché (2002b:271) is daar twee erkende benaderings tot navorsing, naamlik die kwalitatiewe en die kwantitatiewe benadering. Hierdie twee benaderings verskil volgens Fouché (2002b:271-272) en Zaaiman (2003:12-13) op die volgende wyses van mekaar:

- Die kwantitatiewe benadering is verbind tot die positivistiese tradisie waarvolgens sosiale navorsing dieselfde metodologie as die natuurwetenskappe behoort te volg. Die doel is om die voorkoms van sosiale werklikhede te verklaar. Dit gee voorkeur aan die deduktiewe proses wat volgens Zaaiman (2003:50) beteken dat die teorie eers ontwikkel en dan getoets word.
- Die kwalitatiewe benadering weer, is verbind tot die fenomenologiese tradisie wat ten doel het om voorsiening te maak vir die betekenis wat mense aan hulle alledaagse lewe gee deur dit te verstaan en te interpreteer. Daar word nie gepoog om sosiale verskynsels te verklaar nie, maar om hulle te beskryf. Hierdie tradisie en benadering gee voorkeur aan die induktiewe proses wat volgens Zaaiman (2003:50) beteken dat die teorie uit die waarnemings ontwikkel.

Die benadering tot hierdie studie is primer kwalitatief van aard. Daar is egter ook 'n ondergeskikte kwantitatiewe komponent aangesien die betroubaarheid van die waarnemings verhoog is deur middel van inligting wat op kwantitatiewe wyse ingesamel is. Tydens hierdie studie is data dus op sowel kwalitatiewe as

kwantitatiewe wyse versamel soos vervolgens ten opsigte van die navorsingsontwerp en die wyse van data-insameling bespreek sal word.

1.6.3 Navorsingsontwerp

Navorsing word op 'n navorsingsontwerp gegrond. Dit is die plan en struktuur wat tydens die ondersoek gebruik gaan word om getuienis te bekom ten einde die navorsingsvraag of -vrae te beantwoord. Volgens Fouché (2002b:272) bepaal die ontwerp in kwantitatiewe navorsing die navorser se keuses en aksies. In kwalitatiewe navorsing word die ontwerp en strategie egter deur die navorser se keuses en aksies bepaal.

In die kwalitatiewe benadering is daar verskillende navorsingsontwerpe wat gebruik kan word, naamlik etnografiese studies, lewensgeskiedenis en gevallestudies (Fouché, 2002b:271; Zaaiman, 2003:49). Tydens hierdie navorsing is die gevallestudie as ontwerp vir die kwalitatiewe studie benut. Fouché (2002b:276) sien die gevallestudie as die waarneming van 'n proses, aktiwiteit, program, gebeurtenis of individu binne 'n spesifieke tydperk. Wanneer daar verskeie gevalle by die navorsing betrokke is, beskou Fouché (2002b:276) dit as 'n kollektiewe gevallestudie.

Hierdie navorsing het gebruik gemaak van 'n kollektiewe gevallestudie waartydens vier deelnemers betrek is. Inligting is tydens die gevallestudie hoofsaaklik op 'n kwalitatiewe wyse versamel deur waarneming van die gevallestudies. Verdere kwalitatiewe inligting is versamel deur voltooiing van 'n enkele vraag deur die ouers tydens 'n semigestruktureerde onderhoud. Meer gedetailleerde inligting is kwantitatief versamel deur middel van geslote vraelyste wat deur die ouers, onderwysers, navorser en navorsingsdeelnemers voltooi is.

1.7 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

1.7.1 Data-insamelingsmetodes

Die verkenning en beskrywing van die gevallestudie vind plaas deur verskillende inligtingsbronne te gebruik om data in te samel (Fouché, 2002:275). Die doel van die studie lei die navorser om die mees effektiewe tegnieke te vind om inligting in te

samel (Greeff, 2002:291). Tydens hierdie navorsing het triangulering plaasgevind. Triangulering vind plaas wanneer die navorser verskillende metodes gebruik om data te versamel met die doel om die betroubaarheid van die waarneming te verhoog (Mouton & Marais in De Vos, 2002a:365). Daar bestaan egter volgens Neuman (2006:149) verskeie tipes triangulering naamlik triangulering van metodes, meting, waarneming, en teorie.

Hierdie studie het gebruik gemaak van triangulering van metodes, waarneming en meting om data in te samel met die doel om die betroubaarheid van die waarneming te verhoog. Inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie, waarneming van gevallestudies, semigestruktureerde onderhoude en vraelyste met geslote vrae. Hierdie komponente word vervolgens meer volledig bespreek.

1.7.1.1 Literatuurstudie

Volgens Fouché en Delport (2002c:268) kan teorie 'n studie op verklarende wyse lei voordat data ingesamel word. Tydens hierdie navorsing is daar vooraf 'n in-diepte literatuurstudie gedoen. Die drie sentrale temas wat verken en beskryf is, was die volgende:

- Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare met spesifieke aandag aan die rouproses en die impak wat egskeiding op die kind het;
- die wyse waarop hulp aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind verleen kan word deur middel van Gestaltspelterapie, waartydens die teoretiese perspektief van die Gestaltbenadering gegee is; en
- emosionele veerkragtigheid, waar daar spesifiek op die kind in die middelkinderjare gefokus is deur die ontwikkelingstake in hierdie fase te beklemtoon. Verder is die wyses waarop volwassenes veerkragtigheid kan bevorder, die rol wat Gestaltspelterapie kan speel, asook die waarde wat dit vir die egskeidingsgetraumatiseerde kind kan hê, verken en beskryf.

1.7.1.2 Gevallestudies

Volgens Babbie (2007:298) is 'n gevallestudie die in-diepte waarneming van 'n enkele geval of sosiale verskynsel soos 'n gesin of 'n bende. Fouché (2002b:276) beskou gevallestudie as die waarneming van 'n proses, aktiwiteit, program, gebeurtenis of

individue binne 'n spesifieke tydperk, en waar verskeie gevalle betrokke is as 'n kollektiewe gevallestudie.

Hierdie studie was dus 'n kollektiewe gevallestudie. Vier deelnemers is volgens doelgerigte steekproefneming uit die teikenpopulasie geselekteer (1.9.2 verwys). Tydens die gevallestudie is die respondente waargeneem terwyl hulle 'n voorafopgestelde spelterapeutiese program met agt temas deurloop het. Die program is aangebied vanaf Mei tot September 2007 en was gerig op die egskedings-trauma en die verhoging van die deelnemers se emosionele veerkragtigheid. Hierdie gevallestudie het dus waarneming sowel as intervensie ingesluit.

1.7.1.3 Onderhoude

Tydens kwalitatiewe studies kan van ongestruktureerde en semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak word om inligting in te samel (Greeff, 2002:298). In hierdie navorsing is daar gedurende die gevallestudie van ongestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Greeff (2002:298) verwys daarna as 'n in-diepte onderhoud met 'n doel. Dit is gefokus en laat die navorser en deelnemer toe om 'n aangeleentheid te ondersoek. Dit word gebruik om die deelnemer se persepsies, menings, feite en moontlike oplossings vas te stel. Greeff (2000:299) beklemtoon dat die navorser 'n balans tussen buigzaamheid en konsekwentheid moet verkry en kan handhaaf.

In hierdie navorsing was die doel van die in-diepte onderhoud met die gevallestudie om die deelnemers se ervarings, persepsies, menings en moontlike oplossings waar te neem tydens die verloop van die Gestaltspelterapeutiese proses. Buigzaamheid was 'n belangrike faktor, aangesien die deelnemers se proses en voorgrondbehoefte, in ooreenstemming met die Gestaltbenadering, voortdurend in aanmerking geneem is. Daar is ook van semigestruktureerde onderhoude met die ouers van die navorsingsdeelnemers gebruik gemaak. Die ouers moes 'n enkele vraag voltooi.

1.7.1.4 Voltooiing van vraelyste

In hierdie studie is meervoudige metings geneem deur gebruik te maak van die volgende twee voorafopgestelde vraelyste (Bylae C en D verwys):

- 'n Kontrolelys met geslote vrae wat deur die *International Resilience Project* opgestel en getoets is. Dit is deur ouers, onderwysers en die navorser voltooi om persepsies van veerkragtigheid by die kinders vas te stel; en
- 'n vraelys met geslote vrae wat deur Greeff (2005a:29) opgestel en getoets is, waartydens kinders in die middelkinderjare hul eie veerkragtigheid evalueer. Greeff (2005a:29) gebruik hierdie vraelys in haar program vir veerkragtigheid waar kinders persoonlike vaardighede aanleer om effektief te kan leer.

Die vraelyste is in die teenwoordigheid van die navorser aan die respondente oorhandig om te voltooi. Die navorser was dus beskikbaar indien die respondente probleme sou ervaar.

Alhoewel die vraelyste vooraf opgestel en getoets is, is dit deur die navorser tot geslote vraelyste aangepas. Behalwe dat dit ontleding vergemaklik, hou geslote vraelyste volgens (Delport, 2002:179-182) ook die volgende voordele in:

- Vrae wat volgens 'n skaal beantwoord word, is nuttig wanneer inligting oor nie-eksakte en meer subjektiewe aspekte verkry moet word;
- die gereeldheid, graad en omvang van 'n verskynsel kan betekenisvol gemeet word deurdat geslote vrae en response makliker vergelyk kan word; en
- respondente kan die betekenis van die vrae beter verstaan.

Die geslote vrae is deur respondente op 'n skaal beantwoord. Volgens Blaikie (2000:243) is 'n belangrike kenmerk van die gebruik van kwantitatiewe metodes die feit dat dit gestruktureerd is. Deur die gebruik van geslote vraelyste het die navorser maksimum kontrole en eenvormigheid ten opsigte van die data-insameling verseker.

1.7.2 Data-analise

Data-analise word deur De Vos (2002b:339) beskou as die proses waardeur struktuur, orde en betekenis gegee word aan die data wat ingewin is. Die proses van kwalitatiewe data-analising het tydens hierdie navorsing plaasgevind in ooreenstemming met Creswell se spirale model soos beskryf word in De Vos (2002b:340). Die proses het die volgende stappe ingesluit:

- **Versameling en aantekening van die data**

Volgens De Vos (2002b:340-341) moet data op so 'n wyse aangeteken word dat dit sistematies, maklik toeganklik en analiseerbaar is. Dit is volgens die skrywer 'n tweeledige proses. Eerstens vind analising reeds plaas op die toneel waar die

insameling geskied en tweedens vind analisering plaas weg van die toneel in die periode net na die insameling van inligting. In hierdie studie het die eerste deel van die proses plaasgevind waar die deelnemers tydens die ongestruktureerde onderhoud waargeneem is. Die tweede deel het plaasgevind deurdat veldnotas met empiriese waarnemings en interpretasies onmiddellik na afloop van die onderhoud gemaak is soos aanbeveel deur Greeff (2002:304) en Babbie (2007:309-310). Veldnotas is volgens laasgenoemde skrywers geskrewe weergawes van dit wat die navorser gehoor, gesien, ervaar en gedink het oor die verloop van die onderhoud.

- **Bestuur van data**

Dit is die proses waartydens die data georganiseer en gelyasseer word. Volgens De Vos (2002b:243) is die enigste vereiste dat die metode wat die navorser volg hom in staat moet stel om die data maklik te kan organiseer, op te spoor en te interpreteer. Tydens hierdie studie is inligting op die rekenaar gestoor en georganiseer wat die navorser in staat gestel het om bogenoemde vereistes na te kom.

- **Lees en maak van aantekeninge**

Die proses van verkenning begin volgens De Vos (2002b:343) deurdat veldnotas herhaaldelik gelees, aantekeninge gemaak en die inligting geredigeer word. Dit beteken dat data voortdurend geanaliseer word en 'n geheelbeeld verkry word. Hierdie proses is deurlopend tydens die navorsing gevolg.

- **Beskrywing, klassifisering en interpretering**

Tydens hierdie fase vind kategorisering plaas. Dit behels volgens De Vos (2002b:354) en Neuman (2006:460) dat sekere temas, idees, patrone of oortuigings geïdentifiseer word. Inligting tydens die gevallestudies verkry is opgesom, onder temas gerangskik en georganiseer sodat sekere patrone geïdentifiseer kon word met die doel om die verband tussen die kategorieë raak te sien. Die data is op verskeie maniere ondersoek, sodat die navorser die verband tussen verskillende aspekte van die navorsingsdeelnemers se onderskeie situasies, oortuigings en optrede kon peil.

- **Verteenwoordiging en visualisering**

Volgens De Vos (2002b:344-355) word kwalitatiewe data tydens hierdie fase van die proses in teks en in tabelvorm aangebied. Dit het ook tydens hierdie studie plaasgevind. Die kwalitatiewe navorsing se resultate was hoofsaaklik beskrywend van aard. Slegs 'n verteenwoordigende gedeelte van die vernaamste patrone wat na vore gekom het is beskryf.

Volgens Blaikie (2000:243) begin die analisering van die kwantitatiewe data eers na die insameling van inligting. Kwantitatiewe data uit die vraelyste verkry, is deur die

navorser self verwerk. Visuele voorstellings is gedoen deurdat kwantitatiewe data deur middel van grafieke aangebied is.

1.7.3 Geldigheid en betroubaarheid van die studie

Geldigheid verwys na die mate waartoe die waarneming die werklike betekenis van die betrokke konsep meet (Babbie & Mouton in Zaaiman, 2003:30). Geldigheid dui dus op die mate waarin 'n toets meet wat dit veronderstel is om te meet. Volgens Babbie en Mouton (in Zaaiman, 2003:30) verwys betroubaarheid na die mate waartoe 'n metingstegniek vir dieselfde objek telkens dieselfde resultaat oplewer. Die metingstegniek behoort dus deurgaans dieselfde resultate vir dieselfde objek te lewer.

Hierdie navorsing word om die volgende redes as geldig en betroubaar beskou:

Eerstens het die meetinstrumente (vraelyste) gemeet wat dit veronderstel was om te meet, naamlik die veerkragtigheid van die respondente. Dit het deurgaans dieselfde resultate gelewer. Die vraelyste is vooraf reeds deur ander navorsers getoets.

Tweedens het triangulering van meting, waarneming en metodes plaasgevind. Dit het die betroubaarheid van die studie weens die volgende redes verhoog:

- Tydens triangulering van meting word die kans groter dat alle aspekte raakgesien sal word wanneer meervoudige metings van dieselfde verskynsel geneem word (De Vos, 2002b:341; Neuman, 2006:149). Meervoudige metings is deur middel van die vraelyste geneem wat deur die navorsingsdeelnemers, ouers, onderwysers en die navorser voltooi is;
- triangulering van waarneming maak volgens De Vos (2002b:342) die prentjie meer volledig omdat dit ander perspektiewe en agtergronde byvoeg. Tydens hierdie studie het triangulering van waarneming geskied aangesien deelnemers deur sowel die navorser as die ouers en onderwysers waargeneem is; en
- triangulering van metode verhoog die betroubaarheid van die studie, aangesien die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings die navorsing meer volledig maak (De Vos, 2002b:342). Kwalitatiewe data is deur middel van waarneming van gevallestudies en 'n vraag aan die ouers van die deelnemers ingewin, en kwantitatiewe data deur middel van vraelyste.

1.8 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

1.8.1 Literatuurstudie

Literatuurstudie het 'n integrale deel van die navorsingsprojek gevorm. Die hoofdoel was om die nodige agtergrond te bekom ten einde die navorsingsprojek in die regte konteks te plaas. Dit gee 'n aanduiding van vorige navorsing en hoe die huidige navorsing daaraan gekoppel is (Blaikie 2000:71). Tydens hierdie navorsing is daar in die literatuurstudie van sowel historiese as meer resente bronne gebruik gemaak. Alhoewel die bronne vanuit 'n navorsingsperspektief as histories beskou kan word, is die inligting steeds waardevol en is dit deur resente navorsing bevestig.

Afhangend van die tipe ontwerp kan 'n literatuurstudie in sosiale navorsing voor óf na die data-insameling plaasvind (Fouché & Delpont, 2002c:269). Teorie kan 'n studie op verklarende wyse lei voordat data ingesamel word. Dit kan egter ook aan die einde van die studie gebruik word as 'n wyse om na data-insameling veralgemenings of vergelykings te maak. Tydens hierdie navorsing is van 'n literatuurstudie voor data-insameling gebruik gemaak ten einde 'n program saam te stel wat in die Gestaltspelterapeutiese proses gebruik kon word. Na data-insameling is literatuur weer in die ontleding van die data aangewend vir die begroning van bevindinge.

Fouché en Delpont (2002a:129-130) beveel aan dat daar tydens die literatuurstudie gebruik gemaak word van 'n basiese bron oor 'n spesifieke tema wat as "padkaart" gebruik kan word om die studie te lei. Een van die basiese bronne wat vir hierdie studie gebruik is, was 'n gids wat saamgestel is deur die Bernard Van Leer Stigting. Hierdie gids is gegrond op intensiewe navorsing wat deur Edith Grotberg van die *International Resilience Project* gedoen is. Die bronne van veerkragtigheid met behulp waarvan ouers en versorgers emosionele veerkragtigheid kan bevorder, is dus reeds in vorige navorsing geïdentifiseer. Bogenoemde navorsing is as basis gebruik in die samestelling van die speltherapeutiese riglyne vir die bevordering van emosionele veerkragtigheid by die egskeidingsgetraumatiseerde kind.

Verdere bronne wat benut is, het gehandel oor egskeiding, die kind in die middelkinderjare, trauma, emosionele veerkragtigheid en Gestaltspelterapie. Bronne vanuit

die studieverde van maatskaplike werk, sielkunde en opvoedkunde is geraadpleeg. Addisionele data oor bogenoemde temas is op die volgende wyses verkry:

- Literatuursoektogte is onderneem met behulp van verskeie indekse soos *Oasis* en *Nexus*;
- 'n databasis-soektog is by die Unisa biblioteek onderneem na artikels in vaktydskrifte en boeke op die gebied van maatskaplike werk, sielkunde en opvoedkunde;
- die gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelings van Suid-Afrikaanse Universiteite (GKPV) is geraadpleeg; en
- ook die internet is as databasis geraadpleeg.

Uit die literatuurstudie kon egter geen riglyne opgespoor word waarvolgens egskedingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid tydens Gestaltspelterapie verhoog kan word nie.

1.8.2 Voorondersoek

Die literatuurstudie het ook as 'n voorondersoek gedien. Dit is benut vir die opstel van 'n program wat as hulpmiddel gebruik is in die waarneming van die gevallestudies tydens die spelterapeutiese proses. Die program is vir goedkeuring aan die studieleier voorgelê. Geen verdere voorondersoek het plaasgevind nie, aangesien die vraelyste wat gebruik is reeds vooraf getoets is (1.7.1.4 verwys).

1.8.3 Konsultasie met kundiges

Die navorser het kundiges en kollegas vanuit verskillende diensvelde gekonsulteer. Hulle was mev. Van Heerden, 'n maatskaplike werker in Richardsbaai en mev. Bach, 'n kliniese sielkundige in privaatpraktyk in Klerksdorp. Die kundiges was van mening dat egskeding kinders wel nadelig affekteer en dat hulpverlening aan die grootste persentasie kinders noodsaaklik is ten einde die skadelike effekte van egskeding teen te werk.

Mev. Van Heerden, met 27 jaar praktykervaring, word dikwels om hulp genader deur kliënte wie se huidige funksionering en suksesvolle aanpassing negatief beïnvloed word deur onvoltooidhede wat uit hul ouers se egskeding spruit. Volgens mev. Bach ervaar sy dat selfs na hulpverlening aan egskedingsgetraumatiseerde

kinders hulle dikwels daarna verdere hulp benodig. Dit gebeur gewoonlik wanneer hulle 'n nuwe ontwikkelingsfase bereik of wanneer hulle teenspoed ervaar.

1.9 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN DIE WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

1.9.1 Universum en populasie

Strydom (2002b:209) verwys na die term universum as alle potensiële individue wat oor die kenmerke of vereistes beskik waarin die navorser geïnteresseerd is. Die universum vir hierdie studie was alle kinders in hul middelkinderjare waarvan die ouers geskei is en wat woonagtig is in die uThungulu-distrik in die noordelike streek van KwaZulu-Natal.

Populasie verwys volgens Strydom en Venter (2002:198) na individue in die universum wat oor spesifieke karaktertrekke of 'n stel entiteite beskik wat verteenwoordigend is van dit waarin die navorser geïnteresseerd is. Die populasie vir hierdie studie was kinders in die ouderdomsgroep agt tot twaalf jaar, wie se ouers geskei is en wat nog nie voorheen terapie ontvang het nie. Hulle moes ingeskrewe leerlinge wees van die Laerskool Heuwelland in Empangeni.

1.9.2 Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Die doel van steekproefneming in sosiale navorsing is volgens Mouton (in Zaaiman 2003:34) om 'n verantwoordelike keuse van die bevolkingselemente te maak. Vir hierdie studie het die navorser van 'n nie-waarskynlikheidseleksie gebruik gemaak, naamlik doelgerigte steekproefneming. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:11) sien doelgerigte steekproefneming as die proses waarvolgens die steekproef só gekies word dat dit verteenwoordigend is van die relevante populasie. Die navorser bepaal dus die kriteria waaraan die steekproef moet voldoen. Vir hierdie navorsing het die navorser die volgende kriteria bepaal waaraan die steekproef moes voldoen:

- Die kinders moes in Empangeni in die uThungulu-distrik woonagtig wees en ingeskrewe leerlinge van die Laerskool Heuwelland;

- deelnemers kon van enige geslag wees tussen die ouderdomme agt en twaalf jaar;
- dit moes kinders van geskeide ouers wees wat nog nie voorheen terapie ontvang het nie. Na bekendstelling van die projek by die betrokke skool het ouers en onderwysers die kinders geïdentifiseer wat volgens hulle mening gedragsprobleme openbaar en terapie benodig het; en
- die leerlinge moes bereid wees om speltherapie by die navorser te ontvang gedurende die tydperk Mei tot September 2007. Almal wat aangemeld en aan die kriteria voldoen het, is by die navorsing betrek. Vier deelnemers, twee seuns en twee dogters, het die steekproef gevorm.

1.10 ETIESE MAATREËLS

Navorsingsetiek lê riglyne neer wat die navorser in gedagte moet hou om nie die deelnemers tydens navorsing te na te kom nie. Dit word deur Strydom (2002a:75) beskou as 'n stel aanvaarde morele beginsels wat reëls daarstel vir die mees aanvaarbare gedrag teenoor respondente en ander navorsers. As geregistreerde maatskaplike werker beskou die navorser die etiese kode van die Suid-Afrikaanse Raad van Maatskaplike en Diensberoep as bindend. 'n Kopie van die gedragskode is by die betrokke Raad in Pretoria beskikbaar. Deelnemers en hul ouers is dus dienooreenkomstig hanteer. Etiese aspekte waaraan aandag gegee is, was die volgende:

- Geskrewe ingeligte toestemming is van deelnemers en hul ouers verkry. Dit beteken volgens Babbie (2007:64) dat die deelnemers hul vrywillige deelname baseer op volle begrip van die moontlike risiko's wat betrokke is. (Bylae A & B);
- tydens hierdie navorsing was deelname vrywillig. Die deelnemers is daarvan bewus gemaak dat dit hulle vry staan om hulle te eniger tyd van die navorsing te onttrek. Volgens Strydom (2002a:65) moet deelnemers wetlik en sielkundig bevoeg wees om instemming te verleen en daarvan bewus wees dat hulle vry is om hulle te eniger tyd van die navorsing te onttrek. Geen misleiding van deelnemers het dus plaasgevind om betroubare inligting te bekom nie;
- privaatheid van die deelnemers is beskerm. Dit beteken volgens Babbie (2007:65) dat die navorser 'n deelnemer se respons kan identifiseer, maar onderneem om dit nie te openbaar nie. Streng vertroulikheid is ten opsigte van die deelnemers

en hul ouers gehandhaaf. Deelnemers se anonimiteit is beskerm deur simbole en syfers te gebruik;

- die intervensie het plaasgevind in ooreenstemming met die streng etiese kodes en professionele gedragsreëls soos voorgeskryf deur die betrokke professionele vereniging. Dit was dus nie skadelik vir die deelnemers of hul ouers nie, soos met etiese navorsing vereis word (Babbie, 2007:63);
- na afhandeling van die navorsing is 'n terugvoersessie met die ouers en deelnemers afsonderlik geskeduleer sodat ontloning kon plaasvind en hulle terugvoering oor die navorsing kon ontvang. Ontloning word deur Babbie (2007:67) beskryf as onderhoude met die deelnemers om probleme op te spoor wat tydens navorsing ontstaan het. Geen probleme is opgespoor nie; en
- ontleding en verslagdoening het op etiese wyse geskied. Dit word vereis omdat die navorser volgens Babbie (2007:68-69) 'n etiese verpligting teenoor die wetenskaplike gemeenskap het om resultate akkuraat en volledig weer te gee.

1.11 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE

Konseptualisering is die proses waar duidelike, nougesette en sistematiese definisies vir idees en konsepte ontwikkel word (Neuman, 2007:182). Dit is 'n belangrike proses in navorsing omdat die aanvaarbaarheid van die hele metingsproses en die verslaggewing afhang van hoe oortuigend die konseptualisering geskied het (Zaaiman, 2003:22). Helderheid oor die eenheid van ontleding moet dus verkry word, met ander woorde, dit wat tydens die insameling van inligting waargeneem word. Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende begrippe gedefinieer, naamlik: riglyn, speltherapie, middelkinderjare, egskeidingsgetraumatiseerde kind en emosionele veerkragtigheid.

1.11.1 Riglyn

Die *Essential English Dictionary* (1988:348) beskryf 'n riglyn as raad oor hoe om iets te doen terwyl die *Concise Oxford Dictionary* (1990:525) 'n riglyn definieer as 'n beginsel of kriterium wat 'n aksie lei of bestuur. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word 'n riglyn dus beskou as advies hoe om 'n sekere aksie te bestuur, in hierdie geval advies aan spelterapeute hoe om egskeidingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid te bevorder.

1.11.2 Gestaltspeltherapie

Volgens O' Connor (2000:6-7) het die *International Association for Play Therapy* 'n definisie vir speltherapie ontwikkel wat inklusief is vir 'n verskeidenheid definisies van spel en wat 'n wye verskeidenheid teoretiese oriëntasies verteenwoordig. Daarvolgens is speltherapie die stelselmatige gebruik van 'n teoretiese model om 'n interpersoonlike proses te vestig waarbinne gekwalifiseerde spelterapeute die terapeutiese invloed van spel gebruik om kliënte te help om psigososiale probleme te voorkom of op te los en maksimale groei en ontwikkeling te bereik.

Die teoretiese model waarvolgens riglyne vir speltherapie vir die doeleindes van hierdie navorsing opgestel is, was speltherapie vanuit die Gestaltbenadering, dit wil sê Gestaltspeltherapie. Volgens Blom (2004:5) is Gestaltspeltherapie 'n psigoterapeutiese tegniek wat die beginsels en tegnieke van Gestalttherapie gebruik gedurende speltherapie met die kind. Deur die ontwikkeling van 'n terapeutiese verhouding en kontak volgens 'n spesifieke proses word kinders die geleentheid gegee om hul sin vir self op verbale en nie-verbale wyse te versterk, hul gedagtes uit te spreek en hulleself te vertroetel. Verskeie tegnieke en vorme van spel word gedurende verskillende fases gebruik.

Gestaltspeltherapie word dus deur die navorser gesien as die stelselmatige gebruik van die Gestaltteoretiese model om 'n interpersoonlike proses te vestig waarbinne die gekwalifiseerde spelterapeut die terapeutiese invloed van spel, deur die benutting van verskeie tegnieke en vorme van spel gedurende verskillende fases, kan gebruik om kinders te help om psigososiale probleme te voorkom, op te los en maksimale groei en ontwikkeling te bereik.

1.11.3 Egskeidingsgetraumatiseerde kind

Daar word eers afsonderlik na die begrippe van egskeiding, trauma en die kind gekyk voordat die egskeidingsgetraumatiseerde kind omskryf word.

- **Egskeiding**

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:12) omskryf egskeiding as die ontbinding van die huwelik deur 'n geregtelike bevel. Van Staden (1989:5) gee 'n meer omvattende omskrywing van egskeiding en beskryf dit soos volg: "Egskeiding is

'n traumatiese, kritieke, spanningsvolle proses wat die wetlike beëindiging van 'n huwelik deur 'n hofbesluit en die vernietiging van die huweliksverhouding impliseer en 'n verandering van die gesinstruktuur en -funksionering, die kommunikasie en ondersteunende netwerk, asook 'n verandering van die aanpassing, funksionering en interaksies van die gesinslede meebring.”

Egskeiding kan dus gesien word as 'n onherstelbaar verbrokkelde huwelik se wettige ontbinding deur 'n geregtelike bevel, met gevolglike verandering van die gesinstruktuur en die gesinslede se algemene funksionering.

- **Trauma**

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:65) omskryf trauma as: “Skok of onaangename ervaring wat die fisiese en/of psigiese funksionering van 'n persoon tydelik of blywend aantast.” Volgens Retief (2004:17-18) het 'n persoon 'n trauma beleef indien hy blootgestel was aan gebeure wat te make het óf met sy lewensomstandighede óf sy lewensfase en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringsmeganismes lamgelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word, naamlik:

- Daar is 'n element van gelatenheid;
- daar is 'n amper onomkeerbare verandering in 'n basiese lewensiening; en
- daar is 'n ernstige oorbelading van die mens se normale hanteringsmeganismes.

Vir die doeleindes van hierdie studie word trauma gesien as 'n gebeurtenis of situasie waar die individu se waargenome vermoë om die situasie te hanteer oorweldig word. Die individu voel dus emosioneel, kognitief en fisies so oorweldig dat dit sy algemene funksionering negatief beïnvloed.

- **Kind**

Die *Essential English Dictionary* (1988:125) sien die kind as 'n menslike wese wat nog nie 'n volwassene is nie.

- **Egskeidingsgetraumatiseerde kind**

Met inagneming van bogenoemde omskrywings word die egskedingsgetraumatiseerde kind in hierdie studie gesien as die jong, onvolwasse menslike wese wie se normale hanteringsmeganismes oorweldig is weens die egskediding van sy ouers. Die egskediding het tot gevolg dat die gesinstruktuur verander wat die gesinslede se algemene funksionering negatief beïnvloed.

1.11.4 Middelkinderjare

Louw, Schoeman, Van Ede & Wait (1990:325) beskryf die middelkinderjare as die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjaar. Shure (2000:8-9) sien die kind met 'n ouderdom van tussen agt en twaalf jaar as 'n kind in die pre-adolesente fase. Dit is die fase tussen die vroeë kinderjare en die adolessente fase. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die middelkinderjare gesien as die pre-adolesente fase, dus die fase tussen die vroeë kinderjare en adolessensie wanneer die kind tussen die ouderdom van agt en twaalf jaar is.

1.11.5 Emosionele veerkragtigheid

Volgens Siebert (2005:5) sluit veerkragtigheid sekere vermoëns in wat suksesvolle aanpassings bevorder, soos die vermoë om:

- Hoë vlakke van ontwrigtende veranderings suksesvol te hanteer;
- onder voortdurende druk goeie gesondheid en energie te bly behou;
- maklik terug te bons na terugslae en teenspoed te oorkom;
- om veranderings aan te bring wanneer nie met bestaande wyses van hantering voortgegaan kan word nie; en
- om al bogenoemde te kan doen sonder disfunksionele of skadelike optrede.

Greeff (2005:181) se definisie sluit aan by die van Siebert (2005:5) en beskou emosionele veerkragtigheid as die suksesvolle aanpassing tydens gevaar, teenspoed en die lewe in die algemeen om 'n gelukkige en vervulde lewe te lei.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word emosionele veerkragtigheid gesien as die vermoë om tydens ontwrigting, teenspoed of trauma die nodige aanpassings te maak ten einde dit effektief te hanteer, te oorkom en terug te bons, terwyl fisiese en emosionele gesondheid behou word om 'n gelukkige en vervulde lewe te lei.

1.12 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag is soos volg ingedeel:

- Hoofstuk 1 dien as algemene inleiding tot die studie. Daarin word die motivering vir die studie, navorsingsprobleem, doel en doelwitte en die

navorsingsvraag uiteengesit. Die navorsingsmetodologie is ook beskryf.

- Hoofstuk 2 beskryf die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare. Aandag word gegee aan die rouproses, die impak van egskeiding op die kind in die algemeen en spesifiek op die kind in die middelkinderjare.
- Hoofstuk 3 beskryf hulpverlening aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind deur middel van Gestaltspeltherapie. Die doel van Gestaltspeltherapie, die terapeutiese proses en die verskillende vorme van spel word bespreek. Verder word die psigologiese take waardeur die kind moet werk, asook verdere faktore wat tydens die proses van hulpverlening aandag behoort te ontvang bespreek.
- Hoofstuk 4 beskryf emosionele veerkragtigheid. Die kind in die middelkinderjare se ontwikkelingstake kry besondere aandag, asook die maniere waarop volwassenes veerkragtigheid by kinders kan bevorder, die rol wat Gestaltspeltherapie in die bevordering van veerkragtigheid kan speel, en die rol van emosionele veerkragtigheid in die herstelproses van die egskeidingsgetraumatiseerde kind.
- Hoofstuk 5 fokus op die empiriese gegewens en die verwerking daarvan. By wyse van die integrering van navorsingsbevindinge word 'n riglyn saamgestel waarvolgens Gestaltspelterapeute die emosionele veerkragtigheid van egskeidingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare kan bevorder.
- Na aanleiding van die literatuurstudie en empiriese ondersoek word die gevolgtrekkings, aanbevelings en moontlike tekortkominge van die studie in Hoofstuk 6 bespreek.

1.13 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gedien as algemene inleiding tot die navorsingstudie. Die motivering vir die studie, die navorsingsprobleem, doel en navorsingsvraag word daarin uiteengesit. Die navorsingsmetodologie word beskryf en 'n uiteensetting gegee van die navorsingsproses wat gevolg is. Die navorser het 'n kwalitatiewe studie onderneem met 'n ondergeskikte kwantitatiewe komponent. Triangulering het plaasgevind deurdat inligting ingesamel is deur middel van 'n literatuurstudie, waarneming van vier gevallestudies, semigestruktureerde onderhoude en vraelyste.

Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare word vervolgens in hoofstuk 2 verken en beskryf.

HOOFSTUK 2

DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND IN DIE MIDDELKINDER- JARE

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die kind wat getraumatiseer is deur die egskeiding van sy ouers. Trauma met die gepaardgaande verliese, die rouproses en die impak van egskeiding op die kind word beskryf. Die aandag word toegespits op die kind in die middelkinderjare vanaf die ouderdom agt tot twaalf jaar. Kruisverwysings word deurlopend binne die onderskeie hoofstukke gemaak ten einde die inligting geïntegreerd aan te bied.

2.2. DIE ROUPROSES VAN DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND

2.2.1 Inleiding

Egskeiding is vir die meeste ouers en kinders 'n traumatiese ervaring wat beduidende veranderings in hul lewens veroorsaak. (Vergelyk Van Staden, 1987:5; Bradley & Beveridge, 2004:7; Marta, 2004:33.) Die impak van egskeiding op ouers en kinders se lewens word soos volg deur Emery (2004:35) beskryf: "But there are some experiences, and divorce is surely one, we can never get over completely."

Die veranderings en stres wat egskeiding vir ouers en kinders meebring, kan volgens Grych en Fincham (1997:165) tot lank na die egskeiding hul lewens beduidend affekteer. Naegle (1992:88) stem hiermee saam en verduidelik dat die aanpassing na die egskeiding 'n proses is waar die balans weer herstel moet word nadat wanbalans veroorsaak is. Hierdie tydperk kan wissel tussen twee en agt jaar.

Trauma sluit altyd een of ander vorm van verlies in (Retief, 2004:27). Skrywers soos Van der Merwe (1996d:184) en Marta (2004:33) bevestig dat dit ook die geval is met die egskeidingsgetraumatiseerde kind. Verlies word deur Blom (2004:215) beskryf as 'n toestand waar die kind iemand of iets verloor het wat tot sy nadeel strek omdat die

persoon of iets wat die kind verloor het in die normale funksionering van die kind 'n belangrike rol gespeel het.

Betekenisvolle begeleiding deur die rouproses vereis erkenning van die verlies wat die kind ervaar. Die term "rou" verwys na die emosionele proses wat op verlies volg en sluit al die emosies in wat beleef en die aanpassings wat gemaak moet word. (Vergelyk Van der Merwe, 1996d:187; Woo & Wong, 2003:9; Marta, 2004:62.) Soos in die rouproses na die dood van 'n geliefde is daar duidelik identifiseerbare fases waardeur kinders gaan wie se ouers geskei het. Hierdie fases is normaal en kan nie vermy word nie. Volgens Wright (2004:119) het kinders nodig om deur al die fases te beweeg ten einde die negatiewe effekte van die egskeiding te minimaliseer en positiewe groei mee te bring.

Die meeste deskundiges (vergelyk Johnson, 2004:304; O' Connor, 2004:110-121; Retief, 2004:139) beskryf die rouproses in vyf fases. Hierdie fases is ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Terwyl Marta (2004:63) hiermee saamstem voeg sy nog vyf fases by omdat sy van mening is dat bogenoemde nie die kind se rouproses voldoende beskryf nie. Dit sluit in skuldgevoelens, vrees, isolasie, verlange en verwarring. Vervolgens word aan die onderskeie fases van die rouproses aandag gegee.

2.2.2 Die fases van die rouproses.

Verskeie skrywers (vergelyk Lewis, 1999:168; Woo & Wong, 2003:13; Marta, 2004:63) beklemtoon dat die fases in die rouproses nie noodwendig in 'n bepaalde orde verloop of dat daar 'n geskikte tyd is om te rou nie. Elke kind se tydperk verskil. Soms mag dit nodig wees dat die kind herhaaldelik deur die verskillende fases van die rouproses gaan wanneer hy aanbeweeg na die volgende ontwikkelingsfase. Uiteindelik behoort elke fase egter erken en deurgewerk te word.

Wanneer kinders rou, druk hulle dit gewoonlik uit deur hul gedrag, emosies, gedagtes en deur fisiese reaksies (Woo & Wong, 2003:24). Kennis van die verskeie simptome en kenmerke van die rouproses is tydens hulpverlening noodsaaklik en daarom word dit volledig uiteengesit. Vir die doeleindes van hierdie studie word die tien fases van die rouproses afsonderlik verken en beskryf.

2.2.2.1 Ontkenning

Aanvanklik is die skok so groot dat die kind die nuus nie kan inneem nie. Ontkenning is die wyse waarop die kind homself beskerm teen oorweldigende pynlike gevoelens wat hy nog nie gereed is om te hanteer nie. (Vergelyk Lewis, 1999:154; Woo & Wong, 2003:13; Johnson, 2004:303; Retief, 2004:139.) Volgens Van Staden (1987:199) is daar dikwels ontkenning by kinders wanneer hulle nie op die egskeiding voorbereid was nie. Tekens van ontkenning kan volgens Marta (2004:64-65) die volgende wees:

- Emosionele en fisiese probleme - die kind kan 'n gevoel van doodsheid ervaar;
- fantasie oor gesprekke met die geliefde wat afwesig is; en
- die indruk kan geskep word dat die kind nie regtig deur die gebeurtenis geaffekteer is nie deurdat hy byvoorbeeld kan gaan speel en by tye gelukkig lyk.

2.2.2.2 Onderhandeling

Volgens Retief (2004:139) is daar dikwels 'n periode van onderhandeling met God na trauma. Kinders sal enigiets doen om dinge weer reg te maak (Woo & Wong, 2003:14; Marta, 2004:68). Volgens Johnson (2004:303) is onderhandeling 'n desperate poging om beheer te verkry. Tekens van onderhandeling kan volgens Marta (2004:68) die volgende wees:

- Die kind hoop om die ouers weer bymekaar uit te bring deur beloftes van baie goeie gedrag; en
- die kind gebruik uitdrukkings soos "wat as" of "as ek maar net".

2.2.2.3 Skuld

Verskeie skrywers (vergelyk Van der Merwe, 1996d:188; McWhorter Sember, 2005:16; Whiteman, 2007:28,33) stem saam dat kinders wat deur egskeiding gaan 'n sekere mate van verantwoordelikheid vir hul ouers se egskeiding aanvaar en hulleself blameer. Vanuit kinders se perspektief het alles wat hulle doen 'n impak op die persone rondom hulle (Whiteman, 2007:28). Volgens Marta (2004:69) skep kinders hul eie prentjies oor die redes vir die egskeiding indien ouers nie eerlik was omtrent hul probleme nie, en dit kan dikwels meer skrikwekkend wees as die waarheid. Kinders behoort dus voortdurend daaraan herinner te word dat wat gebeur het nie hulle skuld is nie (McWhorter Sember, 2005:16). Tekens van skuldgevoelens kan volgens Marta (2004:69) die volgende wees:

- Die kind verbaliseer spyt soos "ek wens ek het";

- die kind se selfbeeld neem dramatiese af omdat skuldgevoelens die kind se selfbeeld negatief beïnvloed;
- die kind is aggressief en vyandig; en
- die kind neem gewoonlik die skuld vir alles en enigiets wat gebeur op homself of blameer ander daarvoor - beide reaksies is 'n poging om homself vry te spreek.

2.2.2.4 Vrees

Kinders wat deur die egskeiding van hul ouers getraumatiseer is, ervaar vrees omdat hul bron van sekuriteit naamlik die gesin, verbrokkel het. (Vergelyk Van Staden, 1987:198; Wright, 2004:119; McWhorter Sember, 2005:17-20.) Volgens Marta (2004:70) het volwassenes baie vorige ervarings om op te steun terwyl kinders dikwels gebeure vir die eerste keer beleef. Nuwe situasies wat die egskeiding meebring, veroorsaak vrees en senuagtigheid. Angs en vrese word ook dikwels deur emosionele verwaarlosing veroorsaak. Gedurende tye van krisis is dit algemeen dat selfs die mees toegewyde ouers nie hul kinders se emosionele behoeftes waarneem nie. Die kinders kan selfs fisies verwaarloos word. Marta (2004:74) sien die volgende as tekens van vrees:

- Die kind is voortdurend bekommerd oor siekte en dood. Hy kan 'n obsessie kry oor kos en wil altyd weet of daar genoeg is en hoe om dit voor te berei;
- die kind kan angstig raak wanneer familie of vriende argumenteer;
- die kind wil voortdurend huis toe skakel wanneer hy nie tuis is nie; en
- die kind klou aan 'n ouer of versorger vas of hy raak weer baie geheg aan byvoorbeeld 'n teddiebeer of komborsie waarvoor hy vroeër baie lief was.

2.2.2.5 Woede

Verskeie skrywers stem saam dat woede 'n normale reaksie op verlies is en 'n integrale deel van die rouproses. (Vergelyk Lewis, 1999:156; Woo & Wong, 2003:13-14; Emery, 2004:32; Wright, 2004:119.) Hierdie sterk emosies kom gewoonlik na vore wanneer die realiteit van die verlies ingesink het. Hulle begin besef dat ontkenning en onderhandeling nie die situasie gaan verander nie. Die kind word kwaad omdat hy geen beheer oor die situasie het nie en mag sy woede op versorgers of God projekteer. Volgens Marta (2004:75) sal woede wat nie herken, erken en gekanaliseer word nie, al hoe meer intens en onhanteerbaar raak. Sy noem die volgende as tekens van woede:

- Die kind is omgekrap omdat hy dink hy het die egskeiding veroorsaak of hy blameer God wat die verlies toegelaat het. Hy kan ook kwaad wees vir die ouer wat uitgetrek of gebly het;
- die kind blameer dikwels onderwysers dat hulle onregverdig is en kan selfs klasmaats verkwalik vir hul normale gesinne;
- woede kan uitgedruk word deur geïrriteerdheid, 'n negatiewe lewensbeskouing, onttrekking en weerstand teen byvoorbeeld die skool of enige take. Ander manifestasies wat mag voorkom, is fisiese reaksies soos asma, vomering, maagpyn of slaaploosheid (Wright, 2004:119); en
- woede kan volgens Wright (2004:120) later in wrewel en verwerping verander. Die kind probeer afstand skep tussen hom en die ouer as 'n wyse om homself te beskerm. Deur die ouer eerste te verwerp probeer die kind homself teen verwerping beskerm. Stilstuipe of voortdurende kritiek op die ouer is ander maniere om homself teen verwerping te beskerm.

2.2.2.6 Verlange

Volgens Marta (2004:77) verlang en mis kinders voortdurend die persoon wat in hul lewens afwesig is. Tekens van verlange kan wees dat die kind voortdurend hunker na die afwesige ouer en vrae oor die ouer vra. Hy kan ook voorwerpe hou wat hy met die afwesige ouer assosieer.

2.2.2.7 Isolاسie

Volgens Marta (2004:76) glo volwassenes dikwels dat stilswe die kind sal help om die trauma te bowe te kom. Daar sak dan dikwels 'n oorweldigende stilte oor die gesin neer na 'n ernstige verlies soos egskeiding. Die kind word ook soms voorgesê om stilswe oor die afwesige persoon te handhaaf. Marta (2004:76) sien die volgende as faktore wat tot isolاسie bydra:

- Die inwonende ouer het meer verantwoordelikhede en minder tyd om aandag aan die kind te gee. Ouers probeer ook doelbewus die kinders beskerm deur hulle nie by besprekings en besluite van die gesin te betrek nie; en
- kinders onttrek hulleself. Hulle probeer die veranderings in hul persoonlike en gesinslewe vermy wat deur die verlies van die egskeiding veroorsaak is.

Wanneer kinders gedwing word om alleen te rou, word heling 'n oorweldigende taak. Volgens Worden (1996:17) benodig die kind wat rou die voortdurende hulp van 'n

volwassene wat hom kan help om sy gevoelens uit te druk. Marta (2004:76) sien die volgende as tekens van isolasie:

- Die kind bly in sy kamer en vermy interaksie met die res van die gesin;
- die kind onttrek van skoolaktiwiteite, sport of vriende;
- die kind spandeer al sy tyd aan rekenaarspeletjies of op die internet, of hy kyk voortdurend televisie of luister na musiek; en
- die kind skep vir hom denkbeeldige maats.

2.2.2.8 Verwarring

Volgens O'Connor (2004:118-119) raak kinders verward wanneer hulle beperkte inligting van volwassenes ontvang en hul eie afleidings oor hul omstandighede moet maak. Kinders wat verlies ervaar, word egter ook dikwels gekonfronteer met oorweldigende veranderings in hul lewens, wat hulle dikwels laat wonder wat nog verder gaan verander. Hulle kan verward voel oor 'n veranderde roetine en nuwe rolle in die gesinstruktuur. Daar is veral verwarring wanneer die kind tussen twee huishoudings leef en sy skoolwerk, besittings en vriende tussen twee verskillende plekke moet wissel (Bradley & Beveridge, 2004:67-77; Marta, 2004:79). Tekens van verwarring is volgens Marta (2004:80) die volgende:

- Die kind se kamer, skoolwerk en skoolprojekte is slordig en deurmekaar; en
- die kind is vergeetagtig oor byvoorbeeld afsprake met maats en wedstryde.

2.2.2.9 Depressie

Verskeie skrywers stem saam (vergelyk Woo & Wong, 2003:14; Retief, 2004:139; Wright, 2004:119) dat depressie gewoonlik 'n aanduiding is dat die realiteit tot die kind deurgedring het. Dit word vir die kind duidelik dat onderhandeling nie werk nie en hy verval dan maklik in gevoelens van hopeloosheid, oorweldigende hartseer, alleenheid en depressie. Erkenning van die verlies is 'n goeie teken solank die kind in staat is om vorentoe te beweeg. Soms kan die kind verlies in soveel areas beleef dat hy verward raak en oorweldig voel. Soos kinders volwasse word, kan bepaalde gebeure opnuut hierdie gevoelens by hulle wakker maak. Verskillende skrywers (vergelyk Lewis, 1999:176; Marta, 2004:85; McWhorter Sember, 2005:14) sien die volgende as moontlike tekens van depressie:

- 'n Totale afwesigheid van emosies óf emosionele uitbarstings kan voorkom;
- aanhoudende hartseer, tranerigheid of geïrriteerdheid. Die kind kan byvoorbeeld sê dat sy hart donker voel. Daar kan 'n verlies aan lewensgenot wees;

- beduidende veranderings in die kind se eetlus en liggaamsgewig;
- sosiale isolasie deurdat die kind hom onttrek van sy aktiwiteite en vriende;
- die kind kan aangetrokke voel tot hartseer en morbiede televisieprogramme, stories, boeke, films en klere wat 'n donker kleur het;
- gedagtes oor selfmoord, of die kind praat van selfmoord; en
- hiperaktiwiteit of toename in spraak kan voorkom. Daar kan ook 'n afname wees in motoriese of verbale funksionering en sy vermoë tot konsentrasie.

2.2.2.10 Aanvaarding

Verskeie skrywers bevestig dat die rouproses dikwels jare neem om te voltooi. (Vergelyk Grych & Fincham, 1997:165; Marta, 2004:85; McWhorter Sember, 2005:22.) Dit sal egter slegs suksesvol wees indien die kind deur al die fases van die rouproses beweeg het. Volgens Marta (2004:85-86) beteken aanvaarding ook nie dat die kind voel dat alles wat gebeur het reg is nie. Dit beteken wel dat die kind dit wat gebeur het erken, en dat hy in staat is om die verlies in sy daaglikse lewe te assimileer. Aanvaarding is die tydperk van heling wat plaasvind nadat hy met die pyn van die verlies gehandel het. Lewis (1999:168) en Marta (2004:86) sien die volgende as sommige tekens van aanvaarding:

- Die kind pas aan by die nuwe roetines;
- die kind is gewillig om vir die toekoms te beplan; en
- die kind praat nugter en ongeërg oor die verlies en kan selfs aanbied om uit te reik na ander kinders om hulle te help om soortgelyke situasies te hanteer.

Herkenning van die simptome wat tydens die verskillende fases van die rouproses ervaar word, is noodsaaklik tydens assessering. Effektiewe hulpverlening vereis ook kennis van die normale en unieke reaksies van kinders se rouproses. Laasgenoemde word vervolgens bespreek.

2.2.3. Unieke kenmerke van kinders se rouproses.

Volgens Wright (2004:66) is kinders se rouproses uniek en het dit die volgende kenmerke:

- Dit is onvoorspelbaar wanneer die kind gaan rou en dit kan enige tyd gebeur;
- dit kind skuif treur makliker opsy om sy aandag aan iets anders te gee;
- die kind treur in kort intense periodes;

- kinders stel dit dikwels uit om te treur;
- weens hul beperkte verbale vermoëns druk kinders dikwels hul emosies deur hul gedrag uit; en
- kinders rou dikwels dwarsdeur hul kinderlewe en soms tot in volwassenheid.

Rou word volgens Woo en Wong (2003:10) en Wright (2004:95) problematies wanneer die emosies, gedagtes en gevoelens nie ervaar en uitgespreek word nie. Die kind word as't ware gevries in tyd. Die rouproses word dus nie deurloop nie en die natuurlike vloei van gevoelens word verhoed. Wanneer die kind vassteek in die rouproses noem Wright (2004:57&73) dit gekompliseerde rou. Dit is altyd belangrik om vas te stel watter faktore meebring dat 'n kind se vermoë om te rou geïnhibeer word.

2.2.4 Normale teenoor problematiese reaksies op verlies

Tydens assessering is kennis nodig van die verskil tussen normale en problematiese reaksies op verlies. Problematiese gedragspatrone tydens die rouproses is nie beperk tot spesifieke ouderdomsgroepe nie. Dit verg onmiddellike aandag en moet nie slegs as 'n fase beskou word nie (Marta, 2004:55-56). In die onderstaande tabel word 'n vergelyking getref tussen normale en problematiese reaksies op verlies tydens die rouproses (Marta, 2004:56; Wright, 2004:95):

Tabel 2.a: Normale en gekompliseerde rou

| Normale rou | Gekompliseerde rou |
|--|---|
| Verminderde vermoë om te funksioneer. Apatie. | Isolasie, onttrekking, depressie. |
| Verlies aan eetlus. | Verandering in eetgewoontes. Eetversteuring. |
| Slaap rusteloos. | Slaaploosheid of wil aanmekaar slaap. Weier om alleen te slaap. Nagmerries. |
| Die kind regresseer en kan begin bed natmaak of naels kou. | Die kind regresseer en raak emosioneel en fisies oorafhanklik van die ouer. Die kind weier om enigiets sonder die ouer te doen. |
| Fisiese reaksies soos maagpyn of hoofpyn. | Psigosomatiese siektes. Geneig tot ongelukke. |
| Skok. | Totale ontkenning van die verlies. |
| Afname in skoolprestasie. | Bly weg van skool of word geskors weens gedragsprobleme. |

| | |
|---|---|
| Ontkenning wat later oorgaan in aanvaarding van die dood of egskeiding. | Ontkenning wat bly voortduur. Weiering om die dood of egskeiding te aanvaar. |
| Geïrriteerd en omgekrap. | Aggressief. Gewelddadige optrede. |
| Vrees, skuldgevoelens en woede. | Vrees, skuldgevoelens en woede wat onbepaald aanhou en die kind se normale funksionering ondermyn. |
| Persoonlikheid verander tydelik. | Persoonlikheid verander dramaties. Die kind was byvoorbeeld voorheen 'n ekstrovert, maar word geslote en onttrek hom. |

2.3 DIE IMPAK VAN EGSKEIDING OP DIE KIND IN DIE ALGEMEEN

2.3.1 Faktore wat 'n rol speel in die uitkoms van egskeiding

Volgens Louw, *et al.* (1990:372) aanvaar psigoloë oor die algemeen dat feitlik alle kinders negatief deur egskeiding beïnvloed word. Tog bevestig verskeie skrywers (vergelyk Van Staden, 1989:119-120; Van der Merwe, 1996d:188; Whiteman, 2007:113-117) dat die uitkoms van egskeiding nie altyd net negatief is nie. Die kind se reaksie op die egskeiding word deur verskeie faktore bepaal. Dit kan een of meer van die volgende wees:

- Die mate van vyandigheid wat die egskeiding voorafgaan. Volgens Craig (in Louw, *et al.*, 1990:373) veroorsaak intense vyandigheid tussen die ouers dat beide ouers en kinders na die egskeiding moeiliker aanpas;
- die ouderdom van die kind wanneer die egskeiding plaasvind. Navorsers het volgens Whiteman (2007:114) oortuigend aangetoon dat die kind se persoonlikheid grotendeels voor die ouderdom van ses jaar gevorm word. Die kans is dus groter dat egskeiding die kind se persoonlikheid kan beïnvloed as ouers skei voordat hy ses jaar oud is;
- die impak van egskeiding neem toe wanneer ander stresvolle veranderings soos verhuising, nuwe skool, maats en stiefouers bykom. Ouers behoort dus volgens Whiteman (2007:114) die aantal veranderings sover moontlik te beperk;
- alhoewel beide ouers 'n sleutelrol in die kind se uiteindelijke aanpassing speel, dui navorsing daarop dat een van die belangrikste faktore die inwonende ouer se emosionele gesondheid is (Whiteman, 2007:115). Dit sluit in dat die ouer 'n gesindheid van versoening teenoor die ander ouer sal hê en altyd die kind se belange voorop sal stel;

- die kind se verhouding met die nie-inwonende ouer. Whiteman (2007:117) en Louw, *et al.* (1990:372) stem saam dat een van die primêre redes vir die negatiewe uitwerking van egskeiding die verlies aan kontak met een van die ouers is. Voortdurende konsekwente kontak met die nie-inwonende ouer lei tot goeie aanpassing van die kinders. Die uitsondering is egter waar die ouer onbekwaam is of die kind mishandel of misbruik;
- ander spesifieke traumas waaraan die kind saam met die egskeiding blootgestel is byvoorbeeld fisiese mishandeling, seksuele misbruik of enige ander geestesongesteldheid of afwykende gedrag binne die gesin (Whiteman, 2007:116);
- ekonomiese sekuriteit of die gebrek daaraan na die egskeiding (Louw, *et al.*, 1990:372); en
- eenstemmigheid tussen ouers, al dan nie, oor die opvoeding en dissiplinerings van die kinders na die egskeiding (Louw, *et al.*, 1990:372).

Al bogenoemde faktore speel dus 'n belangrike rol in die uitkoms van egskeiding vir die kind. Vervolgens word aandag gegee aan die verlies wat kinders ervaar weens die egskeiding.

2.3.2 Impak as verlies wat die kind ervaar

Volgens navorsing deur Robinson, Butler, Scanlan, Douglas & Smith (2003:82) het die meeste kinders (79.9%) besef dat die egskeiding veranderings in hulle lewens sou meebring. Die kinders het die veranderings as verlies ervaar. Sodanige verlies mag konkreet en onmiddellik wees, byvoorbeeld die verlies van 'n huis, finansiële verlies en die verlies van die gesinseenheid. Ander verliese mag minder voelbaar wees, byvoorbeeld die verlies van die gevoel van eiewaarde, sekuriteit, vertroue, stabiliteit en toekomsverwagting (Van Wyk in Maartens, 2006:129-130). Die uitwerking van verlies op die kind is pynlik en traumaties en die enigste verskil is geleë in die graad daarvan (Van Staden, 1987:187; Marta, 2004:35). Betekenisvolle begeleiding deur die rouproses vereis herkenning van die verlies. Die volgende vorme van verlies het 'n beduidende impak op die kinders se lewe:

- **Verlies van vertroue en geloof**

Van Staden (1987:188) en Hart (1996:134) stem daarvoor saam dat dit vir die kind voel of hy deur sy ouers bedrieg en in die steek gelaat is. Dit kan hul toekomstige

vertrouensverhoudings negatief beïnvloed. Volgens Hart (1996:134) kan verlies van vertroue in die ouers daartoe aanleiding gee dat die kind ook vertroue in God verloor.

- **Verlies van sekuriteit**

Egskeiding ontwig die gesin en veroorsaak dat gevoelens van verlies aan sekuriteit ontstaan. Die grondslag vir die vorming van 'n kind se selfbeeld word dus ondermyn (Hart, 1996:121).

- **Die verlies van die ouerlike eenheid**

Ten spyte van konflik vorm die gesin volgens Van Staden (1987:189) 'n eenheid waar elke verhouding bydra tot kontrole en sekuriteit. Volgens Hart (1996:134) het die ideale huis met beide ouers 'n betekenisvolle simboliese waarde vir die kind. Dit is sy ideaal en die lewenstyl wat hy verkies.

- **Die verlies van beide ouers soos hulle was voor die egskeding**

Ouers sowel as kinders verkeer na die egskeding in 'n proses van verandering. Egskeiding word deur Moxnes (2003:90) beskryf as 'n individualiseringsproses vir sowel volwassenes as kinders. Kinders wat voor die egskeding beskou is as behorende by hul ouers in een huis en in 'n kerngesin, word na die egskeding individue met hulle eie wetlike en ekonomiese regte. Volgens Moxnes (2003:90-91) moet kinders na 'n egskeding nuwe verhoudings met hul ouers en sibbe ontwikkel en 'n nuwe plek in hul onderskeie ouers se huishoudings vind. Vir kinders is dit veral stresvol om 'n nuwe "ouer" ('n stiefouer) te kry. Dit word vir die kinders 'n persoonlike probleem en werk skadelik in op die verhouding tussen die ouer en kind wanneer die nuwe lewensmaat en stiefsibbe groter prioriteit geniet (Moxnes: 2003:98). Volgens Robinson, *et al.* (2003:78) veroorsaak egskeding ook struikelblokke in kommunikasie tussen ouers en kinders. Ouers is dikwels onseker oor wat hulle vir die kinders moet sê en kinders is dikwels onwillig om die ouers uit te vra. Beide partye wil dus mekaar se gevoelens spaar.

- **Verlies van ondersteunende verhoudings in die gemeenskap soos dit voor die egskeding was**

Verandering van woonplek vind dikwels na die egskeding plaas. Dit bring verskeie verliese mee, soos maats, skool, huis, bure en ander (Van Staden, 1987:191-192; Naegle, 1992:86). Volgens Moxnes (2003:95) is weinig ouers kinders in die proses van inskakeling behulpsaam weens 'n gebrek aan tyd. Neuman (1996:150) verklaar dat kinders wie se ouers geskei is veral kwesbaar mag wees in hul behoefte om "te behoort". Dit mag hulle meer vatbaar maak vir groepsdruk en om betrokke te raak by dwelms, seks, winkeldiefstal, rook of om goedsmoeds van die skool af weg te bly.

- **Verlies van sy kinderjare**

Na die egskeiding word kinders dikwels opgesaal met volwasse verantwoordelikhede soos die huishouding en die versorging van jonger kinders in die gesin. Dit beteken dat hulle nie meer tyd het om werklik nog kinders te wees nie (Marta, 2004:82). Wanneer die kind na die egskeiding verantwoordelikhede moet aanvaar waarvoor hy te jonk is, lei dit volgens Van der Merwe (1996d:188) tot hipervolwassenheid. Oor 'n kort tydperk is dit normaal. Wanneer dit egter onbeperk aanhou, mag dit die kind se ontwikkeling negatief beïnvloed.

- **Die kind verloor 'n sin van wie hy is**

Volgens Van Staden (1987:192) en Marta (2004:83) word 'n kind se identiteit aan sy gesin gekoppel. Voor die egskeiding is die kind bewus van sy ouers se eienskappe, maar na die egskeiding verander beide ouers wat veroorsaak dat die kind nie meer vryelik met hulle kan identifiseer nie. Verwarring mag ook plaasvind wanneer die moeder hertrou of haar van na haar nooiensvan verander.

- **Verlies van inkomste**

Volgens verskeie skrywers (vergelyk Naegle, 1992:86; Hart, 1996:134; Moxnes, 2003:100) beteken egskeiding dikwels 'n verlaging in die kind se lewenstandaard. Dit bedreig kinders se welstand en veroorsaak stres. Dit het 'n negatiewe invloed op verhoudings binne die gesin en die kind se sosiale verhoudings en selfbeeld.

- **Verlies van sibbe en die uitgebreide gesin**

Wanneer kinders tussen die ouers verdeel word, beteken dit die verlies van 'n broer of suster (Hart, 1996:133). Weens die egskeiding kan kinders ook kontak verloor met ander familie soos hul grootouers, nefies en niggies met wie hulle hegte verhoudings gehad het.

- **Verlies van familiebyeenkomste en herdenkings**

Volgens Naegle (1992:86) en Marta (2004:83) is daar dikwels verlies van byeenkomste of vierings soos verjaardae of Kersfees. Pyn en verwarring kan ontstaan wanneer die kind onseker is by watter ouer hy geleenthede moet vier.

Alhoewel die meeste navorsing die verlies en negatiewe effekte van egskeiding beklemtoon, is daar tog skrywers wat daarop wys dat egskeiding nie altyd net 'n negatiewe effek op kinders het nie (Luttig in Maartens, 2006:122; Whiteman, 2007:125-129). Dit is belangrik dat die positiewe uitkoms van egskeiding ook voorgehou word omdat dit vir al die betrokkenes hoop kan bring.

2.3.3 Positiewe uitkoms van egskeiding

Faktore wat kan bydra tot 'n positiewe uitkoms van egskeiding is onder andere die kind se persoonlike karaktertrekke, selfbeeld, emosionele veerkragtigheid en sy ondersteuningstrukture. (Vergelyk Gately & Schwebel in Thompson & Rudolph, 1996:418-419; Grynych & Fincham, 1997:171; Whiteman, 2007:131.) Die positiewe gevolge op die kind kan een of meer van die volgende wees:

- Kinders wat na die egskeiding die ondersteuning van beide ouers geniet en 'n rol van "stabiliseerder" speel, mag dalk later in ander lewensituasies besonder ondersteunend en verantwoordelik teenoor ander persone optree (Luttig in Maartens, 2006:122);
- hierdie kinders is dikwels meer volwasse en verantwoordelik as ander kinders van hul portuurgroep (Whiteman, 2007:127);
- hulle is meer empaties en sensitief vir ander kinders en hul behoeftes omdat hulle daaraan gewoond is om oor familie besorgd te wees (Gately & Schwebel in Thompson & Rudolph, 1996: 418; Whiteman, 2007:127);
- hulle kan lewenservaring in die regte perspektief plaas omdat hulle alles vergelyk met die egskeiding en van mening is dat niks erger as dit kan wees nie (Whiteman, 2007:129);
- hulle is dikwels baie gemotiveerd om in hul eie huwelik en gesin suksesvol te wees (Whiteman, 2007:130);
- hulle het dikwels 'n verbeterde selfbeeld omdat hulle hul veranderde lewensomstandighede effektief kon hanteer (Gately & Schwebel in Thompson & Rudolph, 1996:418); en
- die hantering van die trauma van egskeiding kan aanleiding gee tot insig in menslike emosies, persoonlike groei en vaardighede in probleemoplossing (Van der Merwe, 1996d:188).

2.4. EGSKEIDING EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

2.4.1 Impak van egskeiding op die kind in die middelkinderjare

Volgens Lewis (1999:30) is kinders in hierdie ontwikkelingsfase baie sensitief vir volwassenes se reaksies. Hulle onderdruk dikwels hul eie gevoelens om hul versorgers te beskerm. Hulle het volgens Lewis (1999:153) ook 'n groot behoefte om

dieselfde te wees as hul portuurgroep en voel dikwels van die res van hul portuurgroep uitgesluit wanneer die ouers skei. Die geestelike ontwikkeling van die kind kan juis in hierdie fase skade ly omdat teleurstelling, ontnugtering en verwerping van die ouers se geestelike waardes kan plaasvind (Hart, 1996:21).

Kinders in hierdie ouderdomsgroep kies dikwels kant of blameer een van die ouers of homself vir die egskeiding. Alhoewel pre-adolessente volgens Neuman (1996:144-145) 'n toenemende begrip het van verhoudings, oorskry hulle begrip gewoonlik hul emosionele vermoëns om dit wat hulle ervaar te hanteer. Hulle het die neiging om een ouer te verwerp en die ander een aan te hang. Dit is net nog 'n manier om 'n mate van beheer te verkry. Aangesien kinders in hierdie ouderomsgroep dikwels hulleself blameer, is dit volgens McWhorter Sember (2005:117) noodsaaklik dat aan die kind verduidelik word dat hy geen skuld het aan die egskeiding nie. Hy moet ook tot die besef gebring word dat daar twee partye in 'n huwelik is en dat beide partye 'n aandeel aan die egskeiding gehad het.

Hierdie kinders het dikwels onrealitiese verwagtings dat versoening binne die gesin sal plaasvind (Hart, 1996:21, 25; Luttig in Maartens, 2006:124). Daarom probeer hulle hard om perfek te wees in die hoop dat dit weer die ouers sal versoen (McWhorter Sember, 2005:117).

Volgens Neuman (1996:143) en Hart (1996:21) reageer die nege- tot twaalfjarige ouderdomsgroep dikwels met woede op die ouers se egskeiding. Gevoelens van hartseer en vrees is ook teenwoordig, maar hulle verkies gewoonlik om hulleself deur middel van woede uit te druk omdat dit hulle 'n gevoel van beheer gee.

2.4.2 Simptome wat spesifiek by die kind in die middelkinderjare voorkom

Die effek van egskeidingstrauma is in sommige opsigte dieselfde op alle kinders. Verskille in die kind se belewing en hantering van egskeidingsverliese kom egter in verskillende ouderdomsgroepe voor (McWhorter Sember, 2005:12). Verskillende skrywers (vergelyk Lewis, 1999:30; Woo & Wong, 2003:27; Wright, 2004:127-128) het die volgende simptome geïdentifiseer as reaksie op die egskeidingstrauma wat by die kind in die middelkinderjare kan voorkom:

- Die kind kan sosiaal onttrek. Hy mag belangstelling verloor in aktiwiteite of vriendskappe waarin hy voorheen geïnteresseerd was;
- probleme kan by die skool voorkom vanweë 'n afname in skoolprestasie en konsentrasie. Die kind kan vergeetagtig raak of 'n swak geheue ontwikkel. Ontwrigtende gedrag en probleme met vriendskappe kan ook voorkom;
- slaapversteurings soos nagmerries, 'n onwilligheid om in sy eie kamer te slaap, probleme om aan die slaap te raak of aan die slaap te bly kan voorkom;
- eetversteurings kan voorkom deurdat die kind te min of te veel begin eet;
- psigosomatiese simptome soos maagpyn sonder duidelike mediese oorsake kan voorkom;
- die kind kan geïrriteerd en aggressief raak en woede toon deur reëls te toets;
- die kind kan emosies onderdruk wat sy angs kan laat toeneem;
- die kind kan bewustelik of onbewustelik met sy gedrag probeer kompenseer. Die doel met hierdie gedrag is 'n poging om die egskeiding te ontken, om dit om te keer of om beheer of vergelding te verkry (Wright, 2004:128);
- obsessiewe spraak kan voorkom waar die kind aanhoudend begin praat; en
- kinders in die middelkinderjare loop 'n groter risiko vir depressie omdat hulle meer as voorheen oor die toekoms bekommerd is (McWhorter Sember, 2005:13).

2.5. SAMEVATTING

Egskeiding is traumaties vir sowel die ouers as die kinders. Die egskeiding beïnvloed die kind se lewe en verhoudings op sosiale, ekonomiese en psigologiese vlakke. Die verskeie veranderings wat tydens en na die egskeiding plaasvind word deur die kind as verlies beleef. Suksesvolle begeleiding deur die rouproses vereis herkenning van die onderskeie fases van die rouproses, van gedragsimptome en van die verlies wat die kind ervaar. Kinders benodig ook hulp om te verseker dat hulle nie tydens die rouproses vassteek nie. Die ouers speel 'n kritieke rol in die impak en die uitkoms van egskeiding vir die kind.

In Hoofstuk 3 word aandag gegee aan die Gestaltbenadering, Gestaltspelterapie en die rol wat laasgenoemde in die proses van hulpverlening aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind kan speel.

HOOFSTUK 3

GESTALTSPELTERAPIE MET DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die teoretiese aspekte van Gestaltterapie wat veral in Gestaltspeltherapie van toepassing is. Die verskillende uitgangspunte en doelstellings van Gestaltspeltherapie wat relevant is in hulpverlening aan die egskedingsgetraumatiseerde kind word beskryf. Hieronder kry die doelwitte en proses van Gestaltspeltherapie en die verskillende vorme van spel afsonderlik aandag. Die wyse van hulpverlening aan die egskedingsgetraumatiseerde kind deur middel van Gestaltspeltherapie word ook beskryf.

3.2 UITGANGSPUNTE VAN GESTALTTERAPIE AS TEORETIESE BENADERING

3.2.1 Inleiding

Gestaltterapie is 'n vorm van psigoterapie wat histories en filosofies gekoppel is aan die Gestaltpsigologie, die veldteorie, eksistensialisme en fenomenologie. Dit is ontwikkel deur Frederick (Fritz) S. Perls, sy vrou Laura Perls en hul medewerker Paul Goodman (Yontef & Jacobs, 2005:332). In Gestaltterapie val die klem op die verkryging van bewustheid in die hier en nou en die interafhanklikheid tussen die mens en sy omgewing. As holistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie fokus Gestaltterapie die aandag op die gesonde, geïntegreerde funksionering van die totale organisme wat bestaan uit sy sintuie, liggaam, emosies en intellek (Oaklander 2000:28). Bewustheid en dialoog word deur Yontef (1993:144) as die primêre terapeutiese gereedskap in Gestaltterapie beskou. Hierdie bewustheid lei dan volgens die skrywer tot natuurlike verandering.

Die filosofie, teorie en praktyk van Gestaltterapie kan, met geringe aanpassings, ook in terapeutiese werk met kinders gebruik word. Oaklander word as die grondlêer van Gestaltspeltherapie beskou (Blom, 2004:40). Weens die beperkte omvang van die

navorsingstuk word slegs kortliks aandag geskenk aan die konsepte van Gestaltterapie en Gestaltspelterapie wat van toepassing is op die hulpverlening aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind.

3.2.2 Holisme en veldteorie

Holisme en die veldteorie vorm 'n integrale deel van die Gestaltteorie. Holisme impliseer dat die mens inherent 'n selfregulerende en groeigeoriënteerde wese is wat as eenheid funksioneer en altyd in kontak is met sy omgewing waarsonder hy nie kan funksioneer nie (Yontef & Jacobs, 2005:300). Die persoon en sy simptome kan dus nie afsonderlik van sy omgewing verstaan word nie. Aronstam (1989:633) en Yontef en Jacobs (2005:300) sien die veldteorie as 'n metode van ondersoek wat die hele veld beskryf waarvan die gebeurtenis op 'n gegewe oomblik 'n deel is. Die veld is 'n geheel waarvan die dele in onmiddellike verhouding is en op mekaar reageer. Geen deel word nie beïnvloed deur wat in die res van die veld gebeur nie. Elke persoon in sy lewensruimte stel dus 'n veld voor.

3.2.3 Homeostase en organismiese selfregulering

Organismiese selfregulering is die proses waardeur die organisme probeer om sy behoeftes te bevredig totdat homeostase of balans verkry is (Blom & Dhansay, 2004:247). Die gesonde organisme is in staat om die mees dominante behoefte op sy voorgrond te identifiseer ten einde bronne in homself en die omgewing te benut om die behoefte te bevredig. Volgens Thompson en Rudolph (1996:141) ontwikkel organismiese selfregulering met volle bewustheid. Die onvermoë om behoeftes te identifiseer en te bevredig lei tot fragmentering. Wanneer die behoefte bevredig is, lei dit dus tot homeostase (Blom, 2004:41).

3.2.4 Kontak en kontakgrens

Gesonde funksionering behels dat die kind oor die vermoë beskik om deur die proses van kontakmaking en onttrekking op relevante tye sy behoeftes te bevredig (Oaklander, 1997:294; Blom, 2004:20). Kontak het plaasgevind sodra die kind die omgewing gebruik het om sy behoeftes te bevredig (Blom, 2004:41). Volgens Oaklander (1997:294) het kinders met probleme gewoonlik leemtes in hul

kontakfunksies en 'n swak sin vir self. Aronstam (1989:634) stem saam dat gesonde funksionering impliseer dat die organisme altyd in kontak is met sy omgewing maar dat hy ook grense nodig het wat hom van sy omgewing onderskei. Kontakgrensversteurings kom voor wanneer kinders nie meer in staat is om 'n gesonde balans tussen hulleself en die wêreld te handhaaf nie. Die volgende kontakgrensversteurings is deur skrywers (vergelyk Latner, 1992:36-39; Joyce & Sills, 2001:113; Blom, 2004:20-30) geïdentifiseer: introjeksie, projeksie, samevloeiing, defleksie, retrofleksie en desensitisasie.

3.2.5 Kontakgrensversteurings

Wanneer die grense tussen die self en ander onduidelik, verlore of ondeurdringbaar is, veroorsaak dit 'n versteuring van kontak en bewustheid tussen die self en ander (Blom, 2004:19-21). Kinders met kontakgrensversteurings is nie in staat om hul behoeftes te identifiseer en gesonde kontak met hul omgewing te maak nie. Die natuurlike proses van organismiese selfregulering word dus negatief beïnvloed (Blom, 2004:21). Die onderskeie kontakgrensversteurings word vervolgens kortliks bespreek.

3.2.5.1 Introjeksie

Introjeksie kom voor wanneer die inhoud van die omgewing sonder kritiek of bewustheid deur die kind geabsorbeer word (Aronstam, 1989:638; Joyce & Sills, 2001:125). Hierdie geïntrojekteerde inhoude (soos waardes, norme en eise) bly volgens Aronstam (1989:638) gewoonlik onverwerk en vreemd omdat dit nie werklik deur die individu geassimileer word nie. Die teenpool van introjeksie is volgens laasgenoemde skrywer assimilasië. Deur assimilasië verwerk die individu wat hy van sy omgewing ontvang en maak hy dit werklik deel van sy lewe. Volgens Geldard en Geldard (2002:76-77) kan introjeksie by kinders voorkom wanneer hulle die gesin se aanname oor aanvaarbare of onaanvaarbare gedrag manifesteer. Dit kan ten koste daarvan wees om hulleself vryelik uit te druk en kan aanleiding gee tot ang.

3.2.5.2 Projeksie

Projeksie kan gesien word as die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self gebeur. Verwarring tussen die self en ander vind plaas sodat ander geblameer en verantwoordelik gehou word oor wat met die self gebeur (Aronstam

1989:638; Latner, 1992:37). Volgens Blom (2004:115) manifesteer projeksie by kinders in aggressiewe gedrag, blamering van ander vir hul eie foute en die neiging om te boelie. Die egskedingsgetraumatiseerde kind kan dus sy woede oor die egskeding uithaal deur maats en sibbe te boelie (2.2.2.5 verwys).

3.2.5.3 Samevloeiing

Samevloeiing beteken volgens Aronstam (1989:638) dat daar geen duidelike onderskeid tussen die self en ander is nie. Hierdie gebrek aan grense veroorsaak dat die kind nie positiewe kontak kan maak nie. Blom (2004:115) verklaar dat samevloeiing dikwels sigbaar word by kinders met 'n swak sin vir self waar hulle voortdurend probeer om ander te behaag. Hulle vind dit moeilik om op hul eie keuses te maak en vra dikwels of mense vir hulle lief is (2.2.2.3 verwys).

3.2.5.4 Retrofleksie

Volgens Aronstam (1989:638) behandel 'n individu met retrofleksiewe gedrag homself soos hy ander oorspronklik wou behandel of hy doen vir homself wat hy graag wil hê ander vir hom moet doen. Hy beskou dit as gevaarlik om sy eie emosies uit te spreek. Psigosomatiese simptome kom dikwels voor by kinders met retroflektiewe gedrag (Blom, 2004:115). Kinders wat deur die ouers se egskeding getraumatiseer is, toon dikwels psigosomatiese simptome soos maagpyn of hoofpyn (2.2.2.5 verwys).

3.2.5.5 Defleksie

Defleksie kom voor waar die individu direkte kontak met ander persone vermy en bewustheid van sy omgewing verminder. Dit is 'n aktiewe proses om bewustheid en kontak te vermy. Tekens hiervan kan wees die vermyding van oogkontak of die verandering van onderwerp (Joyce & Sills, 2001:116). Volgens Blom (2004:28-29) gebruik kinders defleksie as hanteringsmeganisme om pynlike ervarings te vermy. Hierdie kinders kan onttrek, skaam optree, dagdroom, fantaseer of woedeuitbarstings kry. Hierdie simptome kan ook by die egskedingsgetraumatiseerde kind voorkom (2.2.2.7 verwys).

3.2.5.6 Desensitisasie

Joyce en Sills (2001:118) beskou desensitisasie as 'n proses soortgelyk aan defleksie

waar kontak met die stimulus vermy word. Volgens Blom (2004:29) sluit hierdie kinders hulle af van fisiese en sensoriese ervarings wat met aspekte soos pyn en ongemak verband hou. Die kind wat in 'n egskeidingsituasie dikwels aan die ouers se konflik blootgestel is kan hom byvoorbeeld afsluit sodat hy nie hul bakleiery hoor nie, al vind dit in sy teenwoordigheid plaas.

3.2.6 Struktuur van die persoonlikheid

Volgens Perls (in Thompson & Rudolph, 1996:143) bestaan die struktuur van die persoonlikheid uit vyf lae, waarmee hy wil aantoon hoe mense hul lewens fragmenteer en daardeur struikelblokke veroorsaak wat in die pad staan van volwassenheid en sukses. Tegelykertyd beskou hy hierdie vyf lae van neurose as 'n reeks stappe in die terapieproses. Die vyf lae word vervolgens bespreek.

3.2.6.1 Sintetiese/vals laag

Die buitenste laag van die persoonlikheid verteenwoordig volgens Aronstam (1986:635-635) die rolle waarin mense vasgevang is om te wees wat hulle nie werklik is nie. Dit vereis van die persoon om 'n fantasie na te streef wat deur homself of andere geskep is. Indien die mens bewus raak van die sintetiese laag en verder probeer beweeg, ervaar hy onaangenaamheid, pyn en wanhoop. Die egskeidingsgetraumatiseerde kind wat in die vals laag verkeer mag dalk weier om te glo dat sy ouers se huwelik verbrokkel het en optree asof die gesin steeds as 'n eenheid funksioneer (2.2.2.1 verwys).

3.2.6.2 Fobiese laag

In hierdie laag raak kinders bewus van hul sintetiese spel. Hulle raak egter ook bewus van die vrese wat die sintetiese spel onderhou en dit kan angs veroorsaak (Thompson & Rudolph, 1989:143).

3.2.6.3 Impasse laag

Hierdie is die laag waar die ondersteuning van die omgewing nie na vore kom nie en die kind glo dat hy nie homself kan onderhou nie. Kinders is hier dus bewus van die rolle wat hulle speel, maar kan weier om selfondersteunend op te tree en selfs ander probeer manipuleer as 'n hanteringstrategie (Yontef, 1993:149). So kan die

egskeidingsgetraumatiseerde kind byvoorbeeld deur sy gedrag (regressie) sy ouers manipuleer om sy sin te kry (2.2.4 verwys).

3.2.6.4 Implosiewe laag

In hierdie laag raak kinders bewus van hoe hulle hulleself beperk en begin hulle met nuwe gedrag eksperimenteer (Thompson & Rudolph, 1989:143). Tydens hierdie fase blyk dit volgens Blom (2004:38) dat kinders van hul gedrag en emosies bewus is.

3.2.6.5 Eksplosiewe laag

Die eksplosiewe laag word bereik wanneer die kind ervaar dat sy eksperimente met alternatiewe gedrag suksesvol is. Energie wat gebruik is om die vals laag te onderhou is nou weer beskikbaar vir die kind vir gesonde funksionering (Thompson & Rudolph, 1989:143). Die egskedingsgetraumatiseerde kind het byvoorbeeld hierdie laag bereik wanneer hy sy ouers se egskeding aanvaar en weer kan begin herbelê in nuwe verhoudings (2.2.2.10 verwys).

3.2.7 Polariteite

Volgens die Gestaltteorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite, wat tot konflikte aanleiding gee (Thompson & Rudolph, 1996:142). Hierdie polariteite word deur Yontef (1993:148) en Blom (2004:41) as teenoorgesteldes beskou wat mekaar komplementeer óf opponeer. Vorme van polarisering kan manifesteer ten opsigte van emosies, karaktertrekke van die self of ander. Konflik ontstaan dikwels tussen verskillende polariteite binne die individu, wat tot verwarring en fragmentering lei (Blom, 2004:34). Kinders behoort tydens terapie bewus gemaak te word van polariteite in hulleself en hul lewens. Die kind kan byvoorbeeld oor sy ouers se egskeding ambivalente gevoelens hê.

3.2.8 Paradoksale teorie van verandering

Volgens die paradoksale teorie van verandering bestaan die paradoks daarin dat hoe meer jy wil word wat jy nie is nie, hoe meer bly jy dieselfde (Yontef & Jacobs, 2005:300). Dit gee aanleiding tot fragmentering terwyl gesonde funksionering beteken om as geheel te funksioneer. Verandering vind volgens die paradoksale teorie van verandering slegs plaas wanneer die persoon weens verhoogde

bewustheid aanvaar wie hy werklik is en nie voortgaan om die onaanvaarbare aspekte van homself te ontken nie (Geldard & Geldard, 2002:68).

3.3 GESTALTSPELTERAPIE

Volgens Landreth (2001a:3, 5) is spel kinders se natuurlike wyse van kommunikasie. Hulle fasiliteer kommunikasie deur speelgoed as hul woorde en spel as hul taal te gebruik. Wanneer kinders hul gevoelens voor 'n spelterapeut kan uitspeel vind daar heling plaas, word spanning ontlaa en onderdrukte gevoelens tot uitdrukking gebring (Landreth, 2001a:5). Spel terapie vanuit die Gestaltbenadering word deur Oaklander (2000:31) gesien as 'n ideale dissipline om korttermynwerk te verrig met kinders wat deur die rouproses gaan, aangesien dit gefokus en direktief is. Die verskillende teoretiese aspekte van Gestaltspel terapie word vervolgens bespreek.

3.3.1 Doelwitte van Gestaltspel terapie

Die doelwitte van Gestaltspel terapie kan volgens Blom (2004:45) as riglyn gedurende die terapeutiese proses gebruik word. Hierdie doelwitte is die bevordering van die kind se bewustheid van sy eie proses, selfintegrasie en selfondersteuning. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is die terapie gerig op hulpverlening aan die kind wat deur egskeiding getraumatiseer is. Die uitkoms van bogenoemde doelwitte sal ook tot bevordering van die egskeidingsgetraumatiseerde kind se emosionele veerkragtigheid bydra.

3.3.1.1 Bevordering van bewustheid

Een van die primêre doelwitte van Gestaltspel terapie is die verhoging van die kind se bewustheid van sy eie proses sodat sy vermoë om in die hier en nou te leef bevorder word (Blom, 2004:50). Bewustheid word deur Yontef (1993:145) soos volg beskryf: "Awareness includes knowing the environment, responsibility for choices, self-knowledge, and self-acceptance, and the ability to contact." Die kind se proses word deur Oaklander (in Blom, 2004:50) beskryf as: "Wie hy is, wat hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat hy wil hê, wat hy nodig het, wat hy doen en hoe hy dit doen." Volgens Oaklander (in Blom, 2004:52-53) bring toename in bewustheid mee dat die kind bewus daarvan word dat hy keuses kan maak vir die uitdrukking van sy emosies en bevrediging van sy behoeftes. Nuwe gedrag word ondersoek en verandering vind

dan plaas weens hierdie verhoogde bewustheid by die kind (Geldard & Geldard 2002:67).

3.3.1.2 Bevordering van selfondersteuning

Die terapeutiese doelwit van Gestaltspelterapie is om die kinders te leer om meer verantwoordelikheid vir hulleself te aanvaar en minder ondersteuning van die omgewing te verwag ten einde tot volwassenheid te ontwikkel. Volwassewording beteken die oorgang van omgewingsondersteuning na selfondersteuning (Thompson & Rudolph, 1996:144). Selfondersteuning sluit volgens Yontef (1993:26) ook selfkennis en selfaanvaarding in. Kinders behoort tydens speltherapie gelei te word om hulleself en hul behoeftes te ken, te verstaan en te aanvaar ten einde verantwoordelike keuses te kan maak om in ooreenstemming met hul ontwikkelingsfase hul behoeftes te bevredig (Blom, 2004:51).

3.3.1.3 Bevordering van selfintegrasie

Integrasie as 'n doelwit van Gestaltspelterapie vereis dat kinders, as 'n holistiese entiteit, gehelp moet word om kognitief, emosioneel, liggaamlik en sensories geïntegreerd te funksioneer ten einde onvoltooidhede op hul voorgrond te voltooi (Blom, 2004:53). Schoeman (1996a:37) sien 'n onvoltooidheid as onuitgedrukte gevoelens, bekommernisse of onvervulde behoeftes. Die doel van integrasie is dus om kinders te help om holisties te funksioneer sodat hulle hul volle aandag en energie aan die relevante bevrediging van hul behoeftes kan gee.

3.3.2 Terapeutiese verhouding

In Gestaltspelterapie is die terapeutiese verhouding 'n belangrike hulpmiddel om die kind se gevoelens, vrese en frustrasies te ontsluit. Dit kan ook gesien word as 'n instrument om heling te bewerkstellig binne die terapeutiese omgewing (Schoeman & Van der Merwe, 1996:4). Die aard van die verhouding word deur Oaklander (2000:29) beskryf as een waar die terapeut opreg, betrokke en dikwels interaktief moet wees. Die kind moet met respek behandel en onvoorwaardelik aanvaar word. Die terapeut moet 'n veilige terapeutiese omgewing skep waar die kind nooit geforseer word nie. Die verhouding op sigself behoort dus terapeuties van aard te wees en as sodanig 'n unieke ervaring aan die kind te bied.

3.3.3 Proses van Gestaltspeltherapie

Die model van Oaklander voorsien die terapeut van 'n gestruktureerde riglyn vir die holistiese hantering van kinders tydens terapie (Oaklander 1997:292-317). Weens die beperkte omvang van die navorsingsverslag word daar in die onderstaande tabel slegs 'n opsomming gegee van die aspekte waaraan volgens Blom (2004:46-47) aandag gegee moet word tydens die verloop van terapeutiese proses.

Tabel 3.a: Fases in die Gestaltspeltherapeutiese proses

| FASES IN DIE TERAPEUTIESE PROSES | ASPEKTE WAT AANDAG ONTVANG TYDENS DIE TERAPEUTIESE PROSES |
|--|--|
| Bou van 'n terapeutiese verhouding. | <ul style="list-style-type: none"> • Vestig 'n ek-jy verhouding. • Fokus op die hier-en-nou. • Verantwoordelikhede van die terapeut en die kind. • Tegnieke en aktiwiteite wat fokus op ervaring en ontdekking. • Manifestasie en hantering van weerstand. • Stel van grense en beperkings. • Assessering van die kind in ooreenstemming met Gestaltkriteria. • Beplanning van behandeling met verwysing na die doelwitte van Gestaltspeltherapie. |
| Kontakmaking en bevordering van selfondersteuning. | <ul style="list-style-type: none"> • Sensoriese en liggaamlike kontakmaking. • Versterking van die kind se sin vir self deur: <ul style="list-style-type: none"> ○ Definiëring van die self; ○ keuses; ○ bemeestering, gesag en beheer; ○ besit van projeksies; ○ grense en beperkings; en ○ spelerigheid, verbeelding en humor. |
| Emosionele uitdrukking. | <ul style="list-style-type: none"> • Uitdrukking van aggressiewe energie. • Uitdrukking van emosies deur: <ul style="list-style-type: none"> ○ Kognitiewe gesprekke oor emosies; ○ gesprekke oor die liggaam se reaksies op verskillende emosies; ○ projeksie en besit van emosies; en ○ aanleer van hanteringstrategieë en |

| | vaardighede om emosies te hanteer. |
|---|--|
| Selfvertroeteling. | <ul style="list-style-type: none"> • Kontakmaking van onaanvaarbare dele van die self. • Bekom vaardighede om vertroetelde aspekte te gebruik om onaanvaarbare aspekte te integreer en te vertroetel. • Bekom vaardighede om goed te wees vir die self. |
| Hantering van onvanpaste gedrag waarmee daar volgehou word. | <ul style="list-style-type: none"> • Bevorder bewustheid van eie gedrag en proses. • Bekom vaardighede om keuses te maak en verantwoordelikheid vir keuses te aanvaar. • Aanleer van hanteringstrategieë vir hantering van probleme. |
| Terminering. | <ul style="list-style-type: none"> • Evaluering om geskikte tyd vir terminering te bepaal en kind daarop voor te berei. |

3.3.4 Vorme van spel

Verskillende vorme van spel, media en aktiwiteite word in spel terapie gebruik. In die keuse van die vorm van spel, media en aktiwiteite is volgens Geldard en Geldard (2002:134) die volgende aspekte belangrik:

- Die kind se proses en sy ontwikkelingsfase;
- die huidige doelwitte wat met die kind bereik wil word; en
- die gedrag van die kind wat hanteer behoort te word.

Volgens Van Der Merwe (1996d:198) kry die kind die geleentheid om deur verskillende vorme van spel in 'n veilige, nie-bedreigende omgewing sy lewe te herorganiseer, emosies te ontlaai en 'n beter begrip te ontwikkel vir die veranderings wat in sy lewe plaasvind. Die verskillende vorme van spel wat kortliks bespreek word, is bibliospel, kreatiewe spel en gedramatiseerde spel.

3.3.4.1 Bibliospel

Bibliospel is 'n vorm van spel waar van boeke, stories, die geskrewe woord en oudiovisuele media gebruik gemaak word (Blom, 2004:229; Van der Merwe, 1996a:108). Stories dra volgens Blom (2004:231) 'n boodskap op 'n kinder-vriendelike wyse oor en dit beantwoord op 'n gerusstellende wyse kinders se vrae oor dit wat hulle ervaar. Geldard en Geldard (2002:140) beskou boeke en stories as

'n effektiewe wyse om insig by kinders te ontwikkel oor die gevolge van hul gedrag. Volgens Van der Merwe (1996d:194) kan veral bibliospel tydens terapie met die egskedingsgetraumatiseerde kind effektief gebruik word.

3.3.4.2 Kreatiewe spel

Volgens Blom (2004:233) sluit kreatiewe spel aspekte in van kunst terapie waartydens daar gebruik gemaak kan word van teken, verf en kleiwerk om projeksies op 'n nie-bedreigende wyse uit te beeld. Tydens bespreking van die kind se skeppings word werklike ervarings van die kind blootgelê. So kan die kind begelei word tot insig in sy werklike ervaring of situasie, soos byvoorbeeld die egskeding van sy ouers. Wanneer die kind sy projeksies en die gepaardgaande emosies besit, sal dit daartoe lei dat onvoltooidhede voltooi word (Blom,2004:234). Deur kreatiewe spel kry die kind dus geleentheid om pynlike gevoelens uit te druk wat voorheen onderdruk was (Van der Merwe, 1996b:148). Die tekeninge moet saam met die kind ontdek word en nie vir interpretasie gebruik word nie (Oaklander, 1988:23).

3.3.4.3 Gedramatiseerde spel

Tydens gedramatiseerde spel kry die kind die geleentheid om in 'n nie-bedreigende omgewing onbewuste gevoelens, vrese en situasies uit te speel (Van der Merwe, 1996c:128; Blom, 2004:232). Deur traumas uit te speel kan die kind sy rol verander en 'n gevoel van bemeestering ervaar (Geldard & Geldard, 2002:136). Volgens Van der Merwe (1996c:130-136) kan daar gebruik gemaak word van handpoppe, poppekas, maskers, rollespel, poppe, ensovoorts.

3.4 HULPVERLENING AAN DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND DEUR MIDDEL VAN GESTALTSPELTERAPIE

Die proses van aanpassing na 'n egskeding is kompleks en word deur 'n verskeidenheid van faktore beïnvloed. Wallerstein en Blakeslee (in Thompson & Rudolph, 1996:416) het sekere psigologiese take geïdentifiseer waardeur die egskedingsgetraumatiseerde kind moet werk. Volgens Blom (2004:221) is die bruikbaarheid van hierdie model van die rouproses daarin geleë dat hierdie take ook as doelwitte geformuleer kan word in die hulpverlening aan die kind wat deur die rouproses gaan. Die kind kan tydens die rouproses heen en weer tussen die verskillende take beweeg (Van Staden, 1987:193; Bradley & Beveridge, 2004:52-59).

Hierdie psigologiese take waardeur die egskeidingsgetraumatiseerde kind moet werk word vervolgens bespreek.

3.4.1 Psigologiese take waardeur die egskeidingsgetraumatiseerde kind moet werk

Volgens Van der Merwe (1996d:198) behoort die psigologiese take saam met die gewone ontwikkelingstake deurgewerk te word. Dit stel groot eise aan die kind. Sodra die take deurgewerk is, kan die kind weer voortgaan met sy normale ontwikkeling. Die psigologiese take is die volgende:

- **Erken die realiteit van verbokkeling van die huwelik**

Die ontwikkeling van begrip by die kind oor die egskeiding en die gevolge daarvan is die eerste belangrike psigologiese taak omdat kinders dikwels die realiteit van die gesin se situasie ontken (Van Staden, 1987:19; Bradley & Beveridge, 2004:52-59). Weens hul eie trauma versuim ouers dikwels om die kinders oor die situasie in te lig en om hulle oor die toekoms gerus te stel. Volgens Thompson en Rudolph (1996:415) behoort die kind tydens hulpverlening die geleentheid te kry om sy gevoelens oor die egskeiding uit te druk ten einde te verhoed dat hy deur negatiewe gevoelens oorweldig word.

- **Losmaking van die ouers se konflik en emosies en voortsetting van normale ontwikkelingstake en skoolwerk.**

Volgens Thompson en Rudolph (1996:416) sluit hierdie taak in dat kinders hulleself van die krisis in hul huishoudings behoort te distansieer en met hulle normale ontwikkelingstake, skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite aan te gaan. Ouers behoort toe te sien dat die egskeiding nie hierdie normale aktiwiteite oorskadu nie.

- **Afhandeling van onafgehandelde sake wat met die verlies verband hou**

Egskeiding bring verliese mee wat kan aanleiding gee tot onvoltooidhede wat volgens Van Staden (1987:193) ambivalente gevoelens, verwagtings en teleurstellings kan insluit. Gevoelens soos liefde, woede, vrees, droefheid, hulpeloosheid, hopeloosheid, skuld, hartseer en ongemak kan teenwoordig wees as normale reaksies weens die verlies. Die kind druk gewoonlik hierdie gevoelens deur sy gedrag en fisiese simptome uit (Van Staden, 1987:193). Hy moet dus tydens hierdie fase gehelp word om die taak geleidelik te bemeester sodat hy nie oorweldig word nie (Worden, 1996:14).

- **Hantering van woede en selfblaming.**

Kinders mag hulleself of die skuldige ouer vir die egskeiding blameer. Intense woede teenoor een of beide ouers is veral van die kind in die middelkinderjare kenmerkend (Thompson & Rudolph, 1996:416). Volgens Thompson en Rudolph (1996:416-417) kan die kind gehelp word om skuldgevoelens en woede uit te druk deur van tekeninge en spel gebruik te maak.

- **Aanvaar dat die egskeiding permanent is**

Volgens Wallerstein (in Thompson & Rudolph, 1996:417) het kinders volgehoue fantasieë dat versoening sal plaasvind, selfs nadat 'n ouer reeds met iemand anders getroud is. Tekeninge van die gesin voor en na die egskeiding, asook literatuur oor egskeiding, kan gesprekke oor die egskeiding stimuleer.

- **Ontwikkeling van realistiese verwagtings aangaande toekomstige verhoudings**

Met hierdie taak pas die kind by die veranderde omstandighede in sy gesin aan, floreer hy emosioneel en ontdek hy nuwe moontlikhede om hom uit te leef. Indien nodig, aanvaar hy weer ander volwassenes wat betekenisvolle rolle in sy lewe mag inneem (Van Staden, 1987:193; Bradley & Beveridge, 2004:19).

3.4.2 Verdere aspekte wat aandag behoort te ontvang tydens die proses van hulpverlening

Die doelwitte van Gestaltspelterapie (3.3.1 verwys) en die psigologiese take waardeur die kind moet werk (3.4.1 verwys) dien as riglyne tydens hulpverlening. Die effek van egskeiding op die kind word deur interne en eksterne veranderlikes bepaal. Individualisering is dus belangrik in die beplanning van 'n hulpprogram vir elke kind (Van der Merwe, 1996d:184). Tydens hulpverlening behoort die volgende aspekte in ag geneem te word met assessering:

- Die impak wat die egskeiding op die kind het (2.3 verwys);
- die fase van die emosionele rouproses waarin die kind verkeer (2.2.2 verwys);
- die psigologiese take wat die kind nog moet voltooi (3.4.1 verwys);
- die aanwesigheid van kontakgrensversteurings (3.2.5 verwys);
- die laag van neuroses waarin die kind verkeer (3.2.6 verwys); en
- die kind se fase van ontwikkeling (2.4 en 4.3.2 verwys).

Tydens hulpverlening behoort daar volgens Blom (2004:210) aandag gegee te word

aan die kind se gesonde organismiese selfregulering deur bewustheid van sy behoeftes te bevorder. Die egskedingsgetraumatiseerde kind kan behoeftes hê soos om gevoelens van woede, vrees, angs en skuld uit te druk, en tydens terapie behoort hy geleenthede daarvoor te kry (Blom, 2004:18-19). Volgens Oaklander (1997:298) is die versterking van die kind se sin vir self 'n voorvereiste vir emosionele uitdrukking. Versterking van die kind se sin vir self kan plaasvind deur aan die kind geleenthede te voorsien waar hy:

- stellings oor homself kan maak;
- keuses kan maak;
- bemeestering en beheer kan ervaar; en
- sy projeksies kan besit.

Die terapeut behoort ook 'n atmosfeer daar te stel wat deur speelsheid, humor en verbeelding gekenmerk word. Verder is dit belangrik dat struktuur en grense waar nodig daargestel word.

Kinders se behoeftes wissel egter ook volgens hulle fase van ontwikkeling. Volgens Hartley-Brewer (2004:264) het navorsing getoon dat veral die kind in die middelkinderjare kwesbaar is wanneer die ouers skei. Die kind benodig dan ekstra ondersteuning wat deur 'n vertrouensverhoudings met 'n volwassene of sib voorsien kan word. Die spelterapeut kan hier dus 'n belangrike rol vervul.

Volgens Grych en Fincham (1997:179) behoort terapie aan die kind wat deur 'n egskedding getraumatiseer is veral aan die volgende aspekte aandag te gee:

- Kinders se persepsie en interpretasies van die egskedding behoort opgeklare te word. Onrealistiese verwagtings oor versoening belemmer aanpassing en behoort volgens Van der Merwe (1996d:188) direk hanteer te word;
- hulpverlening behoort daarop gerig te wees om die kind te help om nuwe hanteringsmeganismes te ontwikkel om hul gevoelens, konflik met hul ouers, probleme met besoeke en ander stressors te hanteer; en
- groepwerk kan 'n groot rol speel om die egskedding te normaliseer en 'n ondersteuningsnetwerk aan die kind te verskaf.

Marta (2004:220) en Hartley-Brewer (2004:264) wys albei daarop dat speletjies rolspel, stories, boeke, handpoppe, teken, musiek en die aanleer van praktiese vaardighede oor die algemeen vir kinders in die middelkinderjare verkieslik is bo gesprekke. Hiermee word bevestig dat speltherapie die aangewese wyse is om aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare hulp te verleen. Speltherapie kan dan ook volgens O'Connor (2000:7) as suksesvol gesien word wanneer die volgende gebeur: "Play therapists universally recognize that treatment has been successfully completed when the child demonstrates an ability to play with joyous abandon - this is what makes play therapy unique."

3.5 SAMEVATTING

Volgens die Gestaltbenadering kom gesonde funksionering voor wanneer 'n persoon as 'n holistiese entiteit optree. Die doel van Gestaltterapie is om bewustheid, selfintegrering en selfondersteuning te bevorder. Die verskillende uitgangspunte en doelstellings van Gestaltterapie is, met geringe aanpassings, ook op Gestaltspeltherapie van toepassing. Deur middel van Gestaltspeltherapie kan daar op 'n effektiewe wyse hulp verleen word aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind. Hy kan dus gehelp word om weer as geïntegreerde en holistiese entiteit te funksioneer.

In Hoofstuk 4 word emosionele veerkragtigheid verken en beskryf. Ondersoek word ook ingestel na die rol van veerkragtigheid tydens die herstelproses en toekomstige aanpassings van die egskeidingsgetraumatiseerde kind.

HOOFSTUK 4

EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word beskryf wat emosionele veerkragtigheid is, die kenmerke van 'n veerkragtige kind aangedui en die maniere bespreek waarop emosionele veerkragtigheid by kinders bevorder kan word. 'n Beskrywing van die kind in die middelkinderjare word gegee, aangesien kennis benodig word van die breë ontwikkelingsfase wat die kind tydens hierdie ontwikkelingsfase moet bemeester ten einde emosioneel veerkragtig te word. Daar word spesifiek aandag gegee aan die rol van emosionele veerkragtigheid in die herstelproses van die egskeidings-getraumatiseerde kind.

4.2 BESKRYWING VAN EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID

4.2.1 Inleiding

Volgens Greeff (2005a:10) word verskillende omskrywings van emosionele veerkragtigheid aangetref. Deur sommige word dit gesien as suksesvolle aanpassing na die ervaring van teenspoed of risiko's. Ander beskou dit as die oorlewing van teenspoed of die hantering van trauma. Vir Greeff (2005a:10) is emosionele veerkragtigheid egter meer as slegs die oorlewing van teenspoed, kwesbaarheid en risikofaktore. Dit sluit in heling en groei, maar ook om gelukkig te wees. Die navorser stem met Greeff saam dat innerlike gevoelens van vergenoegdheid net so belangrik is as die uiterlike tekens van 'n persoon se gesonde funksionering.

Sowel Greeff (2005a:10) as Siebert (2005:8) is van mening dat elke mens 'n ingebore vermoë tot emosionele veerkragtigheid het wat hom in staat stel om by veranderde omstandighede aan te pas. Siebert (2005:9) beklemtoon egter dat emosioneel veerkragtige persone 'n doelbewuste besluit neem dat hulle hul bes gaan doen om teenspoed te hanteer en beter te laat uitwerk. Die emosioneel veerkragtige kind word vervolgens beskryf.

4.2.2 Kenmerke van 'n emosioneel veerkragtige kind

Verskeie skrywers (vergelyk Flach in Thompson & Rudolph, 1996:4; Brooks & Goldstein, 2001:5; Hartley-Brewer, 2004:220-221; Greeff, 2005a:12) het tydens navorsing die volgende kenmerke van die emosioneel veerkragtige kind geïdentifiseer:

- Hy het geleer om realistiese doelwitte en verwagtings vir homself te stel;
- die veerkragtige kind het sy eie identiteit, kan op sy eie funksioneer en vir homself dink;
- hy het die vermoë ontwikkel om probleme op te los en besluite te neem. Daarom sal hierdie kind waarskynlik foute, struikelblokke en swaarkry eerder as uitdagings sien wat hy moet konfronteer as stressors wat vermy behoort te word. Hy bly hoopvol en optimisties ten spyte van terugslae;
- hy het 'n hoë vlak van selfdisipline, 'n interne lokus van kontrole en 'n sterk sin vir verantwoordelikheid;
- hy het 'n lewensbeskouing wat betekenis aan gebeurtenisse gee;
- hy het insig in sy eie en ander se gevoelens. Hy kan sy gevoelens effektief bestuur, stres hanteer en impulse beheer. Hy is empaties, kan ander se gevoelens aanvoel en by verskillende persoonlikhede en situasies aanpas;
- hy beskik oor 'n selfkonsep waar hy homself as sterk en bevoeg beskou. Tog is hy ook van sy groeiareas en kwesbaarhede bewus;
- so 'n kind voel dat hy spesiaal is en dat hy waardeer word;
- hy het interpersoonlike vaardighede met sy portuurgroep en volwassenes ontwikkel;
- hy is in staat om hulp en vertroeteling op 'n gemaklike en gepaste wyse van volwassenes te bekom wat in staat is om dit aan hom te verskaf; en
- hy is in staat om te bepaal oor watter aspekte van sy lewe hy beheer het en kan sy aandag en energie daarop fokus.

Behalwe bogenoemde het Greeff (2005a:12) ook nog die volgende kenmerke by die veerkragtige kind geïdentifiseer:

- Hy kan gemaklik tussen mense van verskillende kulture beweeg en is nie-veroordelend in sy optrede;
- hy vertrou sy intuïsie en aanvaar dit as 'n waardevolle bron van inligting;

- hy ervaar innerlike vrede, leer uit vorige ervarings en laat homself toe om deur ervarings verander te word; en
- hy aanvaar relevante kritiek en verwerp onvanpaste kritiek.

Greeff (2005a:12) en Siebert (2005:127) is albei van mening dat emosioneel veerkragtige persone gemaklik voel met hul innerlike kompleksiteit. Hulle kan byvoorbeeld krities óf aanvaardend wees, of terselfdertyd positief en negatief wees deurdat hulle bereken wat verkeerd kan gaan. Vanuit 'n Gestaltperspektief word hierdie kompleksiteit as polariteite beskou (3.2.7 verwys). Volgens Siebert (2005:130) is bogenoemde 'n aanduiding van gevorderde emosionele intelligensie en impliseer dit buigsaamheid. Dis belangrik om daarop te let dat die emosioneel veerkragtige kind dalk oor eienskappe en sienswyses beskik wat ooreenstem met dié van kinders wat nie uitdagings en teenspoed suksesvol kan hanteer nie. Die verskil lê egter daarin dat die emosioneel veerkragtige kind sy ingesteldheid kan omskakel tot effektiewe aksie (Goldstein & Brooks, 2002:10).

4.2.3 Bronne van emosionele veerkragtigheid

Veerkrachtigheid is internasionaal bestudeer deur die *International Resilience Project* van die Bernard Van Leer Stigting. 'n Gids is daarna gedurende 1995 deur Edith Grotberg opgestel. Met bogenoemde navorsing is daar vasgestel dat 'n kombinasie van faktore meebring dat kinders emosioneel veerkragtig is. In die betrokke gids word die faktore wat tot emosionele veerkragtigheid bydra as bronne van veerkragtigheid beskou en gegroepeer onder drie hoofafdelings naamlik: *Ek het*, *Ek is* en *Ek kan* (Grotberg 1995:3, 6). Dié bronne kan volgens Grotberg (1995:7) in die praktyk gebruik word om emosionele veerkragtigheid by kinders te bevorder. Die navorser het hierdie bronne as riglyn gebruik in die opstel van die intervensieprogram om emosionele veerkragtigheid te bevorder.

Volgens Grotberg (1995:6) en De Klerk en Le Roux (2003:81-82) kan die kind wat terugslae te bowe moet kom, krag put uit bogenoemde drie bronne van veerkragtigheid. Elkeen van die drie bronne stel verskeie aksies voor wat deur ouers of ander volwassenes gebruik kan word om emosionele veerkragtigheid te bevorder. Grotberg (1995:13) beklemtoon dat geen kind of ouer al die veerkragtigheidsfaktore hoef te gebruik nie. Sommige gebruik verskeie daarvan, ander slegs enkele. Hoe

groter die aantal faktore wat gebruik word, hoe meer moontlikhede is daar waaruit keuses gemaak kan word. Die keuse van geskikte response in enige gegewe situasie word dan ook meer. Emosionele veerkragtigheid kom dus voor in 'n kombinasie van faktore. Grotberg (1995:7) verduidelik dit soos volg: "A child may have a great deal of self-esteem (*I Am*), but if he does not know how to communicate with others or to solve problems (*I Can*), and has no one to help him (*I Have*), the child is not resilient."

Kinders benodig bogenoemde vermoëns en hulpbronne om algemene en minder algemene krisisse en teenspoed te hanteer. Mallman (2003:5) en De Klerk en Le Roux (2003:81-82) stem saam met Grotberg (1995:7) dat 'n emosioneel veerkragtige kind as't ware sê "*Ek het*", "*Ek kan*" en "*Ek is*". Die reserwes wat die kind uit bogenoemde drie bronne kan put word deur Grotberg (1995:10-13) en De Klerk en Le Roux (2003:81-82) soos volg beskryf :

4.2.3.1 Ek het-faktore

Die *Ek het*-faktore is die eksterne ondersteuning en bronne wat emosionele veerkragtigheid bevorder. Voordat die kind bewus kan word van wie hy is (*Ek is*) of wat hy kan doen (*Ek kan*), het hy eksterne ondersteuning en hulp nodig om 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit te ontwikkel wat die grondslag lê vir die ontwikkeling van emosionele veerkragtigheid. Hierdie ondersteuning bly reg deur die verloop van sy kinderjare belangrik. Die emosioneel veerkragtige kind sê *Ek het* die volgende:

- **Vertrouensverhoudings** - Mense rondom my wat ek vertrou en wat my liefhet wat ook al gebeur;
- **struktuur en reëls** - Mense wat vir my grense stel sodat ek weet wanneer om te stop voordat daar gevaar of probleme is;
- **rolmodelle** - Mense wat vir my wys hoe om dinge reg te doen deur die manier waarop hulle dinge doen;
- **aanmoediging om selfstandig te wees** - Mense wat wil hê ek moet leer om self dinge te doen; en
- **toegang tot gesondheidsdienste, onderrig, ensovoorts** - Mense wat my help wanneer ek siek is, in gevaar verkeer of nodig het om te leer.

4.2.3.2 Ek is-faktore

Die *Ek is*-faktore is die kind se interne persoonlike sterktes. Hierdie is die gevoelens,

houdings en oortuigings van die kind self. Die emosioneel veerkragtige kind sê *Ek is* die volgende:

- **Minsaam** - Iemand van wie ander mense kan hou en vir wie hulle lief kan wees;
- **liefdevol, vol empatie en onbaatsugtig** - Bly as ek iets vir iemand anders kan doen en my deernis kan betoon;
- **trots op myself** - Iemand wat respek het vir myself en vir ander;
- **selfstandig en verantwoordelik** - Bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir my daad; en
- **vol hoop, geloof en vertroue** - Seker alles sal regkom.

4.2.3.3 Ek kan-faktore

Die *Ek kan*-faktore is die kind se sosiale en interpersoonlike vaardighede. Kinders leer hierdie vaardighede aan deur hul interaksie met ander en van die mense wat hulle onderrig. Die emosioneel veerkragtige kind sê *Ek kan* die volgende doen:

- **Kommunikeer** - Ek kan met ander mense praat oor dinge wat my bangmaak of pla;
- **probleemoplossend optree** - Maniere vind om probleme waarmee ek worstel op te los;
- **my gevoelens en impulse beheer** - Myself beheer wanneer ek iets verkeerd of gevaarlik wil doen;
- **my eie stemming en dié van ander peil** - Aanvoel wanneer dit 'n gepaste tyd is om met iemand te praat of tot aksie oor te gaan; en
- **vertrouensverhoudings opsoek** - Iemand kry om my te help wanneer ek dit nodig het.

4.3 EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

4.3.1 Belangrikheid van die middelkinderjare

Die middelkinderjare, die tydperk van agt tot twaalf jaar, is 'n deurslaggewende tydperk in die kind se lewe. Shure (2000:8-9, 11) beskou die middelkinderjare om die volgende redes as so belangrik:

- Hierdie kinders is nog 'n paar jaar weg van die natuurlike rebellie wat adolessente ervaar. Hierdie periode is dus lank genoeg om ouers en onderwysers in staat te stel om 'n impak te maak op watter tipe tieners hulle gaan word;
- op hierdie ouderdom raak hulle bewus van die probleme waarmee tieners te kampe het, asook van die feit dat hulle binnekort met soortgelyke situasies tuis, by die skool of met vriende gekonfronteer gaan word. Adolessente sal minder probleme ervaar as hulle reeds tydens die pre-adolessente fase bewus gemaak word van hul verantwoordelikhede en keuses;
- daar is 'n toename in gedrags- en emosionele probleme vanaf tien tot twaalf jaar; en
- op sosiale gebied word kinders reeds op agt jaar toenemend van hulleself en hul portuurgroep bewus.

Bogenoemde verduidelik waarom hierdie so 'n kritieke lewensfase is. Vervolgens word gekyk na die ontwikkelingstake wat hierdie ouderdomsgroep moet bemeester.

4.3.2 Ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare

Volgens Bauman (2002:48-49) moet 'n terapeut wat veerkragtigheid by kinders wil bevorder kan assesser of die kind ontwikkelingstake in ooreenstemming met sy ouderdom suksesvol bemeester het. Bernard (in Bauman, 2002:43) stel dit soos volg: "Resilient children succeed with the major developmental tasks expected for persons of their age and gender in the context of the children's culture, society and time." Volgens Louw, *et al.* (1990:326) moet die kind tydens die middelkinderjare die volgende ontwikkelingstake bemeester:

- Verdere verfynde motoriese ontwikkeling;
- die vaslegging van geslagsrolidentiteit;
- die ontwikkeling van konkreet-operasionele denke;
- die uitbreiding van kennis en die ontwikkeling van skolastiese vaardighede;
- die uitbreiding van sosiale deelname;
- die ontwikkeling van groter selfkennis; en
- die ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit.

Alhoewel 'n volledige bespreking van kinderontwikkeling nie noodwendig in hierdie navorsing van toepassing is nie, word sekere aspekte wat veral van belang is by die

bevordering van emosionele veerkragtigheid kortliks bespreek.

- **Emosionele ontwikkeling**

Volgens Raikes en Thompson (2005:261-262) kan kinders in die middelkinderjare, anders as kleuters, in toenemende mate hulle eie emosionele staat beheer. Die emosies in die middelkinderjare is volgens Louw, *et al.* (1990:362) meer spesifiek, divers en gesofistikeerd wat kinders in hierdie fase in staat stel om 'n verskeidenheid emosies uit te druk. Geslagsrolstereotipering verhoed dat veral seuns in hierdie stadium hul hele emosionele repertoire gebruik. Volgens Shure (2001:8) behoort die kind teen agt jaar in staat te wees om:

- Gevoelens wat hy ervaar te kan identifiseer en benoem; en
- te begin verstaan dat hulle gemengde of teenstrydige gevoelens kan hê omtrent dieselfde sake. So kan 'n agtjarige kind hartseer voel dat sy ouers geskei is, maar sy gevoelens van verlies temper met gevoelens van verligting dat sy ouers nie meer elke dag met mekaar kan baklei nie. Dit help hom dus om sy hartseer beter te hanteer.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Suksesvolle skoolaanpassing is een van die breë ontwikkelingstake van die kind tydens die middelkinderjare. Dit behels volgens Bauman (2002:43) en Masten en Powell (2003:5) gereelde skoolbywoning, gepaste gedrag by die skool, akademiese bekwaamheid, sosiale bevoegdheid en goeie verhoudings met sy portuurgroep. Volgens Emery (2004:186) is dit vir die kind in hierdie lewensfase veral belangrik om as presteerder 'n positiewe selfbeeld te hê. Shure (2001:9) bevestig laasnoemde en voeg by dat kinders van hierdie ouderdom hulleself evalueer in terme van hul skoolprestasies, vermoëns om probleme op te los en hul verhouding met maats.

- **Sosiale ontwikkeling**

Volgens Shure (2001:8) word die kind vanaf agt jaar in toenemende mate bewus van sy portuurgroep en die groter wêreld daarbuite. Dit kan hom opgewonde maak, maar ook intimideer. In hierdie tydperk vind baie veranderings in die kind se verhouding met sy portuurgroep plaas. Hy begin meer tyd saam met vriende deurbring en minder saam met sy gesin (Richardson, 2005:38). Hierdie ouderdomsgroep wil volgens De Klerk en Le Roux (2003:23) graag "in" wees. Hulle floreer op erkenning en aanvaarding. Groepsgebondenheid en reëlgebonde spel is ook vir hulle belangrik. McWhorter Sember (2005:118) bevestig die belangrikheid van vriende, aktiwiteite en huiswerk en beklemtoon dat hierdie ouderdomsgroep aktief moet besig bly en dat

ouers 'n skedule behoort te volg wat hulle in staat stel om by die kind se aktiwiteite en belangstellings betrokke te wees.

Hierdie ouderdomsgroep tree volgens Neuman (1998:139-140) en McWhorter Sember (2005:117) dikwels reeds soos tieners op. Hulle is geïnteresseerd in populêre kultuur, musiek, modes en rolprente. Alhoewel hulle meer onafhanklik begin raak, bly hulle steeds geheg aan die ouers en van die ouers se emosionele ondersteuning en leiding afhanklik. Die ouers se menings oor sake is nog belangrik, maar die opinie van die portuurgroep word in toenemende mate belangrik.

- **Morele en geestelike ontwikkeling**

Volgens Neuman (1996:141) vorm kinders in die pre-adolescente jare 'n interne kode van morele waardes wat grootliks gebaseer word op wat hulle van hul ouers en ander volwassenes leer. Hulle kan sterk menings en gevoelens openbaar oor byvoorbeeld haarstyle of 'n saak soos egskeiding. Volgens O' Connor (2004:24) stel kinders in hierdie ouderdomsgroep in toenemende mate belang in abstrakte konsepte soos ewigheid, spiritualiteit, hemel en hel. Strokiesverhale, video's, rolprente en speletjies met die dood as tema is baie gewild. Dood word nog nie gesien as iets persoonliks wat met hulle kan gebeur nie, maar hulle verstaan wel dat dood 'n permanente realiteit is.

4.4 BEVORDERING VAN EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID

4.4.1 Inleiding

Verskeie skrywers bevestig dat vermoëns van emosionele veerkrachtigheid ontwikkel en bevorder kan word. (Vergelyk Hart, 1996:84; De Klerk & Le Roux, 2003:81; Hartley-Bruwer, 2004:221-222, 278; Greeff, 2005a:13.) Brooks en Goldstein (2002:8-9) beskou selfs elke interaksie met 'n kind as 'n geleentheid om veerkrachtigheid te bevorder.

Volgens Greeff (2005a:13) word 'n mens gebore met 'n bepaalde persoonlikheid. Die persoon kan byvoorbeeld gebore word as 'n introvert of 'n ekstrovert. In teenstelling met bogenoemde kan lewensvaardighede en emosionele bevoegdheid egter aangeleer word. Greeff (2005a:13) verduidelik dit soos volg: "We can modify the

hardware of our personalities with the software of emotional intelligence or personal and interpersonal skills.”

Siebert (2005:10) en Greeff (2005a:13) stem saam dat emosionele intelligensie op enige ouderdom, in enige kultuur en op enige stadium van 'n persoon se lewe ontwikkel kan word. Dit kan dus 'n persoon se eerste impulse beheer om so iemand verstandiger te laat optree. Om hierdie vermoëns by kinders te bevorder vereis egter 'n bepaalde ingesteldheid by volwassenes. Dit word vervolgens bespreek.

4.4.2 Ingesteldheid van die volwassene wat emosionele veerkrachtigheid by kinders bevorder

Skrywers soos Brooks en Goldstein (2001:7-16) en Goldstein en Brooks (2002:13-19) lê klem daarop dat ouers en professionele persone wat met kinders werk 'n sekere ingesteldheid behoort te openbaar wanneer hulle kinders se veerkrachtigheid wil bevorder. Hierdie ingesteldheid behoort soos volg te lyk:

- Hulle behoort empatie te hê en die kind se siening en gevoelens te waardeer en te bekragtig;
- kommunikasie moet effektief wees en aktiewe luister insluit. Veerkrachtige kinders ontwikkel 'n vermoë om effektief te kommunikeer met die hulp van volwassenes wat dit modelleer;
- daar behoort 'n bereidheid te wees om te verander wanneer besef word dat wat gesê en gedoen word nie werk nie;
- daar behoort ten minste een, verkieslik meer, volwassenes in 'n kind se lewe te wees wat hom spesiaal laat voel en hom onvoorwaardelike liefde gee;
- kinders behoort onvoorwaardelik aanvaar te word en gehelp word om realistiese verwagtings en doelwitte vir hulleself te stel in ooreenstemming met hul temperament;
- kinders moet gehelp word om sukses te ervaar deur hul bekwaamhede te help ontdek en te versterk. Volgens Brooks en Goldstein (2001:12-13) ontken emosioneel veerkrachtige kinders nie die probleme waarmee hulle te kampe het nie. Hulle fokus egter op hul sterkpunte. Kinders wat sleg voel oor hulleself en hul vermoëns word minder hoopvol. Dit lei daartoe dat hulle nie hul sterkpunte

waardeer nie. Wanneer kinders hul sterktes ontdek, is hulle meer bereid om aan hul probleemareas te werk;

- kinders moet gehelp word om te besef dat foute ervarings is waaruit hulle kan leer. Vir kinders met min hoop laat foute hulle soos mislukkings voel. Dit veroorsaak gevoelens van onbevoegdheid, vermyding van uitdagings en blamering van ander;
- kinders moet van geleenthede voorsien word waar hulle 'n bydrae kan lewer. Dit verhoog volgens Brooks en Goldstein (2001:14) kinders se veerkragtigheid en selfwaarde wanneer hulle suksesvol is en 'n positiewe bydrae kan lewer;
- kinders behoort geleer te word om probleme op te los en besluite te neem. Wanneer hulle aangemoedig word om keuses te maak en besluite te neem in ooreenstemming met hul vlak van ontwikkeling, gee dit 'n gevoel van beheer en bevorder dus hul veerkragtigheid (Goldstein & Brooks, 2002:38); en
- wanneer kinders gedissiplineer word behoort dit op so 'n wyse te geskied dat dit hul selfdissipline en selfwaarde bevorder.

Mallman (2003:5) voeg by dat dit belangrik is dat die volwasse persoon wat 'n kind se veerkragtigheid wil bevorder tyd saam met die kind moet spandeer en saam met die kind moet speel omdat spel so belangrik is vir kinders se ontwikkeling. Deur hul vrae te beantwoord en hulle iets nuuts te help ontdek, word hulle aangemoedig om inisiatief te neem en hul eie kreatiwiteit en belangstellings te ontdek.

Behalwe vir die sekere ingesteldheid teenoor kinders soos hierbo geskets, benodig volwassenes wat veerkragtigheid wil bevorder ook sekere vaardighede in kommunikasie. Dit word vervolgens bespreek.

4.4.3 Kommunikasie en die bevordering van emosionele veerkragtigheid

Volgens Goldstein en Brooks (2002:8) en Hartley-Brewer (2004:217-220) behoort alle interaksie van 'n volwassene met 'n kind daarop gerig te wees om sy vermoë tot veerkragtigheid te bevorder sodat hy uitdagings doelgerig, sorgvuldig, met empatie en vertroue kan benader. Om hierdie doel te bereik moet daar volgens Brooks en Goldstein (2001:47-60) op die volgende gelet word:

- Wees proaktief en kommunikeer oor sake voordat dit probleme word;

- word 'n aktiewe luisteraar. Dit impliseer dat daar sonder vooropgestelde idees en aannames na die kind geluister word. Bekragtig die gevoelens, gedagtes en oortuigings wat die kind kommunikeer. Die volwassene se eie agenda en behoefte om sekere aspekte te beklemtoon mag nie inmeng met sy vermoë om begrip en waardering te hê vir wat die kind probeer sê nie;
- kommunikeer op 'n wyse wat steeds respek vir die kind toon, in 'n atmosfeer waar hy nie die hele tyd op die verdediging hoef te wees nie;
- kommunikeer duidelik en moenie die kind oorlaai met inligting nie;
- modelleer eerlike kommunikasie. Kinders is skerpsinnig en raak gou daarvan bewus as volwassenes die waarheid verdraai of inligting van hulle weerhou;
- kommunikasie is 'n voortdurende proses. Aanvaar dus dat kinders soms 'n spesifieke boodskap meer as een keer moet hoor, byvoorbeeld dat dit nie hulle skuld is dat die ouers geskei het nie (2.2.2.3 verwys); en
- maak speelsheid en humor 'n integrale deel van die kommunikasieproses. Effektiewe aanwending van humor verlaag stresvlakke, help om gesonde perspektief te behou en verskaf plesier (Davis, 2004:108). Navorsing het bewys dat persone wat emosioneel veerkragtig is meer geneig is om humor as 'n hanteringsmeganisme te gebruik (Davis, 2004:108).

Neuman (1998:32) beklemtoon verder die belangrike rol van nie-verbale kommunikasie, aangesien dit die wyse is waarop die meeste kommunikasie plaasvind. Daar behoort dus volgens hom gelet te word op aanraking, oogkontak, 'n vriendelike en ontspanne stemtoon en 'n "oop" liggaamshouding. Benewens effektiewe kommunikasie behoort volwassenes ook vaardighede om probleme op te los by kinders te bevorder.

4.4.4 Probleemoplossende vaardighede en emosionele veerkragtigheid

Daar bestaan 'n wesenlike verband tussen die vermoë om probleme op te los en emosioneel gesonde kinders. Kinders wat probleme kan oplos, is meer veerkragtig en minder geneig om van mense en probleme te onttrek (Shure 2001:4, 7). Hierdie vaardigheid het volgens Shure (2001:10-11) ook die volgende heilsame uitwerking op die kind se lewe:

- Hy kan beter terugbly na mislukkinge, gee nie te gou moed op nie, weet wat om te doen en hoe om dit te doen;

- hierdie kinders voel asof hulle dinge kan laat gebeur eerder as dat die wêreld 'n plek is waar dinge met hulle gebeur;
- hulle ervaar minder stres. Emosionele blokkasies veroorsaak dat kinders probleme ervaar om te konsentreer. Dit benadeel hul vermoë om te leer. Die vermoë en vaardighede om probleme op te los help kinders om druk van ouers, onderwysers en maats beter te hanteer. Minder emosionele druk gee aan die kind groter vryheid om op sy skoolwerk te konsentreer;
- hulle is tot 'n groter mate in staat om boelies te hanteer, druk van die portuurgroep te weerstaan en vriende te maak; en
- pre-adolessente met probleemoplossende vaardighede sal veiliger voel om die menigte veranderings tydens die adolessente fase te hanteer.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat kinders wat hul eie probleme kan oplos bemagtig en nie oorweldig voel nie. Om probleme op te los benodig kinders egter volgens Shure (2001:38) sekere vaardighede. Dit sluit in sensitiwiteit vir sy eie en ander se gevoelens, begrip van motiewe en 'n bewustheid van die gevolge van gedrag. Hierdie vaardighede moedig kinders aan om vooruit te dink en alternatiewe oplossings vir elke probleem te ondersoek.

4.4.5 Gestaltspelterapie en die bevordering van emosionele veerkragtigheid

Volgens Bauman (2002:54) moet 'n terapeut wat emosionele veerkragtigheid by kinders wil bevorder inligting inwin oor die individuele kind in sy konteks. Faktore wat verband hou met emosionele veerkragtigheid moet deur die terapeut ondersoek, bevorder of voorsien word, terwyl die risikofaktore wat teenwoordig mag wees ook geïdentifiseer behoort te word.

4.4.5.1 Identifisering van risikofaktore wat emosionele veerkragtigheid beïnvloed

Volgens Bauman (2002:49) kan risikofaktore wat die kind se emosionele veerkragtigheid beïnvloed, geïdentifiseer word deur die volgende vrae te vra:

- Watter faktore veroorsaak die risiko? Risikofaktore wat volgens bogenoemde skrywer deur navorsing geïdentifiseer is, kan insluit die kind se temperament, sy

gesondheidstoestand, verwaarlosing, mishandeling, geestesgesteldheid van die ouers, rassisme, diskriminasie, armoede en oorlog;

- watter beskermende faktore is teenwoordig vir die kind as individu? Dit kan insluit probleemoplossende vaardighede, outonomieit, sosiale vaardighede, doelgerigtheid en hoop vir die toekoms; en
- watter beskermende faktore voorsien die gesin, skool en gemeenskap? Kry die kind ondersteuning van bogenoemde? Koester hulle hoë verwagtings van hom en voorsien hulle hom van geleenthede vir deelname en betrokkenheid?

Die identifisering van bogenoemde risikofaktore is dus 'n belangrike komponent van assessering tydens die spelterapeutiese proses.

4.4.5.2 Die wyse waarop Gestaltspeltherapie emosionele veerkragtigheid bevorder

Volgens Van der Merwe (1996d:198) behoort terapie 'n kind te bemagtig om vaardighede te ontwikkel om toekomstige probleme te hanteer. Lewis (1999:193) stem saam en beveel aan dat terapie die volgende insluit:

- Rollespel, besprekings en speletjies kan die kind leer om homself te handhaaf. Hierdie kennis kan die kind bemagtig en gevoelens van veiligheid herstel wat tydens teenspoed en trauma beskadig is;
- die aanleer van probleemoplossende vaardighede, effektiewe kommunikasie, selfhandhawing, sosiale vaardighede en selfbeskerming kan verligting verskaf van isolasie en gevoelens van magteloosheid wat gewoonlik na trauma ervaar word; en
- kinders kan ook geleer word om hulp te verkry van volwassenes wat hulp kan verleen byvoorbeeld onderwysers en terapeute. Yates, Egeland en Sroufe (2003:252) bevestig bogenoemde en verklaar dat kinders wat bo hul teenspoed uitgestyg het 'n geskiedenis het van interaksie met 'n volwassene wat die verwagting by hulle gekweek het dat volwassenes 'n belangrike rol kan speel in vertroeteling, ondersteuning, leiding en vervulling van behoeftes.

Gestaltspeltherapie bevorder emosionele veerkragtigheid deurdat dié benadering bewustheid by die kind bevorder, ook aangaande die bronne van veerkragtigheid wat

tot sy beskikking is en waaruit hy krag kan put om teenspoed te oorkom. Hierdie bronne sluit die volgende in (3.3.1 & 4.2.3 verwys):

- Bevordering van bewustheid van sy proses bevorder *Ek is-* en *Ek kan-*faktore;
- bevordering van selfintegrasie bevorder *Ek is-* en *Ek kan-*faktore; en
- bevordering van selfondersteuning bevorder *Ek het-*, *Ek is-* en *Ek kan-*faktore.

Die paradoksale teorie van verandering (3.2.8 verwys) bevorder selfaanvaarding wat noodsaaklik is vir die kind se positiewe selfkonsep (4.4.2 verwys). Tydens die terapeutiese proses word die kind se sin vir self ook deurlopend versterk (3.3.3 verwys). Die terapeutiese verhouding (3.3.2 verwys) bevat ook al die elemente van 'n ingesteldheid wat nodig is om veerkrachtigheid te bevorder.

4.5 EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID EN DIE KIND WAT DEUR EGSKEIDING GETRAUMATISEER IS

Volgens Robinson, *et al.* (2003:88) het navorsing getoon dat kinders nie hul ouers se egskeiding passief beleef nie, maar dat hulle betrokke en kreatiewe deelnemers is wat te midde van die trauma selfs nuwe vaardighede kan bekom byvoorbeeld om by die veranderings aan te pas. Egskeiding kan dus selfs gesien word as 'n geleentheid tot groei en bevordering van kinders se veerkrachtigheid. Dit gebeur wanneer volwassenes volgens Hart (1996:84) die volgende doen:

- Kinders moet sensitief en eerlik hanteer word. Hulle kan vrese wat op die waarheid gebaseer is beter hanteer as vrese wat uit hul verbeelding spruit. Volgens Robinson, *et al.* (2003:88) het kinders tydens en na die egskeiding voortdurend inligting nodig om hulle te help om aan te pas;
- ouers moet aan kinders kommunikeer dat hulle vertrou, gerespekteer en in ag geneem word met die besluitneming oor hul toekoms. Volgens Moxnes (2003:103) lê die waarde van bogenoemde daarin dat kinders alternatiewe hanteringstrategieë kan ontwikkel wanneer daar met hulle onderhandel word en hulle die geleentheid kry om hul eie siening te gee;
- kinders moet die geleentheid gegee word om inligting oor die egskeiding of alle ander ingrypende veranderings in hul lewens te prosesseer. Wanneer kinders voldoende tyd ontvang het om die veranderings te prosesseer, bons hulle gouer terug en verkry hulle weer balans in hul lewens (Hart, 1996:86); en

- kinders se sekuriteit moet opgebou word deur veranderings tydens die egskeiding tot 'n minimum te beperk. Volgens Hart (1996:87) is kinders se veerkragtigheid hoër wanneer hulle in 'n stabiele omgewing kan terugbous.

Volgens Emery (2004:72) beteken veerkragtigheid in die konteks van egskeiding dat kinders steeds toegelaat moet word om kinders te wees. Kinders in die rol van versorger mag dalk die indruk gee dat hulle die egskeiding goed hanteer en vir so 'n rol bevoeg is. Die veerkragtige kind verskil egter van 'n kind in die rol van versorger en lyk volgens Emery (2004:73) **nie** soos volg nie:

- Hy rou nie en is vry van pyn;
- hy is te volwasse vir sy ouderdom. Hy behartig take in die huishouding wat eintlik die ouers se verantwoordelikheid is. Met betrekking tot die egskeiding is hy die ouer se vertroueling, bondgenoot of beste vriend; en
- hy onderdruk sy eie gevoelens om sy ouers te beskerm of omdat hy bang is vir die gevolge. Hy voel ook dat hy nie mag foute maak nie omdat hy bang is dat dit probleme vir sy ouers sal veroorsaak.

Hart (1996:16) stem saam met Emery (2004:73) dat dit foutief is om aan te neem dat die veerkragtige kind altyd sterk en vol moed is. Die vermyding van pynlike gevoelens is juis 'n teken dat die kind **nie** veerkragtig is nie. Marta (2004:182) bevestig ook dat kinders dikwels die pyn van verlies ignoreer eerder as om dit te hanteer. Die rede hiervoor is dat hulle graag "sterk" wil voorkom of te bang is om die vreemde gevoelens hardop uit te spreek. Hierdie hanteringstrategieë is nie bevorderlik vir veerkragtigheid nie.

Luthar en Zigler (in Bauman, 2002:45) waarsku dat terapeute daarop bedag moet wees dat kinders uiterlik veerkragtig mag voorkom weens 'n gebrek aan simptome soos wangedrag en aggressie. Elke trauma het noodwendig 'n invloed op die kind, byvoorbeeld wat betref onuitgedrukte gevoelens en onvoltooidhede. Internalisering van gevoelens kan psigiese probleme soos angs en depressie veroorsaak. Wanneer die egskeidingstrauma dus nie met die kind deurgewerk word nie sal dit onvoltooidhede meebring. Volgens Schoeman (1996a:37) besoedel onvoltooidhede verhoudings met ander persone en is dit een van die grootste probleme wat kinders moet hanteer. 'n Kenmerk van onvoltooidhede is dat dit gedurigdeur vermeerder en later met die kind se funksionering inmeng deurdat sy bewustheid geblokkeer raak en

daar 'n afname in energie is. Die kind kan dus nie genoeg van homself gee in nuwe situasies nie. Wanneer die kind egter as 'n voltooide Gestalt funksioneer is daar 'n oorvloed krag en sterkte (Schoeman, 1996a:38; Schoeman, 1996b:56).

Volgens Marta (2004:60) word veerkragtigheid by kinders bevorder wanneer hulp tydens die rouproses aan hulle verleen word. Volgens dieselfde skrywer sal kinders wat geleer het hoe om te rou nie in die toekoms deur die pyn van verlies oorweldig word nie. Daarom is dit so belangrik dat kinders wat rou nie op hul eie gelaat word nie. Deur middel van die Gestaltspelterapeutiese proses kan kinders juis begelei word om deur onvoltooihede te werk wat deur die egskeiding meegebring is. Daardeur kan hulle toegerus word met vaardighede wat hulle in staat sal stel om in die toekoms suksesvol tydens teenspoed aan te pas.

4.6 SAMEVATTING

Die bevordering van kinders se emosionele veerkragtigheid is noodsaaklik omdat kinders vandag in toenemende mate teenspoed en druk ervaar. Dit kan aanleiding gee tot 'n onvermoë om gesond te funksioneer. Emosioneel veerkragtige kinders kan struikelblokke te bowe kom, terwyl ander slagoffers word van hul ervarings en omgewing. Deur middel van Gestaltspelterapie kan kinders gehelp word om weer na die egskeiding terug te bons en aanpassings te maak om huidige en toekomstige teenspoed te oorkom deur die ontwikkeling van noodsaaklike vaardighede. As deel van die proses om emosionele veerkragtigheid te bevorder behoort daar eers deur die egskeidingstrauma gewerk te word sodat die kind as gesonde geheel en in volle sterkte kan funksioneer.

In Hoofstuk 5 word die verwerking van die empiriese data weergegee wat ingesamel is tydens die aanbieding van die Gestaltspelterapeutiese proses met egskeidings-getraumatiseerde kinders.

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSMETODOLOGIE: EMPIRIESE PERSPEKTIEF EN INTEGRERING VAN BEVINDINGE

5.1 INLEIDING

Hierdie studie is afgebaken tot die identifisering van die impak wat egskeiding het op die kind in die middelkinderjare, die kind se belewing van die egskeiding en die gevolglike gedragsreaksies. Deur waarneming tydens intervensie is die rol van emosionele veerkragtigheid in die herstelproses en die suksesvolle aanpassing daarna ondersoek. Die doel van die empiriese ondersoek was om die navorser in staat te stel om 'n riglyn vanuit die Gestaltbenadering saam te stel met behulp waarvan spelterapeute die emosionele veerkragtigheid van die egskeidings-getraumatiseerde kind kan bevorder. Daardeur kan die kind bemagtig word om die huidige en toekomstige terugslae suksesvol te bowe te kom.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsproses voltooi deurdat 'n uiteensetting gegee word van die navorsingsmetodologie wat tydens die ondersoek benut is, en die bevindinge van die empiriese ondersoek word weergegee.

5.2 NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE STUDIE

Navorsing geskied volgens 'n sekere proses. Volgens Leedy (in Fouché en Delport, 2002b:78) is dit 'n sikliese proses wat begin met 'n probleem en eindig waar die probleem opgelos word. Die elemente van hierdie proses wat tydens hierdie navorsing gevolg is, stem ooreen met die model van Fouché en Delport (2002b:85-91), naamlik:

- Identifisering en formulering van die navorsingsprobleem en navorsingsvraag;
- beplanning van die navorsing deur die seleksie van 'n navorsingsbenadering en die navorsingsontwerp;
- implementering by wyse van die insameling en dokumentering van die data; en
- prosessering en analisering van die data, interpretering van die resultate en skryf van die navorsingsverslag.

5.2.1 Probleemformulering en beplanning vir die navorsing

Weens die toename in die aantal egskeidingsgetraumatiseerde kinders wat deur ouers en onderwysers by die navorser aangemeld is vir hulp, het die navorser bewus geraak van 'n leemte in die praktyk. Daar was naamlik geen spelterapeutiese riglyn beskikbaar om hierdie kinders deur die egskeidingstrauma te begelei en terselfdertyd hulle emosionele veerkragtigheid te bevorder nie. Die behoefte aan emosionele veerkragtigheid is deur sowel die navorser as ander kundiges in die praktyk geïdentifiseer in die lig daarvan dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders dikwels herhaaldelik gekonfronteer word met nuwe aanpassings, teleurstellings of teenspoed wat hulle moet hanteer. Deur emosioneel veerkragtige vermoëns te bevorder kan hierdie kinders met vaardighede bemagtig word om herhaaldelik gedurende tye van teenspoed suksesvolle aanpassings te kan maak.

Tydens hierdie studie is die gebrek aan 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute waarmee emosionele veerkragtigheid by die egskeidingsgetraumatiseerde kind in sy middelkinderjare bevorder kan word as **navorsingsprobleem** geïdentifiseer.

In die lig van die navorsingsprobleem is die **doel** van hierdie studie geformuleer, naamlik om 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saam te stel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

Uit bogenoemde doel het die volgende **doelwitte** voortgevloei, naamlik om deur middel van 'n navorsingsproses die volgende te bereik:

Eerstens, om met behulp van 'n literatuurstudie die volgende drie sentrale temas te verken en te beskryf:

- Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare met spesifieke aandag aan die rouproses en die impak wat egskeiding op die kind het;
- die wyse waarop hulp aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind verleen kan word deur middel van Gestaltspelterapie;
- emosionele veerkragtigheid met spesifieke fokus op die kind in die middelkinderjare deur die ontwikkelingstake te beklemtoon. Verder die wyses waarop volwassenes emosionele veerkragtigheid kan bevorder te verken en beskryf, asook die rol wat Gestaltspelterapie in die bevordering van emosionele

veerkragtigheid kan speel, en die waarde wat dit vir die egskedingsgetraumatiseerde kind kan hê.

Tweedens, om op grond van die literatuurstudie, soos uiteengesit onder doelwit een, 'n program saam te stel wat tydens die Gestaltspelterapeutiese proses benut kan word.

Derdens, om inligting in te samel deur waarneming van vier gevallestudies in die Gestaltspelterapeutiese proses waartydens bogenoemde saamgestelde program benut word.

Vierdens, om deur middel van twee vraelyste wat vooraf getoets is die emosionele veerkragtigheid van die navorsingsdeelnemers te kontroleer nadat intervensie afgehandel is. Die vraelyste word voltooi deur die ouers, onderwysers, die navorser en die navorsingsdeelnemers.

Vyfdens, om aan die hand van 'n vraag tydens 'n semigestruktureerde onderhoud verdere inligting by die ouers in te win oor die gedrag van die deelnemers na voltooiing van die Gestaltspelterapeutiese proses.

Sesdens, om met behulp van die inligting wat op bogenoemde wyses bekom is 'n geskrewe spelterapeutiese riglyn vanuit die Gestaltbenadering saam te stel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskedingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

In die lig van die doel en doelwitte van hierdie navorsing is toegepaste navorsing met 'n verkennende en beskrywende aard benut. Die afwesigheid van 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute aan die hand waarvan egskedingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid verhoog kan word, het 'n behoefte laat ontstaan om hierdie onderwerp te verken en te beskryf. Dit is gedoen deur die verkenning en beskrywing van die egskedingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare, die wyse waarop Gestaltspelterapie met hierdie kinders benut kan word om deur die egskedingstrauma te werk, asook om hul emosionele veerkragtigheid te verhoog. Bogenoemde het gelei tot die daarstelling van 'n geskrewe riglyn vir spelterapeute vanuit die Gestaltbenadering wat deur terapeute benut kan word om die emosionele veerkragtigheid van die egskedingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare te bevorder.

Die benadering tot hierdie studie was kwalitatief van aard met 'n ondergeskikte kwantitatiewe komponent. Die kwalitatiewe aard van die ondersoek was gerig op die

waarneming van vier deelnemers tydens intervensie. Die kollektiewe gevallestudie is dus benut as navorsingsontwerp. Inligting is verder deur 'n semigestruktureerde onderhoud met die ouers ingesamel deur die voltooiing van 'n vraag. Die kwalitatiewe data is minder gestruktureerd ingesamel en die navorser het gepoog om 'n holistiese begrip van die deelnemers te verkry. Die betroubaarheid van die waarnemings is verhoog deur die inligting wat op kwantitatiewe wyse deur middel van vraelyste ingesamel is.

5.2.2 Insameling van inligting

Hierdie studie het gebruik gemaak van meervoudige metings om die betroubaarheid van die studie te verhoog. Triangulering het dus plaasgevind. Daar is gebruik gemaak van triangulering van metodes, waarneming en meting om data in te samel met die doel om die betroubaarheid van die waarneming te verhoog. Inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie, waarneming van vier gevallestudies, semigestruktureerde onderhoude met die ouers en vraelyste met geslote vrae wat voltooi is deur die navorsingsdeelnemers, ouers en onderwysers van die deelnemers en die navorser. Die insameling van inligting sal vervolgens meer volledig bespreek word.

5.2.2.1 Literatuurstudie

Tydens hierdie studie het die bestudeerde teorie die studie gelei en gerig voordat data ingesamel is. Die vooraf in-diepte literatuurstudie het dus as basis gedien op grond waarvan alle verdere data ingesamel is. 'n Verskeidenheid betroubare resente en historiese bronne is geraadpleeg. Die volgende drie sentrale temas is verken en beskryf:

- Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare is beskryf met spesifieke aandag aan die rouproses en die impak wat egskeiding op die kind in die middelkinderjare het (Hoofstuk 2 verwys);
- die wyse waarop hulp aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind verleen kan word deur middel van Gestaltspelterapie. Die teoretiese perspektief eie aan die Gestaltbenadering is ook uiteengesit (Hoofstuk 3 verwys); en
- emosionele veerkragtigheid met die fokus op die kind in die middelkinderjare. Die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare is spesifiek beklemtoon.

Verder is die wyses waarop volwassenes emosionele veerkragtigheid kan bevorder, die rol wat Gestaltspeltherapie in die bevordering van emosionele veerkragtigheid kan vervul, asook die waarde wat dit vir die egskedingsgetraumatiseerde kind kan hê verken en beskryf (Hoofstuk 4 verwys).

Die literatuurstudie het ook as 'n voorondersoek gedien. Dit is benut vir die opstel van 'n program wat as hulpmiddel in die waarneming van die gevallestudies tydens intervensie gebruik is. In die loop van die literatuurstudie is die behoefte aan 'n speltherapeutiese riglyn vir die bevordering van emosionele veerkragtigheid by egskedingsgetraumatiseerde kinders bevestig.

5.2.2.2 Waarneming van gevallestudies

Hierdie studie was 'n kollektiewe gevallestudie waartydens vier deelnemers, twee seuns en twee dogters, volgens doelgerigte steekproefneming uit die teikenpopulasie geselekteer is. Gedurende die gevallestudie is die respondente waargeneem terwyl hulle 'n voorafopgestelde speltherapeutiese program met agt temas deurloop het. Die program is aangebied in die tydperk vanaf Mei tot September 2007. Daar is beplan om die program in agt sessies van een uur elk deur te werk. By geleentheid was die sessies egter korter weens onvoorsiene veranderings in die skoolprogram, sodat die betrokke tema dan oor twee sessies gestrek het. Die program is ook onderbreek weens 'n staking en die sluiting van die skool. Die skoolvakansie was ook 'n verdere onderbreking. Dit het meegebring dat die tydperk uiteindelik langer as agt weke geduur het en die sessies nie opeenvolgend was nie. Alhoewel bogenoemde steurend was, het dit nie negatief ingewerk op die proses van data-insameling nie.

5.2.2.2.1 Kriteria vir die seleksie van deelnemers

Toestemming is van die skoolhoof van Laerskool Heuwelland in Empangeni verkry om kinders van die skool by die navorsingsprojek te betrek. Ouers en onderwysers is aan die projek bekend gestel. Die deelnemers is deur ouers en onderwysers geïdentifiseer omdat dit kinders was wat volgens hulle mening terapeutiese hulp benodig het weens gedragsprobleme tuis of by die skool. Alle kinders wat aan die kriteria voldoen het en vir speltherapie aangemeld het gedurende Mei 2007 is as deelnemers geselekteer. Deelnemers moes aan die volgende kriteria voldoen:

- Die kinders moes in Empangeni in die uThungulu-distrik woonagtig wees en ingeskrewe leerlinge van die Laerskool Heuwelland;
- deelnemers kon van enige geslag wees tussen die ouderdomme van agt en twaalf jaar. Hulle moes kinders van geskeide ouers wees en nog nooit voorheen terapie ontvang het nie; en
- die leerlinge moes bereid wees om speltherapie by die navorser te ontvang vanaf die tydperk Mei tot September 2007.

Vier deelnemers, twee seuns en twee dogters, wat aan bogenoemde kriteria voldoen het, het die steekproef gevorm.

5.2.2.2 Program wat tydens die spelterapeutiese proses met die deelnemers benut is

’n Program is saamgestel wat tydens die Gestaltspeltherapeutiese proses benut kon word. Dit is aan die studieleier vir goedkeuring voorgelê. Die program was gerig op identifisering van die impak wat egskeiding op die kind in die middelkinderjare het, die kind se belewing van die egskeiding en die gevolglike gedragsreaksies. Die rol wat die bevordering van emosionele veerkragtigheid kan speel tydens die herstelproses en suksesvolle aanpassing daarna is deur waarneming tydens intervensie ondersoek. Die program is dus vir sowel die intervensie as die waarneming benut. Die verskillende temas en die doel van elke tema wat tydens die spelterapeutiese proses aangebied is, word bespreek onder die prosessering van inligting (5.2.3.1 verwys). Die hulpmiddels wat gebruik is, soos aangepaste bordspeletjies, werkvelle en werkboeke word in Bylae E aangedui.

5.2.2.3 Voltooiing van vraag deur ouers van deelnemers

Daar is van ’n semigestruktureerde onderhoud met die ouers van die deelnemers gebruik gemaak waartydens hulle die volgende vraag moes voltooi, naamlik: *Is daar ’n verskil in die kind se gedrag nadat hy terapie ontvang het? Motiveer asseblief u antwoord.*

5.2.2.4 Voltooiing van vraelyste deur navorsers, onderwysers, ouers en deelnemers

Daar is tydens hierdie navorsing gebruik gemaak van die volgende twee voorafopgestelde vraelyste (sien Bylae C en D):

- 'n Kontrolelys met geslote vrae wat opgestel en getoets is deur die *International Resilience Project*. Dit is deur ouers, onderwysers en die navorsers voltooi om persepsies van veerkragtigheid by kinders vas te stel; en
- 'n vraelys met geslote vrae wat opgestel en getoets is deur Greeff (2005a:29) waartydens kinders in die middelkinderjare hul eie veerkragtigheid evalueer.

Alhoewel die vraelyste vooraf opgestel en getoets is, is dit deur die navorsers aangepas tot geslote vraelyste. Die redes hiervoor is reeds volledig in Hoofstuk 1 uiteengesit (1.7.1.4 verwys). Die vraelyste is in teenwoordigheid van die navorsers aan die respondente oorhandig om te voltooi. Die navorsers was dus beskikbaar indien die respondente probleme sou ervaar. Geen probleme is egter ervaar nie.

5.2.3 Prossering van inligting en bevindinge

Data is op verskeie wyses ondersoek, sodat die navorsers die verband tussen verskillende aspekte van die navorsingsdeelnemers se verskillende situasies, oortuigings en optrede kon peil. Data tydens die gevallestudies verkry is opgesom, onder temas gerangskik en georganiseer, sodat sekere patrone geïdentifiseer kon word met die doel om die verband tussen die kategorieë bloot te lê. Weens die beperkte omvang van die navorsing is slegs 'n verteenwoordigende gedeelte van die vernaamste patrone wat aan die lig gekom het, beskryf. Die bevindinge van die studie word in teks-, tabel- en grafiekvorm aangebied. Hierdie proses het die aanloop gevorm vir die integrering van die teorie en die praktyk deur die samestelling van 'n riglyn.

5.2.3.1 Waarneming van gevallestudies

Identifisering en assessering van inligting ingewin tydens die spelterapeutiese proses is weergegee. Slegs die vernaamste aspekte wat met die hantering van elke tema aan die lig gekom het, is na vore gebring. Die deelnemers se belewenisse,

persepsies en gedrag wat na vore gekom het, is bloot beskryf en nie verklaar nie. Die effektiwiteit van die tema en die program is ook geëvalueer.

Hierdie studie is vanuit die perspektief van die Gestaltbenadering gedoen. Holisme en die veldteorie vorm 'n integrale deel van hierdie benadering (3.2.2 verwys). Daarvolgens kan die persoon en sy simptome nie afsonderlik van sy omgewing verstaan word nie en word die persoon ook beïnvloed deur dit wat rondom hom gebeur. Bauman (2002:54) beklemtoon ook dat die terapeut wat kinders se veerkragtigheid wil bevorder inligting oor die kind in sy konteks behoort in te win en dat die risikofaktore wat die kind se veerkragtigheid beïnvloed ook geïdentifiseer behoort te word (4.4.5.1 verwys). Op grond van bogenoemde ag die navorser dit noodsaaklik om kortliks 'n profiel van elke deelnemer te gee, aangesien elke deelnemer se unieke omstandighede by die evaluering van die resultate in ag geneem behoort te word.

5.2.3.1.1 Deelnemers

Inligting oor die deelnemers is aanvanklik uit die aanmeldingsonderhoud met die ouers bekom en tydens die Gestaltspelterapeutiese proses aangevul. Ten einde vertroulikheid te verseker word daar deurlopend na die twee seuns as S1 en S2 verwys en na die dogters as D1 en D2. Deelnemers S2 en D2 is uit dieselfde gesin afkomstig. Vervolgens word in Tabel 5.a elke deelnemer in sy konteks weergegee.

Tabel 5.a: Agtergrondgegevens met betrekking tot deelnemers

| Deelnemer | S1 | S2 | D1 | D2 |
|--|--|--|---|---|
| Ouderdom van deelnemer | 9 Jaar | 8 jaar | 9 Jaar | 12 Jaar |
| Tydperk sedert ouers geskei is | 6 Jaar | 2 Jaar | 1 Jaar | 2 Jaar |
| Toesighoudende ouer | Moeder | Vader | Vader | Vader |
| Kontak met die nie-toesighoudende ouer | Gereelde telefoniese kontak en gereelde besoeke by die vader | Feitlik geen kontak. Indien daar wel telefoniese kontak is, word dit gewoonlik | Gereelde telefoniese kontak en besoeke tydens vakansies | Feitlik geen kontak. Indien daar wel telefoniese kontak is, word dit gewoonlik deur |

| | | | | |
|--|--|--|--|--|
| | tydens naweke. Die vader is ook betrokke by skoolprojekte. | deur die vader geïnisieer op aandrang van die deelnemer. | indien die moeder se finansies en verhoudings dit toelaat. | die vader geïnisieer op aandrang van die deelnemer. |
| Aard van huidige omstandighede | Bestendig. Woon saam met sy moeder by sy grootouers. Sy vader het sy verlowing wat gekenmerk was deur konflik verbreek. | Onbestendig. Verhuis dikwels. Hy is blootgestel aan verskeie verhoudings wat die vader aanknoop. Hy word ook blootgestel aan konflik wat die vader met sy moeder en ander familie het. Finansiële probleme kom ook voor. | Bestendig. Vader verloor aan 'n vrou wat by hulle inwoon. Soms konflik tussen die volwassenes oor die dissiplinering van die kinders. | Onbestendig. Verhuis dikwels. Sy is blootgestel aan verskeie verhoudings wat die vader aanknoop. Sy word ook blootgestel aan konflik wat die vader met haar moeder en ander familie het. Finansiële probleme kom ook in die gesin voor. |
| Aard van die gedragsprobleme by aanmelding soos dit deur die betrokke ouer geïdentifiseer is | Voel verwerp deur sy vader se verloofde. Kry woedebuie en stamp dan sy kop teen die muur. Huilerig en onttrek hom dikwels. Praat nie oor sy gevoelens nie. | Baie huilerig. Kla voortdurend dat hy na sy ma verlang. Plaas druk op sy vader om met sy moeder te versoen. Klagtes van ongehoorsame gedrag by die skool en tuis. Hiperaktief. Soek altyd aandag. Dikwels in konflik met sy suster en maats. Maak bed nat en kou sy naels. | Sy is voortdurend huilerig en verlang na haar moeder. Onttrek haar wanneer sy hartseer is. Voortdurende konflik met haar broer en nefie. Min selfvertroue. | Emosies wissel voortdurend. Dikwels huilerig, en veeleisend. Verlang voortdurend na moeder. Plaas druk op vader om te versoen met moeder. Geen belangstelling in skoolwerk. Dikwels in konflik met vader, broer en maats. Psigosomatiese simptome soos hoofpyn en maagpyn is aanwesig. |

5.2.3.1.2 Bespreking van die agt temas wat tydens die spelterapeutiese proses met deelnemers deurgewerk is

Die verskillende temas wat tydens die spelterapeutiese program deurgewerk is, word elkeen afsonderlik op die volgende wyse bespreek:

- Elke tema word genoem en die doel daarvan uiteengesit. Die volledige uiteen-

setting van die vorm van spel en aktiwiteite word nie onder die prosessering van inligting gegee nie weens die beperkte omvang van die studie. Dit word wel volledig uiteengesit in die riglyn vir spelterapeute wat ooreenstem met die program wat tydens die navorsing met die deelnemers gevolg is (5.2.4 verwys);

- vernaamste aspekte wat met die hantering van elke tema na vore gekom het; en
- evaluering van die effektiwiteit van die program.

Tema 1: Kontakmaking met die kind

| | |
|------|--|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Bring 'n ek-jy-verhouding met die kind tot stand. • Bevorder bewuswording van sy eie proses. • Bevorder die kind se sensoriese en liggaamlike kontakmaking. • Versterking van die kind se sin vir self. |
|------|--|

Beduidende patrone wat na vore gekom het, word in Tabel 5.b aangedui.

Tabel 5.b: Kontakmaking met deelnemers

| Aspekte wat na vore gekom het | Assessering van die kind se gedrag |
|--|--|
| Al die deelnemers kon verduidelik waarom hulle terapie bywoon en wou graag hulp ontvang. | Bewustheid van hul eie proses beteken dat kinders weet wat hulle nodig het (3.3.1.1 verwys). |
| Die deelnemers kon almal stellings maak oor waarvan hulle hou en nie hou nie en wat hulle graag wil hê. | Bewustheid van hul eie proses impliseer dat kinders weet waarvan hulle hou en wat hulle wil hê (3.3.1.1 verwys). |
| Twee deelnemers het redelik positief oor hulleself gevoel terwyl twee ontevrede met hulleself was. Al vier deelnemers wou graag verander. | 'n Swak sin vir self is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n kind probleme het (3.2.4 verwys). Selfondersteunende gedrag impliseer selfaanvaarding, wat by hierdie deelnemers afwesig is (3.3.1.2 verwys). Alhoewel al vier deelnemers wil verander, vind verandering volgens die paradoksale teorie van verandering eers plaas wanneer hulle weens verhoogde bewustheid die onaanvaarbare dele in hulself kan aanvaar (3.2.8 verwys). |
| Twee deelnemers het maklik keuses gemaak, terwyl twee deelnemers moeilik keuses gemaak het en voortdurend goedkeuring wou hê voor elke keuse wat hulle maak. | Samevloeiing as kontakgrensversteuring is dikwels aanwesig by kinders met 'n swak sin vir self. Gevolglik maak hulle moeilik keuses en is van ander se goedkeuring afhanklik (3.2.5.3 verwys). |

| | |
|--|--|
| Al vier die deelnemers was steeds hoopvol dat hulle ouers sal versoen. | Kinders van geskeide ouers het dikwels onrealistiese verwagtings dat hul ouers sal versoen (2.4.1 verwys). Dit beteken dat hulle nog nie tot by die fase van aarvaarding in die rouproses gevorder het nie wat die herstelproses vertraag (2.2.2.10 verwys). |
|--|--|

Die sessie kan as effektief beskou word, aangesien die hoofdoel, naamlik om met die deelnemers kontak te maak, bereik is. Met die bordspeletjie as hulpmiddel kon daar suksesvol 'n terapeutiese verhouding met al vier die deelnemers gebou word. Die deelnemers het ook die geleentheid gekry om;

- Deur spel en pret stellings oor hulleself te maak en daardeur bewustheid van hul eie proses te bevorder;
- hul sin vir self te versterk deurdat ruim geleentheid vir die maak van keuses aan hulle voorsien is; en
- beheer en bemeestering tydens die proses te ervaar waar hulle smake, vorms, teksture en kleure moes onderskei. Dit was ook vir hul sensoriese kontakfunksies bevorderlik.

Tema 2 en 3: Die egskeidingstrauma en emosionele geletterdheid

Die resultate van die waarneming by Tema 2 en 3 word gesamentlik bespreek. Hierdie twee temas is aangebied in ooreenstemming met die deelnemers se proses en voorgrondbehoefte en het nie noodwendig in hierdie bepaalde volgorde plaasgevind nie. Al die aspekte is egter tydens die speltherapeutiese proses gedek.

Tema 2: Die egskeidingstrauma

| | |
|-------------|--|
| Doel | Werk deur die egskeidingstrauma met die kind sodat sy bewustheid van sy belewing van die egskeiding bevorder kan word. |
|-------------|--|

Tema 3: Emosionele geletterdheid – herkenning en uitdrukking van emosies

| | |
|-------------|--|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Bemagtig die kind deur sy emosionele geletterdheid te bevorder. • Uitdrukking van emosies rondom die egskeiding. • Bevorder selfintegrasie deur die voltooiing van onvoltooidhede met betrekking tot die egskeiding. |
|-------------|--|

Beduidende patrone wat na vore gekom het, word in Tabel 5.c aangedui.

Tabel 5.c: Herkenning en uitdrukking van emosies rondom die egskеiding

| Aspekte wat na vore gekom het | Assessering van die impak van die egskеiding en die emosies wat deur die deelnemers ervaar word |
|---|---|
| Vier deelnemers is dikwels hartseer en verlang na die afwesige ouer. | Verlange is een van die fases in die rouproses en word daardeur gekenmerk dat die kind voortdurend van die afwesige persoon praat. Volgens Marta (2004:80) is dit 'n gesonde teken solank die kind net in die rouproses vorentoe beweeg. |
| Vier deelnemers voel bekommerd oor hul ouers. Drie deelnemers is ook bang dat hul ouers sal doodgaan. | Kinders in die middelkinderjare het 'n groter risiko vir depressie, aangesien hulle meer bekommerd is oor die toekoms (2.4.2 en 2.2.2.9 verwys). Vrees as een van die fases van die rouproses kom algemeen voor aangesien kinders se bron van sekuriteit, die gesin, verbrokkel het (2.3.2 verwys). Hulle kan hulle dikwels bekommer oor siekte, dood, ouers en voedsel (2 2 2 4 verwys). |
| Drie deelnemers ervaar skuldgevoelens oor die egskеiding. | Vir kinders in die middelkinderjare het alles wat hulle doen 'n impak op die persone rondom hulle. Daarom voel hulle 'n sekere mate van verantwoordelikheid vir hul ouers se egskеiding en blameer hulle hulleself. Skuldgevoelens werk negatief in op die kind se selfbeeld (2.2.2.3 verwys). Hulle behoort daarom voortdurend daaraan herinner te word dat dit nie hulle skuld is nie (2.4.1 verwys). |
| Drie deelnemers voel magteloos en alleen wanneer hul ouers baklei. | Navorsers stem saam dat konflik tussen ouers voor en na die egskеiding kinders se suksesvolle aanpassing negatief beïnvloed. Dit laat kinders magteloos voel (Marta 2004:125). |
| Drie deelnemers voel kwaad vir hul ouers oor die egskеiding. | Woede word as 'n normale reaksie op verlies beskou en kom veral voor by die kind in die middelkinderjare omdat die kind voel dat hy geen beheer oor die situasie het nie. Hy projekteer ook dikwels sy woede op sy versorgers soos deelnemers S2 en D2, of op sibbe soos deelnemers S2, D1 en D2 (2.2.2.5, 2.4.1 en 3.2.5.2 verwys). |
| Een deelnemer voel oorweldig deur die bykomende verantwoordelikhede. | Aangesien kinders dikwels na die egskеiding opgesaal word met volwasse verantwoordelikhede lei dit tot hipervolwassenheid. Indien dit oor 'n lang tydperk aanhou kan dit die kind se ontwikkeling negatief beïnvloed soos met hierdie deelnemer wat nie tyd het om te fokus op skoolwerk nie (2.3.2 verwys). |
| Normalisering van die egskеiding het al vier deelnemers beter en minder alleen laat voel. | Normalisering van kinders se gevoelens, gedrag en omstandighede kan 'n bydra lewer tot die kind se herstelproses en veral sy selfbeeld. Dit is egter belangrik dat die kind se eie gevoelens en beleving van sy situasie bekragtig word tydens normalisering (Geldard & Geldard, 2002:119). |
| Al die deelnemers kon emosies herken, benoem | Herkenning van emosies en die liggaamlike simptome is een van die vaardighede wat noodsaaklik is vir emosionele intelligensie Dit dra by tot die effektiewe |

| | |
|---|---|
| en aandui wanneer hulle dit ervaar en kon hul liggaamlike simptome beskryf. | bestuur van emosies wat 'n belangrike komponent is van emosionele veerkragtigheid (De Klerk & Le Roux, 2003:11). |
| Al vier deelnemers kon verliese sowel as positiewe uitkomst na die egskeiding identifiseer. | Volgens Shure (2000:43) is kinders wat beseft dat hulle gemengde gevoelens oor dieselfde saak kan hê, in staat om te fokus op die positiewe gevoelens en sodoende baie van hul vrese te oorkom. |
| Drie deelnemers het behoefte gehad om 'n helende ritueel uit te voer. | Volgens Blom (2004:223) kan 'n helende ritueel 'n kind help om na verlies vorentoe te beweeg. Dit kan dus ook help om onvoltooidhede te voltooi sodat die kind as geïntegreerde geheel kan funksioneer. |

Deurwerking van Tema 2 en 3 tydens die spelterapeutiese proses en die insluiting van die temas in die program kan om die volgende redes as suksesvol beskou word:

- Die gebruikmaking van bibliospel vir deurwerking van die egskeidingstrauma was effektief. Van der Merwe (1996a:108) bevestig dat bibliospel effektief met egskeidingsetraumatiseerde kinders aangewend kan word (3.3.4.1 verwys). Al vier deelnemers kon die projeksie besit. Dit het die egskeiding vir hulle genormaliseer wat veral vir kinders in die middelkinderjare belangrik is weens hul toenemende bewustheid van die portuurgroep (4.3.2 verwys). Alhoewel dit vir al vier deelnemers 'n pynlike proses was om deur die egskeidingstrauma te werk, het dit selfintegrasie bevorder deurdat onvoltooidhede soos skuldgevoelens voltooi is. Die helende ritueel het ook tot laasgenoemde bygedra.
- Al vier deelnemers se bewustheid oor hul belewing van die egskeiding is bevorder en hulle kon die emosies en verliese identifiseer wat deur die egskeiding meegebring is.

Tema 4 en 5: Effektiewe bestuur van emosies, kommunikasie en probleemoplossing

Tema 4 en 5 word gesamentlik bespreek, aangesien daar 'n noue verband is tussen die effektiewe bestuur van emosies en effektiewe kommunikasie.

Tema 4: Emosionele geletterdheid – effektiewe bestuur van emosies

| | |
|-------------|---|
| Doel | Om die kind te bemagtig deur hom daarvan bewus te maak dat hy sy emosies effektief kan bestuur. |
|-------------|---|

Tema 5: Kommunikasie en probleemoplossing

| | |
|-------------|---|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om die kind te bemagtig om effektief te kommunikeer. • Om die kind te bemagtig deur sy vermoë tot probleemoplossing te bevorder. |
|-------------|---|

Beduidende patrone wat na vore gekom het, word in Tabel 5.d aangedui.

Tabel 5.d: Effektiewe bestuur van emosies, kommunikasie en probleemoplossing

| Aspekte wat na vore gekom het | Assessering van die deelnemers se vermoëns om hul emosies effektief te bestuur, te kommunikeer en probleme op te los |
|---|--|
| Deelnemers S1 en D1 kon self hul gedrag identifiseer, naamlik dat hulle onttrek tydens konflik. of wanneer hulle emosioneel ontsteld is. | Kontakgrensversteurings kom dus by hierdie deelnemers voor wat dan van retrofleksiewe gedrag gebruik maak. Hulle onttrek tydens konflik of wanneer hulle ontsteld is en beskou dit as gevaarlik om hul emosies uit te spreek. Retrofleksie kom algemeen voor by egskeidingsgetraumatiseerde kinders (3.2.5.4 verwys). |
| Deelnemers S2 en D2 identifiseer dat hulle dikwels in konflik is met mekaar, hul maats en hul vader. Hulle erken dat hulle tydens konflik reageer deur te boelie en mekaar fisies af te knou. Beide ervaar psigosomatiese simptome. | Projeksie as kontakgrensversteuring is dus by hierdie deelnemers aanwesig deurdat hulle van aggressiewe gedrag gebruik maak en ander blameer en verantwoordelik hou vir alles wat met hulle gebeur (3.2.5.2 verwys). Die manifestering van psigosomatiese simptome (maagpyn, hoofpyn, hiperaktiwiteit) wat by albei hierdie deelnemers voorkom, kan ook 'n aanduiding van retrofleksie wees. |

Die deurwerking van die betrokke temas het die volgende waarde gehad en kan dus as suksesvol gesien word:

- Al vier deelnemers het 'n goeie begrip ontwikkel van die verband tussen hul denke, emosies en gedrag, aangesien dit prakties van toepassing gemaak is op hul verhouding met hul ouers, sibbe en maats.
- Die gebruik van die verkeersligtegniek om emosies en gedrag te bestuur word as effektief beskou, aangesien die deelnemers almal met 'n verkeerslig bekend is en dus daarmee kon identifiseer. Deelnemers het dit ook beskou as 'n effektiewe manier om hulleself in enige situasie te kalmeer en het daarna uitgesien om dit tuis en by die skool te gaan toepas.

- Deelnemers was aanvanklik onwillig om ek-boodskappe in te oefen. Hulle het dit egter later reggekry nadat daar van vergroting gebruik gemaak is en die atmosfeer na prettig en spelerig verander is. Volgens De Klerk en Le Roux (2003:11) ontlok kinders wat op 'n onbeheersde wyse uiting aan hul gevoelens gee negatiewe reaksies by ander, wat hul eiewaarde verlaag. Inoefening van ek-boodskappe is 'n belangrike komponent van emosionele uitdrukking omdat egskeidingsgetraumatiseerde kinders dikwels met ontstellende emosies gekonfronteer word wat hulle effektief behoort te bestuur.

Tema 6 en 7: Selfbeeld, selfhandhawing en selfstandige en verantwoordelike optrede

Tema 6 en 7 het gehandel oor die kind se selfbeeld, selfhandhawing en selfstandige en verantwoordelike optrede. Die uitkomst word gesamentlik bespreek omdat selfbeeld en selfhandhawing volgens Greeff (2005a:90) interafhanklik van mekaar is.

Tema 6: Selfbeeld

| | |
|-------------|--|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om die kind aan te moedig om trots te wees op homself. • Om bewustheid van sy sterkpunte en groeiareas by die kind te bevorder. • Om die kind aan te moedig om liefdevol en empaties op te tree. |
|-------------|--|

Tema 7: Selfhandhawing en selfstandige en verantwoordelike optrede

| | |
|-------------|---|
| Doel | <p>Om bewustheid van die volgende by die kind te bevorder:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dat hy oor die potensiaal beskik om selfstandig en verantwoordelik op te tree; • dat hy volwassenes in sy lewe het wat hom aanmoedig om selfstandig en verantwoordelik op te tree; • dat daar reëls is wat nagekom moet word; en • dat hy trots kan wees op die keuses wat hy maak. |
|-------------|---|

Beduidende patrone wat na vore gekom het, word in Tabel 5.e aangedui.

Tabel 5.e: Selfbeeld, selfhandhawing, selfstandige en verantwoordelike optrede

| Aspekte wat na vore gekom het | Assessering van die deelnemers se selfbeeld en vermoëns tot selfhandhawing |
|--------------------------------------|---|
| Al vier die deelnemers het | Bewustheid van hul eie proses bring mee dat kinders bewus word van die |

| | |
|---|--|
| <p>legkaarte van hulleself gemaak, wat 'n aanduiding van hul proses was. Deur middel van 'n werkvel kon hulle identifiseer hoe hulle konflik en mense hanteer.</p> | <p>feit dat hulle keuses kan maak met betrekking tot die bevrediging van hul behoeftes en uitdrukking van hul emosies. Dit werk daartoe mee dat hulle in kontak met hulleself en die omgewing geplaas word (Blom, 2004:53). Bogenoemde aspekte dra by tot die bevordering van emosionele veerkragtigheid.</p> |
| <p>Deelnemers S1 en D1 het albei 'n positiewe selfbeeld openbaar terwyl deelnemers S2 en D2 albei 'n swak selfbeeld openbaar het.</p> | <p>Selfbeeld is volgens Greeff (2005a:90) die som van selfvertroue en selfrespek en sluit in om goed te voel oor jouself en om jouself positief te sien. Deelnemers S2 en D2 se negatiewe selfbeeld word weerspieël in dit wat hulle van hulleself sê, die probleme wat hulle met die maak van keuses ervaar en die probleme wat veral S2 ervaar het om homself tydens die bordspeletjie te handhaaf. Volgens Greeff (2005a:90) behoort die huis 'n omgewing te skep waar die kind se selfbeeld bevorder, beskerm en vertroetel word. Die afwesigheid van so 'n omgewing in S2 en D2 se lewens kan as die hooforsaak van hul swak selfbeeld gesien word.</p> |
| <p>Deelnemers S1 en D1 kon hulleself tydens die bordspeletjie effektief handhaaf en onveilige situasies suksesvol identifiseer. Deelnemer D2 was slegs redelik suksesvol. Deelnemer S2 het gebrekkige vermoë getoon om onveilige situasies te identifiseer en homself tydens die bordspeletjie te handhaaf.</p> | <p>Ouers beïnvloed die kind se selfbeeld. Hulle is 'n kritieke bron van inligting vir elke kind om aan die kind voor te hou watter tipe persoon hy is. Aangesien selfbeeld en selfhandhawing volgens Greeff (2005a:90) interafhanklik is van mekaar, blyk dit duidelik waarom deelnemer S2 probleme ervaar om homself te handhaaf.</p> |

Egskeiding ontwig die gesin en veroorsaak dat gevoelens van verlies aan sekuriteit ontstaan. Die grondslag waarop 'n kind se selfbeeld gevorm word, word dus ondermyn (Hart, 1996:121). Volgens Branden (in Greeff, 2005a:91) kan persone met 'n goeie selfbeeld teenspoed meer effektief te bowe kom. Elemente wat selfbeeld bevorder is emosionele sekuriteit, fisiese veiligheid, wat die afwesigheid van intimidasie en vrese insluit, en 'n persoonlike identiteit.

Die gebruik van die aangepaste bordspeletjie tydens die spelterapeutiese proses kan weens die volgende redes as effektief beskou word:

- Die deelnemers is deur spel en pret aan verskillende situasies blootgestel sonder om bedreig te voel. Daardeur het hulle geleentheid gekry om hulleself te handhaaf, keuses oor optredes te maak en ek-boodskappe te gee;
- die speletjie bied volop geleentheid vir die maak van keuses; en
- al bogenoemde dra by tot versterking van die kind se sin vir self.

Tydens hierdie speletjie word die kind dus met vaardighede bemagtig wat sy emosionele veerkragtigheid bevorder.

Tema 8: Toekomsvisie - vol hoop, geloof en vertrou. Evaluering, samevatting en terminering van terapie

| | |
|-------------|---|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om bewustheid by die kind te bevorder dat daar hoop is vir die toekoms. • Hersiening, evaluering en voorbereiding vir terminering van terapie. |
|-------------|---|

Beduidende patrone wat na vore gekom het, word in Tabel 5.f aangedui.

Tabel 5.f: Deelnemers se toekomsvisie

| Deelnemers | Assessering van deelnemers se toekomsvisie |
|---|---|
| Drie deelnemers wou graag gelukkig getroud wees en kinders hê. | Een van die positiewe uitkomstes van egskeiding is dat kinders dikwels gemotiveer word om self in hul huwelik suksesvol te wees (2.3.3 verwys). |
| Al vier deelnemers het sterk daarvoor gevoel dat hulle geen bakleiery in hul huwelik of toekomstige lewe wil hê nie. Hulle wou graag gelukkig wees. | Dit is veelseggend dat al vier deelnemers meld dat hulle nie bakleiery in hul toekoms wil hê nie. Zimmerman en Thayer (2003:14-15) bevestig dat konflik tussen ouers die kinders as volwassenes steeds kan affekteer, aangesien die ouers nie vaardighede om konflik effektief op te los gemodelleer het nie. Dit is 'n bevestiging dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders met vaardighede toegerus moet word om konflik effektief te hanteer. |
| Al vier deelnemers wou verder studeer, groot huise, diere en 'n goeie werk hê. | Al vier deelnemers het 'n duidelike toekomsvisie gehad en was hoopvol dat hulle hul ideale gaan bereik. Hoop is krities vir kinders se toekomsvisie en selfbeeld. Dit is waarom kinders met weinig hoop se foute hulle soos mislukkinge laat voel (4.4.2. verwys). |

Emosioneel veerkragtige mense het hoop vir die toekoms. Volgens Greeff (2005a:146) is dit nodig dat kinders weet waarvan hulle hou en waarheen hulle wil gaan wanneer hulle vir die toekoms beplan. Om die einde in die oog te hou is

noodsaaklik vir toekomsbeplanning. Skoolgaan kry volgens bogenoemde skrywer ook 'n ander betekenis wanneer kinders weet waarheen hulle wil gaan. Deur hierdie tema te benut, het die deelnemers dus pertinent aan hul toekoms begin dink.

Tabel 5.g: Evaluering van die speltherapie deur deelnemers

| Deelnemer | Evaluering |
|------------------|---|
| S1 | Hy voel of hy 'n nuwe lewe begin het, want hy voel nie meer kwaad nie. Hy voel beter oor die egskeiding. Hy kom nou beter met sy ma oor die weg. Wat hy geleer het wil hy gebruik soos die ek-boodskappe. Hy was gereed en gewillig dat terapie beëindig word. |
| S2 | Hy voel anders, want hy en tannie kon lekker speel. Therapie help hom om met sy lewe reg te kom en met die baie probleme, soos wanneer hy hartseer is. Hy het geleer hy moet iemand vertel, want dan sal hulle hom help. Hy was nog nie gereed nie en onwillig dat terapie beëindig word. |
| D1 | Terapie het haar gehelp om nie meer so hartseer te voel nie. Sy voel dat sy baie geleer het, soos dat dit nie haar skuld is dat haar ouers geskei het nie. Sy het ook geleer dat sy sterk moet wees as ander met haar baklei. Sy was gereed en gewillig dat terapie beëindig word. |
| D2 | Sy het gevoel dat sy gehelp is met alles waarmee sy sukkel. Sy beseft nou dat sy nie haar ouers kan verander nie. Sy voel nie meer skuldig oor die egskeiding nie. Sy is onwillig en voel nog nie gereed dat terapie beëindig word nie. |

Bevordering van kinders se emosioneel veerkragtige vermoëns sluit in dat hulle self oor sake moet besin en hul eie insette en die gevolge daarvan moet kan evalueer (Greeff, 2005a:166). Tydens voltooiing van die vraelys en die hersiening en evaluering van die terapeutiese proses het dit wel plaasgevind. Twee deelnemers met hoër veerkragtige vermoëns was gereed vir die beëindiging van terapie. Twee deelnemers, S2 en D2, met laer veerkragtige vermoëns het verdere terapie versoek. Dit toon dat hulle bewus is van hul proses en dat hulle in die hier en nou keuses kan maak. Hulle het egter nog nie na selfondersteuning beweeg soos deelnemers S1 en D1 nie. Die deelnemers was almal van mening dat hulle tydens die speltherapeutiese proses met nuwe vaardighede bemagtig is.

5.2.3.2 Semigestruktureerde onderhoud met ouers

Na intervensie moes die ouers as respondente die volgende vraag voltooi: *“Is daar 'n verskil in die kind se gedrag nadat hy terapie ontvang het? Motiveer asseblief u antwoord.”* Die inligting wat verkry, is word in Tabel 5.h weergegee.

Tabel 5.h: Ouers as respondente - Verskil in die kind se gedrag na intervensie

| Respondent | Verandering in gedrag soos beskryf deur die ouers |
|-------------------|---|
| S1 | Hy huil nie meer oor 'n probleem nie, maar praat daaroor. Hy is minder emosioneel. Hy sal sy probleme in die toekoms beter kan hanteer. |
| S2 | Hy het rustiger geword en probeer nou met die situasie saamleef. |
| D1 | Sy het meer selfvertroue en respek vir haarself ontwikkel. Sy is meer oop oor probleme en neem nou verantwoordelikheid vir haar dade. Sy geniet nou aandag. |
| D2 | Haar houding by die huis het baie verander. Sy aanvaar nou dat sy niks aan die verlede kan doen nie. |

Beduidende patrone wat na vore gekom het word in Tabel 5.i aangedui.

Tabel 5.i: Assessering van verandering in deelnemers se gedrag na intervensie

| Gedrag volgens ouer | Assessering van die kind se gedrag |
|---|--|
| Een deelnemer se gedrag is beskryf as minder emosioneel. | Weens hul beperkte verbale vermoëns druk kinders wat rou dikwels hul emosies deur hul gedrag uit. (2.2.3 verwys). Die vermoë om gevoelens en impulse effektief te bestuur is 'n aanduiding daarvan dat die kind die <i>Ek kan</i> -bronne van emosionele veerkragtigheid benut. Die ontwikkeling van die kind se interpersoonlike vaardighede is 'n aanduiding van die ontwikkeling van emosionele veerkragtigheid (4.2.3.3 verwys). |
| Een deelnemer se selfvertroue en verantwoordelikhedsin het toegeneem. | 'n Positiewe selfkonsep en aanvaarding van verantwoordelikhede is 'n aanduiding dat die kind die <i>Ek is</i> -bronne van veerkragtigheid benut. Dit is ook 'n aanduiding van interne persoonlike sterktes wat teenwoordig is (4.2.3.2 verwys). |
| Twee deelnemers kommunikeer hul gevoelens meer openlik. | Internalisering van gevoelens veroorsaak psigiese probleme soos angs en depressie (4.5 verwys). Die vermoë om gevoelens en gedagtes te kommunikeer word beskou as 'n belangrike vaardigheid wat een van die kenmerke van veerkragtigheid is (4.2.3.3 verwys). |
| Twee deelnemers het groter aanvaarding bereik van hul huidige situasie wat hul gedrag positief beïnvloed het. | Die rouproses neem dikwels jare om te voltooi. Aanvaarding beteken slegs dat die kind erken wat gebeur het en nie dat die kind voel dat alles wat gebeur het reg is nie. Aanvaarding dui daarop dat die kind aanbeweeg het vanaf ontkenning en dit plaas die kind op die pad na 'n gesonde toekoms (2.2.2.10 verwys). |

Volgens die inligting wat verkry is uit die ouers se antwoorde was die vernaamste ooreenstemmende verandering die aanvaarding van die situasie, en gevoelens wat

meer openlik gekommunikeer word. Die deelnemers D1 en S1 het bronne van veerkragtigheid benut, terwyl S2 en D2 deur die fases van die rouproses beweeg het na aanvaarding (2.2.2.10 verwys).

5.2.3.3 Vraelyste voltooi deur ouers, onderwysers, navorser en deelnemers

Die eerste vraelys (sien Bylae C) is deur die ouers, onderwysers en die navorser voltooi. Dit het gehandel oor hul persepsies van die deelnemers se emosionele veerkragtigheid. Die resultate oor elke deelnemer word in grafiekvorm aangebied. Die waarnemers se persepsies van die emosionele veerkragtigheid van die betrokke deelnemers word met mekaar vergelyk. Die volgende vrae moes op die geslote vraelys beantwoord word:

Vrae vir die kontrolering van persepsies van veerkragtigheid (Figure 1, 2, 3 en 4)


1. Die kind het iemand wat hom onvoorwaardelik liefhet.
2. Die kind het 'n ouer persoon buite sy gesin met wie hy sy probleme en gevoelens kan bespreek.
3. Die kind kan staatmaak op sy familie wanneer hy hulle hulp benodig.
4. Die kind ken 'n rolmodel.
5. Die kind glo in kragte groter as wat gesien kan word.
6. Die kind ontvang erkenning vir dinge wat hy onafhanklik doen.
7. Die kind glo dat dinge reg sal uitwerk.
8. Die kind doen dinge wat hom beminde maak.
9. Die kind is gewillig om nuwe dinge te probeer.
10. Die kind hou daarvan om te presteer in wat hy doen.
11. Die kind voel dat hy 'n verskil kan maak aan die uitkoms van dinge.
12. Die kind hou van homself.
13. Die kind kan fokus op en volhou met 'n taak.
14. Die kind het 'n sin vir humor.
15. Die kind kan planne maak om dinge te doen.

Hieronder is die legende en skaal vir grafieke 1 tot 4:




| LEGENDE | |
|---------|------------|
| 1 | Waarnemer |
| 2 | Onderwyser |
| 3 | Ouer |
| 4 | Navorser |

| SKAAL | |
|-------|---------|
| 1 | Nooit |
| 2 | Soms |
| 3 | Dikwels |
| 4 | Altyd |

Figuur 1



Figuur 2



Figuur 3


Figuur 4

Met die hierdie vraelys se resultate kom die volgende beduidende patrone na vore:

- Daar is verskille tussen die ouers, onderwysers en navorsers se persepsies van die deelnemers se emosionele veerkragtigheid. Die verskille word daaraan toegeskryf dat die deelnemers waargeneem is in verskillende situasies naamlik, tuis, in die klaskamer en tydens die Gestaltspelterapeutiese sessies.
- Deelnemers S1 en D1 toon deurgaans met die evaluering deur die ouers, onderwysers en die navorsers in 'n groter mate kenmerke van emosionele veerkragtigheid as deelnemers S2 en D2. Dit word met die tweede vraelys meer volledig bespreek.

Die tweede vraelys is deur die deelnemers voltooi waartydens hulleself hul emosionele veerkragtigheid geëvalueer het. Die vrae om die kenmerke van emosionele veerkragtigheid te meet is in drie afdelings verdeel, naamlik: Ek waardeer myself, my verhouding met ander mense en my verhouding met die gemeenskap. Dieselfde bewoording is gebruik soos dit is in die oorspronklike vrae-

lys van Greeff (2005a:29) uiteengesit is. Die onderskeie deelnemers se persepsies van hul eie emosionele veerkragtigheid word in die onderstaande grafieke met mekaar vergelyk. Die vrae wat aan die deelnemers gevra is, word by elke grafiek aangetoon.




Figuur 5

Vrae om aan te toon of ek myself waardeer (Figuur 5)

1. Ek ken myself en kan beskryf watter tipe mens ek is.
2. Ek kan vir myself en ander nee sê.
3. Ek weet dat wanneer slegte dinge met my gebeur dit nie beteken dat ek sleg is nie.
4. Ek kan baie goed doen en stel belang in verskillende dinge.
5. Ek weet dat ek my lewe die moeite werd kan maak.
6. Ek voel goed oor myself al maak ek soms foute.
7. Dit is nie 'n probleem as ek nie altyd presies dieselfde voel nie.
8. Ek kan steeds aangaan al verander dinge om my voortdurend.
9. Ek weet wanneer ek kan speel of ontspan.
10. Ek hou aan probeer wanneer dinge skeefloop.
11. Ek voel goed oor die toekoms.
12. Ek sal daarvan hou om na skool verder te leer.
13. Ek weet dat ek belangrik is en 'n verskil kan maak.
14. Ek weet dat probleme kan ontstaan en daarom probeer ek dit vermy.
15. Ek luister na die stemmetjie binne-in my. Somtyds weet ek net wat om te doen.
16. Ek leer uit my foute.

Kenmerke van veerkragtigheid
My verhouding met ander mense




Figuur 6

Vrae om my verhouding met ander mense aan te toon (Figuur 6)

17. Ek het goeie maats.
18. Ek vra vir hulp wanneer ek dit nodig het.
19. Ek weet wat ander mense wil hê.
20. Ek voel gemaklik met mense wat anders as ek is.
21. Ek verstaan hoe ander mense voel en help waar ek kan.
22. Ek kan vir myself lag en pret saam met ander hê.
23. Ek vergewe ander mense hulle foute.

Kenmerke van veerkragtigheid
My verhouding met die gemeenskap



Figuur 7

Vrae om my verhouding met die gemeenskap aan te toon (Figuur 7)

24. Wanneer ek probleme het, maak ek planne.
 25. Ek vra vrae wanneer ek nie verstaan waarom ek iets moet doen nie.
 26. Ek aanvaar dat ek sommige dinge nie kan verander nie.
 27. Ek is lief vir mense net soos hulle is.

Sekere beduidende patrone het na vore gekom met die voltooiing van die vraelyste:

- **Eerstens** het deelnemers S1 en D1 deurgaans in die evaluering van hulself 'n groter mate van veerkragtigheid getoon as deelnemers S2 en D2. Hierdie resultaat stem ooreen met die patroon wat reeds aangedui is in die waarneming van die deelnemers met die eerste vraelys.
- **Tweedens** blyk dit dat al die deelnemers mense onvoorwaardelik aanvaar. Drie deelnemers voel gemaklik met mense wat anders as hulle is en verstaan hoe ander mense voel. Hulle is bereid om ander se foute te vergewe. Hierdie gesindhede is kenmerke van emosioneel veerkragtige vermoëns wat aanwesig is. Een van die positiewe uitkomstes van egskeiding is dat hierdie kinders dikwels empaties en sensitief is vir ander se behoeftes (2.3.3 verwys).
- **Derdens** toon deelnemers S1 en D1 'n positiewe selfbeeld. Dit is dikwels die geval met egskeidingsgetraumatiseerde kinders aangesien hulle effektief kon aanpas by hul veranderde omstandighede (2.3.3 verwys).
- **Vierdens** is deelnemer D2 se probleemoplossende vaardighede en aanvaarding

van die situasie laag. Hierdie belangrike element van emosionele veerkragtigheid wat by die deelnemer ontbreek hang saam met die deelnemer se lae selfbeeld. (4.4.2 en 4.4.4 verwys). Shure (2000:7) bevestig dat kinders wat probleme goed kan oplos emosioneel meer veerkragtig is en hulleself beter handhaaf. Deelnemers S1 en D1 toon probleemoplossende vermoëns en 'n hoër mate van veerkragtigheid.

- **Vyfdens** is daar 'n beduidende verskil in die emosioneel veerkragtige vermoëns van die deelnemers ten spyte daarvan dat hulle dieselfde program deurloop het. Deelnemers S2 en D2 is uit dieselfde gesin afkomstig en dus aan dieselfde omstandighede blootgestel. Inligting wat tydens die waarneming en terapie verkry is, toon dat faktore wat in die positiewe uitkoms van egskeiding 'n rol speel, afwesig is by hierdie deelnemers (2.3.1 verwys). Die volgende faktore het 'n negatiewe uitwerking op hierdie twee deelnemers se emosioneel veerkragtige vermoëns:

- 'n Hoë mate van vyandigheid het die egskeiding voorafgegaan en is nog steeds tussen die ouers aanwesig wanneer daar wel kontak is (2.3.1 verwys);
- hierdie deelnemers is na die egskeiding voortdurend aan stresvolle veranderings blootgestel soos herhaaldelike verhuisings en nuwe verhoudings waarin die toesighoudende ouer betrokke was (2.3.1 verwys);
- daar is 'n verlies aan kontak met die nie-toesighoudende ouer. Konsekwente kontak met die nie-toesighoudende ouer speel 'n belangrike rol in die kind se suksesvolle aanpassing na die egskeiding (2.3.1 verwys);
- ekonomiese sekuriteit ontbreek. Dit het 'n negatiewe invloed, veral op D2 wat dikwels hulp by die skool moet vra vir persoonlike items en kospakkies (2.3.1 verwys); en
- deelnemer D2 moet volwasse verantwoordelikheid aanvaar, soos om oor haar jonger broer toesig te hou en ander huishoudelike take te verrig (2.3.2 en 4.5 verwys).

Vervolgens word die integrering van die navorsingsbevindinge bespreek.

5.2.4 Integrering van navorsingsbevindinge: 'n Riglyn vir spelterapeute vanuit die Gestaltbenadering waarvolgens emosionele veerkragtigheid van egskeidingsgetraumatiseerde kinders bevorder kan word

Gedurende hierdie deel van die navorsingsproses word die bevindinge wat tydens triangulering van metodes, waarneming en meting verkry is, geïntegreer. Dit geskied

deur die daarstelling, vanuit die Gestaltbenadering, van 'n riglyn vir spelterapeute aan die hand waarvan egskeidingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare se emosionele veerkrachtigheid bevorder kan word.

Tydens die navorsingsproses is reeds vasgestel dat Gestaltspeltherapie in hulpverlening aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind sinvol benut kan word om die kind se emosionele veerkrachtigheid te bevorder. Oaklander (2000:31-32) beskou ook Gestaltspeltherapie as die ideale dissipline om korttermynwerk te doen met kinders wat rou, aangesien dit direk, gefokus, dinamies en veral effektief is om vinnig by die kern van die probleem uit te kom. Die terapeut tree as leier op nadat daar tydens assessering vasgestel is wat die kind se terapeutiese behoeftes is en wat die kind in die aantal beskikbare sessies van die beste ervarings sal voorsien. Oaklander (2000:32) beklemtoon dat die kind se vlak van ontwikkeling, vermoëns en weerstand deurentyd in ag geneem moet word. 'n Grondige kennis van verlies en die rouproses word ook as 'n voorvereiste vir die terapeut beskou.

Met inagneming van al bogenoemde vereistes soos deur Oaklander (2000:31-32) gestel, is 'n program opgestel wat as riglyn vir Gestaltspeltherapeute kan dien. Dit is belangrik om daarop te let dat dit 'n program is en die sessies dus meer direk is, ook weens die feit dat daar 'n beperking op die aantal sessies is. Alhoewel die terapeut dus nie deur die kind se voorgrondbehoefte gelei word nie, word dit tog deurgaans tydens elke sessie in ag geneem.

Oaklander (1997:292-317) se model voorsien die terapeut van 'n gestruktureerde riglyn vir die holistiese hantering van die kind tydens die speltherapeutiese proses (3.3.3 verwys). In elke sessie behoort daar ook deurlopend aandag gegee te word aan die aspekte soos dit in bogenoemde model uiteengesit is sonder dat dit in die riglyn spesifiek so aangedui sal word, naamlik: bou aan die terapeutiese verhouding, assessering van die kind se proses, versterking van die kind se sin vir self, selfvertroeteling en die sensoriese kontakfunksies.

Volgens Oaklander (1997:297) het kinders wat terapie benodig gewoonlik probleme met hul selfbeeld en kontakfunksies. Dit geld veral vir die kind wat deur die egskeiding van sy ouers getraumatiseer is soos uit die voorafgaande literatuurstudie waargeneem (Hoofstuk 2 en 3 verwys). Daarom is dit belangrik om tydens elke

sessie geleentheid te voorsien wat hul kontakfunksies bevorder en die kind se sin vir self versterk. Laasgenoemde kan geskied deur geleentheid aan die kind te bied om stellings oor homself te maak, beheer en bemeestering te ervaar, sy projeksies te besit en 'n atmosfeer te skep wat deur speelsheid, humor en verbeelding gekenmerk word (Oaklander, 1997:298).

Deur middel van die Gestaltspelterapeutiese proses word egskeidings-getraumatiseerde kinders begelei om deur die trauma te werk (3.4 verwys). Hul emosionele veerkragtigheid word ook verhoog, sodat hulle toekomstige aanpassings, terugslae en teenspoed meer suksesvol kan hanteer teneinde 'n vervulde en gelukkige lewe te lei (4.4.5 verwys). Dit kan bereik word indien daar deurgaans op die volgende doelwitte van Gestaltspelterapie tydens die Gestaltspelterapeutiese proses gefokus word (3.3.1 verwys):

- Verhoging van die kind se bewustheid in die hier en nou;
- bevordering van selfondersteuning; en
- bevordering van selfintegrasie sodat die kind as geheel kan funksioneer.

'n Verdere doelwit is dat die kind deurgaans bemagtig sal word om die bronne van veerkragtigheid te benut, naamlik: *Ek Het*, *Ek Is* en *Ek Kan* (4.2.3 verwys).

Die riglyn is onder agt temas ingedeel. Die sessies hoef nie noodwendig in daardie volgorde plaas te vind nie. Dit dien slegs as riglyn en behoort by die kind se voorgrondbehoefte en proses aangepas te word. Die enigste vereiste is dat daar eers deur die egskeidingstrauma gewerk moet word. Daardeur kan onvoltooidhede voltooi word en kan die kind op volle sterkte as geïntegreerde geheel funksioneer. In die program word verskillende aktiwiteite genoem. Die kind se proses, ouderdom en voorgrondbehoefte behoort by die keuse van 'n aktiwiteit ag geneem te word. Die riglyn word in tabelvorm aangebied volgens die tema, doel, doelwitte, bronne van emosionele veerkragtigheid, spelvorm en aktiwiteite. Die verskillende hulpmiddels word afsonderlik en volledig in Bylae E uiteengesit.

**SPELTERAPEUTIESE RIGLYN TER BEVORDERING VAN EMOSIONELE
VEERKRAGTIGHEID BY DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND IN DIE
MIDDELKINDERJARE**

| Tema 1 | Kontakmaking met die kind |
|--|--|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Bring 'n ek-jy-verhouding met die kind tot stand. • Bevorder bewuswording van sy eie proses. • Bevorder die kind se sensoriese en liggaamlike kontakmaking. • Versterking van die kind se sin vir self. |
| Doelwitte | <p>Daar kan van 'n bordspeletjie gebruik gemaak word om die volgende doelwitte te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Atmosfeer te skep wat vir die ek-jy verhouding bevorderlik is; • die sensoriese en liggaamlike kontakfunksies te bevorder deurdat die kind verskillende kleure, vorms, teksture en smake identifiseer; • bewuswording van sy eie proses te bevorder deurdat die kind inligting oor homself verskaf; en • die kind se sin vir self te versterk deur spel en pret en geleenthede aan hom te voorsien om keuses en stellings oor homself te maak. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek is trots op myself - Die kind word gemotiveer om stellings oor homself te maak binne die atmosfeer van die ek-jy verhouding.</p> <p>Ek kan kommunikeer - Die kind se bewustheid dat hy met vrymoedigheid binne die ek-jy verhouding kan kommunikeer word bevorder.</p> |
| Vorme van spel | Bibliospel. |
| Aktiwiteite | Bordspeletjie waartydens die kind geleentheid kry om stellings oor homself te maak. Vir 'n volledige bespreking van die bordspeletjie, sien Bylae E. |

| Tema 2 | Die egskeidingstrauma |
|---------------|---|
| Doel | Werk met die kind deur die egskeidingstrauma sodat sy bewustheid van sy belewing van die egskeiding bevorder kan word. |
| Doelwitte | <ul style="list-style-type: none"> • Deur werkboeke te gebruik word die kind se bewustheid van sy belewing van sy ouers se egskeiding bevorder. • Deur normalisering word sy bewustheid bevorder dat ander kinders ook deur die egskeiding van hul ouers getraumatiseer word. • Bewustheid van sy eie proses word bevorder deurdat die kind verliese identifiseer wat hy weens die egskeiding ervaar. • Werk in polariteit deur die kind te help met die identifisering van die positiewe uitkomst vir hom na die egskeiding. |

| | |
|--|--|
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek het vertrouensverhoudings - Bewustheid word bevorder dat die kind met mense, soos die terapeut, sy ouers of onderwyser kan praat oor aspekte van die egskeiding wat hom bang maak of pla.</p> <p>Ek kan my eie stemming en dié van ander peil - Die kind se bewustheid van sy eie gevoelens en dié van ander wat ook deur egskeiding getraumatiseer is word bevorder.</p> |
| Vorme van spel | Bibliospel. |
| Aktiwiteite | <p>Bibliospel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werk saam met die kind deur 'n werkboek oor egskeiding. Die kind kies watter een hy wil deurwerk. (Sien Bylae E) • Werkvel met 'n winterboom en lenteboom. Die kind identifiseer sy verliese en die positiewe uitkomst na egskeiding. (Sien Bylae E) <p>Selfvertroeteling deurdat die kind 'n speletjie van sy eie keuse kan speel.</p> |

| | |
|--|---|
| Tema 3 | Emosionele geletterdheid - Herkenning en uitdrukking van gevoelens rondom die egskeiding |
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Bemagtig die kind deur sy emosionele geletterdheid te bevorder. • Die uitdrukking van gevoelens rondom die egskeiding. • Bevorder selfintegrasie deur die voltooiing van onvoltooidhede met betrekking tot die egskeiding. |
| Doelwitte | <ul style="list-style-type: none"> • Bevorder emosionele geletterdheid deur bewustheid van verskillende emosies en die liggaam se reaksies daarop te ontwikkel. • Bevorder by die kind bewustheid van die gevoelens wat hy rondom sy ouers se egskeiding ervaar. • Bevorder selfintegrasie deur aan die kind geleentheid te gee vir die uitdrukking van sy gevoelens rondom die egskeiding, asook om 'n helende ritueel uit te voer. • Versterk die kind se sin vir self deur aan hom keuses te gee vir die uitdrukking van aggressiewe energie en gevoelens. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek kan kommunikeer - Die kind kry geleentheid om te praat oor die gevoelens wat hy ervaar.</p> <p>Ek kan my eie stemming peil - Bewustheid van die gevoelens wat hy rondom die egskeiding ervaar word bevorder.</p> <p>Ek kan vertrouensverhoudings opsoek - Die kind kry geleentheid binne die ek-jy verhouding om sy gevoelens rondom die egskeiding met die terapeut te deel.</p> <p>Ek is selfstandig en verantwoordelik - Leiding word verskaf om verantwoordelikheid vir die uitdrukking van sy gevoelens te aanvaar.</p> |

| | |
|----------------|--|
| Vorme van spel | Kreatiewe spel en bibliospel. |
| Aktiwiteite | <p>Bibliospel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werkvel oor die herkenning van verskillende gevoelens. (Sien Bylae E) • Werkvel oor gevoelens en liggaamlike simptome. (Sien Bylae E) <p>Kreatiewe spel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Teken jou gesin voor en na die egskeiding. Bespreek die gevoelens wat ervaar word. • Teken gesiggies met verskillende gevoelens op plakkertjies en plak dit op 'n dobbelsteentjie wat gegooi word. Die kind vertel wanneer hy die spesifieke gevoelens ervaar het en waar hy dit in sy lyf voel. (Sien Bylae E) <p>Keuse vir die uitdrukking van aggressiewe energie: Sien Bylae E vir die verskillende wyses waarop aggressiewe energie uitgedruk kan word.</p> <p>Helende ritueel: Sien Bylae E vir verskillende tipes rituele wat uitgevoer kan word.</p> |

| | |
|--|---|
| Tema 4 | Emosionele geletterdheid - Effektiewe bestuur van emosies |
| Doel | Om bewustheid by die kind te bevorder dat hy sy emosies effektief kan bestuur. |
| Doelwitte | <p>Om deur middel van werkvelle en werkboeke die kind se bewustheid te bevorder van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoe gevoelens ontstaan en die verband tussen gedagtes, gevoelens en optrede; • sy unieke gedragspatrone wanneer hy sekere gevoelens ervaar; en • wyses waarop hy sy gedagtes, gevoelens en impulse effektief kan bestuur deur die aanleer van sekere vaardighede. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek kan my gevoelens en impulse beheer - Die kind kry geleentheid vir die aanleer van wyses om sy gedagtes, gevoelens en impulse effektief te bestuur.</p> <p>Ek kan my eie stemming en dié van ander peil - Die kind se vermoë om sy eie gevoelens en gedragspatrone te identifiseer word bevorder.</p> <p>Ek kan vertrouensverhoudings opsoek - Die kind kry geleentheid om te leer dat hy sy gevoelens en optrede binne 'n vertrouensverhouding kan deel.</p> <p>Ek is trots op myself - Die aanleer van vermoëns om sy gevoelens effektief te bestuur beïnvloed die kind se selfbeeld positief.</p> <p>Ek het aanmoediging om selfstandig en verantwoordelik op te tree - Die kind word gemotiveer om sy gevoelens effektief te bestuur en selfstandig en verantwoordelik op te tree.</p> |
| Vorme van spel | Bibliospel. |
| Aktiwiteite | Bibliospel: |

| | |
|--|---|
| | <p>Werkvulle. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoe 'n gevoel ontstaan en die verband tussen gedagtes, gevoelens en optrede. • Verkeersligtegniek vir emosionele beheer. • Raad oor hoe om ontstellende emosies te hanteer. <p>Werkboeke. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskillende werkboeke oor die hantering van kwaad, hartseer, bang en bly kan gebruik word in ooreenstemming met die kind se proses en voorgrondbehoefte. <p>Keuse vir die uitdrukking van aggressiewe energie:</p> <p>Sien Bylae E vir die verskillende wyses waarop aggressiewe energie uitgedruk kan word indien die kind dit wil herhaal.</p> |
|--|---|

| Tema 5 | Kommunikasie en probleemoplossing |
|--|--|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om die kind te bemagtig om effektief te kommunikeer. • Om die kind se vermoëns tot probleemoplossing te bevorder. |
| Doelwitte | <ul style="list-style-type: none"> • Om bewustheid by die kind te ontwikkel dat sy optrede 'n invloed het op homself en die persone rondom hom. • Bemagtig die kind deur hom te help om sy gevoelens en gedagtes teenoor ander uit te druk. Gebruik gedramatiseerde spel, werkvulle en stories. • Om bewustheid by die kind te bevorder dat hy oor vermoëns beskik om probleme op te los. • Om bewustheid by die kind te bevorder dat hy op 'n gepaste tyd wanneer hy dit benodig, hulp van ander kan kry. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek kan kommunikeer – Die kind word bemagtig deur effektiewe wyses van kommunikasie aan te leer.</p> <p>Ek kan probleme oplos - Die kind word bemagtig met die aanleer van vaardighede tot probleemoplossing.</p> <p>Ek kan my gevoelens en impulse beheer - Bewustheid word bevorder dat gevoelens en impulse effektief bestuur kan word.</p> <p>Ek kan my eie stemming en dié van ander peil - Bewustheid word bevorder dat die peiling van sy eie en ander se stemming tot effektiewe kommunikasie en probleemoplossing kan bydra.</p> <p>Ek is selfstandig en verantwoordelik - Selfstandige en verantwoordelike optrede word bevorder deurdat die kind gemotiveer word om probleme op te los.</p> |
| Vorme van spel | Gedramatiseerde spel en bibliospel. |

| | |
|-------------|---|
| Aktiwiteite | <p>Gedramatiseerde spel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Rollespel deur die gee van Ek-boodskappe. <p>Bibliospel:</p> <p>Werkvulle. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Struikelblokke in kommunikasie. • Model vir die oplossing van persoonlike probleme. • Die proses van probleemoplossing en konflikhantering. • Keuses tydens konflik. <p>Werkboek. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoe om nee te sê. <p>Speletjies. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bordspeletjies wat probleemoplossende vaardighede bevorder kan saam met die kind gespeel word. |
|-------------|---|

| Tema 6 | Selfbeeld |
|--|---|
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om bewustheid by die kind te bevorder van sy sterkpunte en groeieareas. • Om die kind aan te moedig om trots te wees op homself. • Om die kind aan te moedig om liefdevol en empaties op te tree. |
| Doelwitte | <ul style="list-style-type: none"> • Om die kind se bewustheid te bevorder dat hy belangrik is en trots kan wees op wie hy is. • Bevordering van bewustheid by die kind dat hy 'n keuse het om liefdevol, empaties en onbaatsugtig op te tree. • Om die kind daarvan bewus te maak dat hy mense het wat hom onvoorwaardelik lief het. • Om die kind daarvan bewus te maak dat liefde en ondersteuning van ander somtyds vir 'n gebrek aan onvoorwaardelike liefde van ouers kan kompenseer. • Om bewustheid by die kind te bevorder oor die noodsaaklikheid van selfvertroeteling. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek is trots op myself - Bevorder bewustheid by die kind dat hy trots kan wees op wie en wat hy is.</p> <p>Ek is liefdevol, vol empatie en onbaatsugtig - Bevorder bewustheid by die kind dat hy 'n keuse het om liefdevol, empaties en onbaatsugtig op te tree.</p> <p>Ek kan my eie stemming en die van ander peil - Bevorder by die kind bewustheid van sy eie gevoelens teenoor ander en van ander se gevoelens teenoor hom.</p> |
| Vorme van spel | Kreatiewe spel en bibliospel. |
| Aktiwiteite | <p>Kreatiewe spel;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Teken of maak 'n collage van jouself van wat jy vir ander mense beteken. |

| | |
|--|--|
| | <p>Bibliospel:</p> <p>Werkvulle. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Selfkennislegkaart. • Hoe hanteer ek konflik? • Hoe hanteer ek mense as ek vir hulle jammer voel? <p>Werkboeke. (Sien Bylae E)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sien bogenoemde bylae vir verskillende werkboeke wat met die kind deurgewerk kan word om sy selfbeeld te verbeter. |
|--|--|

| Tema 7 | Selfhandhawing, selfstandige en verantwoordelike optrede |
|--|--|
| Doel | <p>Om bewustheid by die kind te bevorder van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dat hy oor die potensiaal beskik om selfstandig en verantwoordelik op te tree; • dat hy volwassenes in sy lewe het wat hom aanmoedig om selfstandig en verantwoordelik op te tree; • dat daar reëls is wat nagekom moet word; en • dat hy trots kan wees op die keuses wat hy maak. |
| Doelwitte | <p>Om deur middel van 'n bordspeletjie bewustheid by die kind te bevorder van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dat daar potensieël gevaarlike situasies is en hoe hy dit kan hanteer of vermy; • dat hy keuses kan maak oor hoe hy gaan optree. Daardeur word sy sin vir self versterk; • dat hy betroubare persone kan identifiseer met wie hy sy gevoelens en bekommernisse kan deel; • dat sy ouers, volwassenes of lede van sy portuurgroep goeie rolmodelle vir hom kan wees; en • dat daar hulpbronne is wat hy kan benut. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | <p>Ek is selfstandig en verantwoordelik - Die kind word gelei om keuses te maak in bepaalde situasies waaraan hy blootgestel word en verantwoordelikheid vir sy keuses te aanvaar.</p> <p>Ek is trots op myself - Bewustheid word by die kind bevorder dat verantwoordelike keuses meebring dat hy trots kan wees op homself. Dit bevorder 'n goeie selfbeeld.</p> <p>Ek het ondersteuningstrukture en hulpbronne - Die kind se bewustheid van sy ondersteuningstrukture word bevorder.</p> <p>Ek het struktuur en reëls - Die kind se bewustheid van die doel van struktuur en reëls word bevorder.</p> <p>Ek het aanmoediging om selfstandig en verantwoordelik te wees - Die kind word aangemoedig en gelei om in bepaalde situasies verantwoordelike keuses te maak.</p> |

| | |
|----------------|--|
| | <p>Ek kan my gevoelens en impulse beheer - Bewustheid word bevorder van die gevolge wat impulsiewe keuses mag inhou.</p> <p>Ek kan probleme oplos - Bewustheid word bevorder dat die regte keuses tot die oplossing van probleme kan lei.</p> <p>Ek kan vertrouensverhoudings opsoek - Bewustheid word bevorder dat hulp verkry kan word by persone wat hy vertrou.</p> |
| Vorme van spel | Kreatiewe spel en bibliospel. |
| Aktiwiteite | <p>Bibliospel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bordspeletjie waartydens vroe gebruik word waar die kind op nie-bedreigende wyse aan verskillende situasies blootgestel word waar hy homself moet handhaaf. (Sien Bylae E vir die verskillende vroe wat gebruik kan word) • Werkboek oor hoe om nee te sê. (Sien Bylae E) <p>Kreatiewe spel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skep jou eie stad waar jy die reëls maak. Dit kan geteken of met legoblokkies gebou word. |

| | |
|--|---|
| Tema 8 | Toekomsvisie - Vol hoop, geloof en vertroue. Evaluering, samevatting en terminering van terapie |
| Doel | <ul style="list-style-type: none"> • Om bewustheid by die kind te bevorder dat daar hoop is vir die toekoms. • Hersiening, evaluering en voorbereiding vir terminering van terapie. |
| Doelwitte | <ul style="list-style-type: none"> • Om die kind aan te moedig om te glo dat daar na 'n terugslag soos die egskeiding van sy ouers hoop is vir sy toekoms deur hom op sy eie toekomsreis te neem. • Om die kind voor te berei vir terminering van terapie deur samevatting en evaluering. • Terminering deur 'n ritueel, speletjie of kaartjie van die kind se keuse. |
| Bronne van emosionele veerkragtigheid wat benut word | Ek is vol hoop, geloof en vertroue - Die kind word aangemoedig om te glo dat daar na 'n terugslag soos egskeiding hoop is en hy word die geleentheid gebied om vir sy toekoms te begin beplan. |
| Vorme van spel | Kreatiewe spel en bibliospel. |
| Aktiwiteite | <p>Kreatiewe spel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Teken jou droom vir die toekoms. • Teken wat nou beter is as direk na die egskeiding. • Teken hoe jy gevoel het voor terapie en nou na die terapie. <p>Bibliospel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werkvel waar die kind op 'n toekomsreis kan gaan. (Sien Bylae E) <p>Terminering deur 'n ritueel, speletjie of kaartjie van die kind se keuse.</p> |

5.3 SAMEVATTING

Hierdie navorsingstudie het die impak van egskeiding op die kind in die middelkinderjare en die kind se beleving daarvan verken en beskryf. Die rol wat Gestaltspelterapie en emosionele veerkragtigheid in die herstelproses van die kind kan speel, asook sy vermoë om met sukses toekomstige aanpassings te maak, is ook ondersoek en beskryf. Deur van triangulering gebruik te maak het die inligting wat tydens die navorsingsproses ingesamel is, bevestig dat die egskeidingsgetraumatiseerde kind hulp benodig en effektief hulp kan ontvang tydens die gestaltspelterapeutiese proses. Verder kan die kind deur die proses ook met vaardighede bemagtig word om toekomstige aanpassings en teenspoed suksesvol te hanteer. Bogenoemde bevindinge het gelei tot die samestelling van 'n geskrewe riglyn vir Gestaltspelterapeute waarvolgens egskeidingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare se emosionele veerkragtigheid bevorder kan word.

Die navorsingsbevindinge, gevolgtrekkings, aanbevelings en tekortkominge word in Hoofstuk 6 bespreek.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS, MOONTLIKE TEKORTKOMINGE EN SAMEVATTING

6.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande literatuurstudie en die navorsingsresultate blyk dit duidelik dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders 'n behoefte het aan hulp om emosioneel veerkragtig te word ten einde suksesvol aan te pas en terugslae wat hulle reeds ervaar het, of wat nog voorlê, te bowe te kom. In hierdie hoofstuk word aangedui in welke mate daar in hierdie studie die doel en doelwitte bereik is wat gestel is om die navorsingsprobleem op te los en die navorsingsvraag te beantwoord. Gevolgtrekkings en aanbevelings uit die navorsingsresultate word gemaak en moontlike tekortkominge word uitgewys.

6.2 NAVORSINGSPROBLEEM EN DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die navorser kon geen riglyn opspoor aan die hand waarvan egskeidingsgetraumatiseerde kinders se emosionele veerkragtigheid deur middel van die Gestaltspelterapeutiese proses bevorder kan word nie. Die gebrek aan 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in sy middelkinderjare bevorder kan word, is dus as navorsingsprobleem vir hierdie studie geïdentifiseer.

In die lig van die navorsingsprobleem is die doel van die studie geformuleer, naamlik om 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saam te stel waarmee die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

Ten einde bogenoemde doel te bereik het die navorser deur die navorsingsproses inligting ingesamel volgens die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings wat aan die vereistes van triangulering voldoen het. Inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie, waarneming van vier gevallestudies, vraelyste en 'n vraag wat deur die ouers van die deelnemers beantwoord moes word. Triangulering van metodes,

waarneming en meting het plaasgevind, wat die betroubaarheid van die studie verhoog het. In die lig van die proëssering en integrering van bevindinge uit die empiriese ondersoek verkry, is 'n gedetailleerde riglyn vir Gestaltspelterapeute saamgestel. Dit impliseer dat die doel van die studie bereik is. Die verskillende data-insamelingsprosedures word onder die doelwitbereiking bespreek.

Deurdad die gestelde doel van hierdie navorsing bereik is, is die probleem hanteer. Daarmee is die volgende bydrae tot die praktyk gelewer naamlik:

- Gestaltspelterapeute het nou toegang tot 'n riglyn waarvolgens hulle kinders suksesvol deur die trauma van 'n egskeiding kan begelei. Op dié wyse kan die skadelike uitwerking van die egskeidingstrauma tot die minimum beperk word; en
- deur die aanwending van die riglyn kan egskeidingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare se emosionele veerkragtigheid verhoog word. Daardeur kan hulle beter toegerus word om toekomstige terugslae en traumas te hanteer en kan hulle suksesvolle aanpassings maak om sodoende 'n vervulde lewe te lei.

6.3 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Uit die doel wat vir die studie gestel is, het bepaalde doelwitte voortgevloei wat deur middel van triangulering bereik is. In wat volg word aangetoon hoe elkeen van die doelwitte bereik is. Gevolgtrekkings word gemaak uit die navorsingsresultate wat die studie opgelewer het.

- **Die eerste doelwit** was om met behulp van 'n literatuurstudie die volgende drie sentrale temas te verken en te beskryf, naamlik:
 - Die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare met spesifieke aandag aan die rouproses en die impak wat egskeiding op die kind het;
 - die wyse waarop hulp aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind verleen kan word deur middel van Gestaltspelterapie; en
 - emosionele veerkragtigheid met spesifieke fokus op die kind in die middelkinderjare deur die ontwikkelingstake te beklemtoon. Verder is die wyses waarop volwassenes emosionele veerkragtigheid kan bevorder verken en beskryf, asook die rol wat Gestaltspelterapie in die bevordering

van emosionele veerkragtigheid kan speel, en die waarde wat dit vir die egskedingsgetraumatiseerde kind kan hê

Tydens 'n omvattende literatuurstudie oor egskeding is daar van sowel historiese as resente bronne gebruik gemaak. Die inligting in die historiese bronne het hoofsaaklik die skadelike effekte van egskeding op kinders beklemtoon. Die resente bronne het bogenoemde inligting bevestig, maar ook 'n klemverskuiwing aangedui. Dit bestaan daarin dat eerder op faktore gefokus moet word wat egskedingsgetraumatiseerde kinders kan help om suksesvol aan te pas, sodat hulle nie hulleself as slagoffers van egskeding wat permanent daardeur benadeel is hoef te beskou nie. Tydens hierdie studie is daar ook tot die oortuiging gekom dat laasgenoemde benadering kinders kan bemagtig om uitdagings positief te benader en die hoof te bied

Tydens verkenning van Tema 1 het die volgende aspekte duidelik na vore gekom:

- Kinders ervaar trauma met gepaardgaande verliese wanneer hul ouers skei. Dit bring mee dat hulle deur 'n unieke rouproses met verskillende fases gaan wat bepaalde gedragsreaksies tot gevolg het. Gedragsimptome soos woede en selfblaming is veral kenmerkend van die kind in die middelkinderjare;
- kinders is nie toegerus om egskedingstrauma te hanteer nie omdat hulle nog nie oor die nodige hanteringsstrategieë beskik nie. Hulle onderdruk gevolglik hul gevoelens, wat die helingsproses vertraag; en
- die uitkoms van egskeding word bepaal deur faktore soos die kind se karaktertrekke, selfbeeld en emosionele veerkragtigheid. Van kritieke belang is veral die ouers se emosionele gesondheid, die beskikbaarheid van ondersteuningstrukture en die aantal aanpassings wat die kind na die egskeding moet maak. Egskeding kan egter ook positiewe uitkomst vir kinders inhou, byvoorbeeld dat hulle 'n groter sensitiwiteit vir ander kinders en hul behoeftes ontwikkel, en gemotiveerd is om in die toekoms self 'n sukses van hul huwelik te maak.

Uit bostaande blyk dit duidelik dat die uitkoms van egskeding, alhoewel traumaties vir kinders, van verskeie interne en eksterne faktore afhang.

Tydens Tema 2 is die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van Gestaltspelterapie in hulpverlening aan die egskedingsgetraumatiseerde kind onder-

soek. Daaruit het die volgende geblyk:

- Trauma beïnvloed kinders ten opsigte van onderdrukte gevoelens en onvoltooidhede. Aangesien kinders in die middelkinderjare nog nie oor die verbale vermoëns beskik om hul emosies na behore uit te druk nie, gee hulle aan hul gevoelens uitdrukking deur hul gedrag. Weens onderdrukking van hul gevoelens maak hulle van kontakgrensversteurings gebruik om die trauma en gepaardgaande verliese te hanteer; en
- die doelwitte van Gestaltspeltherapie is daarop gerig om kinders se bewustheid van hul eie proses en behoeftes, selfintegrasie en selfondersteuning te bevorder. Spel is die kind se natuurlike kommunikasiemedium en kinders hanteer hul emosionele probleme deur middel van spel. Speltherapie is daarom die ideale wyse om hulp aan hierdie kinders te verleen.

Die kardinale punt is dat hulpverlening deur middel van Gestaltspeltherapie daarop gerig is om die kind se bewustheid van sy behoeftes te bevorder en sy onvoltooidhede te voltooi sodat hy as geïntegreerde geheel kan funksioneer. Die kind ontvang dus hulp om sy emosies rondom die egskeiding te herken, te benoem en effektief uit te druk. Die gevolgtrekking is dat terapie vanuit die Gestaltbenadering 'n effektiewe wyse is om aan die egskeidingsgetraumatiseerde kind hulp te verleen.

Tema 3 was daarop gerig om emosionele veerkragtigheid te beskryf en spesifiek op die kind in die middelkinderjare se ontwikkelingstake die aandag te vestig. Die wyses waarop volwassenes veerkragtigheid by kinders kan bevorder is verken en beskryf, asook die rol wat Gestaltspeltherapie in die bevordering van emosionele veerkragtigheid kan speel en die waarde wat dit vir die egskeidingsgetraumatiseerde kind kan hê. Uit hierdie deel van die ondersoek het veral die volgende na vore gekom, met 'n bepaalde gevolgtrekkings wat daarmee saamhang:

- Emosionele veerkragtigheid rus kinders toe met 'n positiewe selfbeeld, selfvertroue in sy eie vermoëns, vaardighede in kommunikasie en probleemoplossing en die kapasiteit om sterk gevoelens en impulse effektief te bestuur. Hierdie vermoëns van emosionele veerkragtigheid kan uit drie bronne geput word, naamlik: *Ek is*, *Ek het* en *Ek kan*. Wanneer die kind die vaardighede aangeleer het om hierdie bronne van veerkragtigheid te benut, stel dit hom in staat om terugslae soos egskeiding suksesvol te bowe te kom. Daardeur kan hy ook met sukses toekomstige aanpassings maak om 'n vervulde lewe te lei;

- die ontwikkeling van bogenoemde vermoëns is veral tydens die middelkinderjare belangrik, wat 'n kritieke tyd is in die vorming van die kind se selfbeeld en selfwaarde. 'n Goeie selfbeeld is 'n tipiese kenmerk van emosionele veerkragtigheid en is vir die kind van groot hulp om uitdagings beter te hanteer. Daarom moet dit veral by egskedingsgetraumatiseerde kinders bevorder word. Egskeding beïnvloed kinders se selfbeeld negatief omdat hulle die verlies ervaar van hul vernaamste bron van sekuriteit, naamlik die gesin. Selfblamering en skuldgevoelens wat vir die kind in die middelkinderjare kenmerkend is, benadeel verder die kind se selfbeeld. Egskeding kan ook meebring dat hy uitgesluit voel van sy portuurgroep wat tydens hierdie lewensfase 'n toenemende belangrike rol speel. Kinders wat dus reeds met vaardighede toegerus word wat hulle emosionele veerkragtigheid bevorder, sal tydens die adollesente fase minder probleme ervaar omrede hulle danksy hierdie vaardighede 'n skerper bewustheid het van hul keuses en verantwoordelikhede;
- volwassenes speel die belangrikste rol in die bevordering van kinders se emosionele veerkragtigheid en behoort daarom elke geleentheid tot interaksie te benut om hierdie vermoëns te bevorder;
- die aard en bedoeling van die terapeutiese verhouding by die Gestaltbenadering maak hierdie benadering ideaal geskik om hierdie vermoëns by die getraumatiseerde kind te bevorder. Die doelwitte van Gestaltspelterapie bevorder as sodanig emosionele veerkragtigheid. Bevordering van bewustheid van die kind se proses dra daartoe by dat hy die *Ek is-* en *Ek kan-*bronne van emosionele veerkragtigheid kan benut. Daardeur ontwikkel die kind 'n positiewe selfbeeld wat sy probleemoplossende vaardighede bevorder. Deur die bevordering van selfintegrasie kan die kind as geïntegreerde geheel en in volle krag en sterkte begin funksioneer, sodat onvoltooidhede nie sy verhoudings negatief beïnvloed nie. Dit sal dus verder daartoe bydra dat hy die *Ek kan-* en *Ek is-*bronne van emosionele veerkragtigheid benut. Boonop sal die kind deur die bevordering van selfondersteuning gehelp word om die *Ek het-* en *Ek kan-*bronne van emosionele veerkragtigheid te benut deurdat hy aangemoedig en begelei word om selfstandig op te tree en verantwoordelike keuses te maak; en
- emosionele veerkragtigheid kan slegs effektief bevorder word nadat daar met die kind deur die egskedingstrauma gewerk is. Dit is veral belangrik dat die terapeut wat emosionele veerkragtigheid wil bevorder inligting oor die individuele kind in sy

konteks sal inwin en risikofaktore wat die bevordering van hierdie vermoëns negatief beïnvloed sal identifiseer.

In die lig van bostaande lê die gevolgtrekking voor die hand dat Gestaltspelterapie in die bevordering van kinders se emosionele veerkragtigheid effektief aangewend kan word. Die aanleer van hierdie vaardighede is veral waardevol vir kinders wie se ouers geskei is omdat hulle dikwels voor moeilike keuses, groot teleurstellings en nuwe aanpassings te staan kom.

- **Die tweede doelwit** was om op grond van die literatuurstudie soos onder die eerste doelwit uiteengesit, 'n program saam te stel wat tydens die Gestaltspelterapeutiese proses benut kon word.

Op grond van die literatuurstudie is 'n program met agt temas saamgestel wat by wyse van proefneming in die spelterapeutiese proses vir hierdie navorsingstudie gebruik is, nadat die program vir goedkeuring aan die studieleier voorgelê is. Die program kon effektief benut word ten opsigte van die waarneming van die deelnemers, die insameling van inligting oor die deelnemers se beleving van die egskending, en die rol van emosionele veerkragtigheid in die herstelproses en suksesvolle aanpassing daarna.

- **Die derde doelwit** was om inligting in te samel deur waarneming van vier gevallestudies met die Gestaltspelterapeutiese proses waartydens bogenoemde program benut is.

Die inligting wat tydens waarneming van die gevallestudies ingesamel is, kan as waardevol en bruikbaar vir die studie beskou word. Die redes daarvoor is die volgende:

- Inligting is bekom oor die impak wat die egskending op die onderskeie deelnemers gehad het, die verlies wat hulle ervaar het, hul beleving van die verlies en die wyses waarop dit hulle gedrag beïnvloed het;
- inligting wat uit die literatuurstudie bekom is, is tydens waarneming van die vier gevallestudies bevestig. Die vernaamste aspekte wat na vore gekom het, was die volgende:
 - Dat kinders hulleself blameer en skuldig voel oor hul ouers se egskending;

- dat kinders steeds hoopvol bly dat hul ouers sal versoen;
 - dat egskeiding traumaties vir die kinders is maar dat hulle hul gevoelens onderdruk en nie oor die vaardighede beskik om daaraan uitdrukking te gee nie. Dit bring mee dat die helingsproses vertraag word;
 - dat vermoëns tydens die Gestaltterapeutiese proses ontwikkel kan word om gevoelens effektief uit te druk en te bestuur;
 - dat kinders se selfbeeld, kommunikasievaardighede, probleemoplossende vermoëns en hul hoop vir die toekoms deur middel van die gestaltspelterapeutiese proses verhoog kan word; en
 - dat die kritieke rol wat ouers in die uitkoms van die egskeiding en in die bevordering van kinders se emosionele veerkragtigheid speel, tydens waarneming van die gevallestudies bevestig is;
- die benuttingswaarde van die onderskeie temas in die program is ook tydens die Gestaltspelterapeutiese proses geëvalueer met die oog op die samestelling van die riglyn. Daar is vasgestel dat dit wel effektief benut kan word;
 - die verskillende vorme van spel, tegnieke en aktiwiteite wat benut is, kan eweneens as geslaagd beskou word, aangesien dit die gewenste uitwerking gehad het. Deelnemers kon die projeksies besit en aan hul onderdrukte gevoelens uitdrukking gee. Nuwe vaardighede kon ook aangeleer word byvoorbeeld: alternatiewe wyses van optrede in plaas van onaanvaarbare gedrag; om emosies effektief te bestuur; en om selfstandige en verantwoordelike keuses te maak.

Bostaande lei tot die gevolgtrekking dat die voorafopgestelde program vir die waarneming van die gevallestudies wel effektief was en dat die betrokke doelwit bereik is.

- **Die vierde doelwit** was om deur middel van twee vraelyste wat vooraf getoets is die emosionele veerkragtigheid van die navorsingsdeelnemers te kontroleer nadat intervensie voltooi is. Die eerste vraelys is deur die ouers, onderwysers en die navorser voltooi, en die tweede deur die deelnemers wat hul eie veerkragtigheid geëvalueer het.

Inligting wat kwantitatief deur die vraelyste ingesamel is, het die inligting wat kwalitatief tydens die waarneming ingesamel is, bevestig. Die aard en stand van die

deelnemers se emosionele veerkragtigheid is dus deur die voltooiing van die vraelyste bevestig. Op die wyse is die betroubaarheid van die studie verhoog. Die vraelyste is deur die respondente in die teenwoordigheid van die navorser voltooi. Die navorser was dus beskikbaar indien die respondente probleme sou ervaar. Geen probleme is egter deur die respondente met die voltooiing van die vraelyste ervaar nie.

- **Die vyfde doelwit** was om deur middel van 'n enkele vraag verdere inligting by die ouers tydens die semigestruktureerde onderhoud in te samel oor die gedrag van die deelnemers nadat hulle die Gestaltspelterapeutiese proses deurloop het.

Hierdie doelwit is bereik deurdat die ouers inligting kon verskaf oor die verandering wat na intervensie in die kinders se gedrag plaasgevind het. Die mees beduidende verandering wat deur die ouers aangedui is, was aanvaarding van die egskeiding, 'n toename in selfvertroue en meer openlike kommunikasie oor hul gevoelens. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat intervensie wel die navorsingsdeelnemers se gedrag positief beïnvloed het.

- **Die sesde doelwit** was om in die lig van al die inligting wat uit die verskillende bronne ingewin is 'n geskrewe speltherapeutiese riglyn vanuit die perspektief van die Gestaltbenadering saam te stel aan die hand waarvan die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word.

Uit die inligting wat in die loop van die data-insamelingsproses bekom is en by wyse van triangulering gekontroleer is, het die navorser die beoogde speltherapeutiese riglyn volgens die Gestaltbenadering saamgestel waarvolgens die emosionele veerkragtigheid van egskeidingsgetraumatiseerde kinders in die middelkinderjare bevorder kan word. Deur die geskrewe riglyn te benut, kan Gestaltspelterapeute dus egskeidingsgetraumatiseerde kinders se bewussynsvlakke verhoog en hul selfintegrasie en selfondersteuning bevorder. Sodoende kan hierdie kinders bemagtig word om die bronne van emosionele veerkragtigheid te benut ten einde terugslae en teenspoed te bowe te kom en suksesvolle aanpassings in die toekoms te maak.

- **Die navorsingsvraag** is ook deur die bereiking van bogenoemde doelwitte beantwoord. Die navorsingsvraag wat vir hierdie studie geformuleer is, was die volgende: Hoe kan die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare Gestaltterapeuties begelei word om sy emosionele veerkragtigheid te bevorder en die skadelike gevolge van die egskeiding te verminder?

Na afloop van die studie was dit duidelik dat die skadelike uitwerking van egskeiding op die kind in die middelkinderjare inderdaad verminder kan word deur hulle Gestaltspelterapeuties te begelei om hul emosioneel veerkragtige vermoëns te bevorder. Dit kan tydens die Gestaltspelterapeutiese proses geskied deur benutting van die praktiese riglyn wat tydens die studie saamgestel is

Op grond van die navorsingsresultate wat die studie opgelewer het, word vervolgens 'n aantal aanbevelings gemaak en moontlike tekortkominge uitgewys.

6.4 AANBEVELINGS EN MOONTLIKE TEKORTKOMINGE

Tydens hierdie navorsing is bepaalde leemtes geïdentifiseer. Ten opsigte van die leemtes wat geïdentifiseer is word die volgende aanbevelings gemaak:

- Dit het geblyk dat die agt sessies waartydens die program deurgewerk is nie vir alle kinders voldoende is nie. Daar word dus aanbeveel dat die verskillende faktore wat op die uitkoms van egskeiding 'n invloed het, in die beplanning van die hulpverlening in ag geneem behoort te word. Dit sluit in faktore soos die kind se ondersteuningstrukture; die ouers se emosionele gesondheid; die kind se persoonlike karaktertrekke, selfbeeld, huidige veerkragtige vermoëns; en sy reaksie op die egskeiding. Die program leen hom daartoe om by elke kind se individuele behoeftes aangepas te word, solank al die temas soos in die riglyn uiteengesit, net gedek word. Sommige kinders behoort meer ondersteuning te geniet weens die afwesigheid van faktore wat die positiewe uitkoms van egskeiding kan meebring.
- Daar is 'n beperking op die algemene benutting van die riglyn aangesien spelterapeute wat dit gebruik in die Gestaltbenadering opgelei moet wees. Verder word aanbeveel dat selfs Gestaltspelterapeute wat die riglyn benut oor 'n grondige kennis van trauma, verlies, die rouproses en gedragsimptome van die egskeidingsgetraumatiseerde kind sal beskik.

- Aangesien die steekproef tot vier deelnemers uit die ouderdomsgroep agt tot twaalf jaar beperk was kan die bevindinge nie veralgemeen word asof dit op kinders van alle ouderdomme van toepassing sou wees nie. Daar word dus aanbeveel dat die steekproef groter sal wees en die studie na ander ontwikkelingsfases uitgebrei sal word. Egskeiding vind uiteraard nie net plaas wanneer kinders in die middelkinderjare is nie. Die navorser is van mening dat egskeidingsgetraumatiseerde kinders van alle ouderdomme toegerus behoort te word met vaardighede wat hulle emosionele veerkragtigheid sal bevorder. So 'n uitgebreide steekproef en breër geldigheid van die riglyn sou dus 'n projek vir verdere navorsing kon uitmaak.
- Vaardighede waarmee kinders tydens terapie bemagtig is kan weer verloor word indien dit nie deur gereelde interaksie met volwassenes opgeskerp en versterk word nie. Dit spreek vanself dat ouers en onderwysers, maar ook ander volwassenes soos familielede en vriende, in dié verband 'n uiters belangrike rol te speel het ten einde die kind se emosioneel veerkragtige vermoëns voortdurend verder te slyp. Daar word dus aanbeveel dat verdere navorsing gedoen word om 'n program vir ouers op te stel. Daardeur behoort ouers toegerus te word met kennis oor die impak van egskeiding en die wyses waarop hulle die skadelike effekte van die egskeiding kan verminder. Laasgenoemde kan teweeggebring word deur veral 'n bepaalde ingesteldheid en kommunikasievaardighede by die ouers te ontwikkel waardeur hulle die kind se emosioneel veerkragtige vermoëns kan bevorder.

6.5 SAMEVATTING

Tydens hierdie studie is die gebrek aan 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute waarvolgens emosionele veerkragtigheid by die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word as navorsingsprobleem geïdentifiseer. In die lig van die navorsingsprobleem is die doel vir die studie geformuleer, naamlik om 'n riglyn vir Gestaltspelterapeute saam te stel waarmee die emosionele veerkragtigheid van die egskeidingsgetraumatiseerde kind in die middelkinderjare bevorder kan word. Ten einde hierdie doel te bereik het die navorser deur die navorsingsproses inligting ingesamel ooreenkomstig die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings wat aan die vereistes van triangulering voldoen het. Inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie, waarneming

van vier gevallestudies en vraelyste wat voltooi is deur die navorser, ouers en onderwysers van die navorsingsdeelnemers asook deur die navorsingsdeelnemers self. Die ouers moes ook 'n gemotiveerde antwoord op 'n vraag gee. Triangulering van metodes, waarneming en meting het dus plaasgevind, wat die betroubaarheid van die studie verhoog het.

Op grond van die geprosesseerde en geïntegreerde bevindinge wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, is 'n riglyn met agt temas vir Gestaltspelterapeute saamgestel. Deur die riglyn te benut kan Gestaltspelterapeute egskeidingsge-traumatiseerde kinders help om die skadelike effekte van egskeiding te verminder en die kind met vaardighede bemagtig wat hom toerus om toekomstige teleurstelling, teenspoed en trauma effektief te hanteer. Sodoende word die kind in staat gestel suksesvolle aanpassings te maak en 'n gelukkige en vervulde lewe te lei. Die navorser is dus van mening dat die doel en doelwitte van hierdie studie bereik is.

BRONNELYS

Aronstam, M. 1989. Gestaltterapie. In Louw, D.A. 1989. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

Babbie, E. 2007. *The Practice of Social Research*. 11^{de} Uitgawe. Belmont, USA: Thomson Wadsworth.

Bauman, S. S. 2002. Fostering Resilience in Children. In Juntunen, C. L. & Atkinson, D.R. 2002. *Counseling Across the Lifespan. Prevention and Treatment*. London: Sage Publications.

Blaikie, N. 2000. *Designing Social Research. The Logic of Anticipation*. Cambridge: Polity Press.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy. Practical guidelines for child therapists*. Bloemfontein: Druforma.

Blom, R. & Dhansay, S. 2004. Gestalt Play Therapy with HIV/Aids children in middle childhood years. In Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy. Practical guidelines for child therapists*. Bloemfontein: Druforma.

Bradley, A. & Beveridge, J. 2004. *How to help the children survive the divorce*. London: Foulsham.

Brooks, R. & Goldstein, S. 2001. *Raising Resilient Children*. Chicago: Contemporary Books.

Brooks, R. & Goldstein, S. 2002. *Nurturing Resilience in our Children*. Chicago: Contemporary Books.

Corsini, R.J. & Wedding, D. 2005. *Current Psychotherapies*. 7^{de} Uitgawe. Canada: Brooks/Cole.

Davis, M. 2004. *Test your EQ. Find out how Emotionally Intelligent you really are*. London: Piatkus Books Ltd.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie vir kinders en tieners. 'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Delpont, C.S.L. 2002. Quantitative data collection methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002a. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002b. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Emery, R.E. 2004. *The Truth About Children and Divorce. Dealing with the Emotions So You and Your Children Can Thrive*. 7^{de} Uitgawe. United States of America: Plume.

Essential English Dictionary. 1988. London: Collins Publishers.

Fouché, C.B. 2002a. Problem formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2002c. Selection of a researchable topic. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002a. In-depth review of literature. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002b. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002c. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counselling Children. A Practical Introduction*. 2^{de} Uitgawe. London: Sage Publications.

Goldstein, S. & Brooks, R. 2002. *Raising Resilient Children. A Curriculum to Foster Strength, Hope, and Optimism in Children*. Baltimore: Paul Brookes Publishing Co.

Greeff, A. 2005a. *Resilience. Personal Skills for Effective Learning. Volume 1*. Carmarthen, Wales: Crown House Publishing Limited.

Greeff, A. 2005b. *Resilience. Social Skills for Effective Learning. Volume 2*. Carmarthen, Wales: Crown House Publishing Limited.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social*

sciences and human service professions. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Grotberg, E.H. 1995. *A Guide to Promoting Resilience in Children: Strengthening the Human Spirit*. The International Resilience Project. In *Early Childhood Development: Practice and Reflection series*. Bernard Van Leer Foundation.

[O]. Beskikbaar:

<http://www.resilnet.uiuc.edu/library/grotb95b.html>

Toegang op 2005/03/09

Grych, J.H. & Fincham, F.D. 1997. Children's Adaption to Divorce. From Description to Explanation. In Wolchick, S.D. & Sandler, I.N. 1997. *Handbook of Children's Coping. Linking theory and intervention*. New York: Plenum Press.

Hart, A.D. 1996. *Helping Children Survive Divorce. What to expect; How to help*. Conrad: Send the light Press.

Hartley-Brewer, E. 2004. *Talking to Tweenies. Getting it Right Before it Gets Rocky with Your 8-12 Year Old*. London: Hodder and Stoughton Ltd.

Humphreys, T. 2002. *Self-Esteem. The Key To Your Child's Future*. Dublin: Newleaf.

Jensen, A. & McKee, L. 2003. *Children and the Changing Family. Between transformation and negotiation*. London: Routledge Falmer.

Johnson, S.L. 2004. *Therapist's Guide to Clinical Intervention. The 1-2-3's of Treatment Planning*. 2^{de} Uitgawe. London: Academic Press.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills in Gestalt Counselling and Psychotherapy*. London: SAGE Publications Ltd.

Juntunen, C. L. & Atkinson, D.R. 2002. *Counseling Across the Lifespan. Prevention and Treatment*. London: Sage Publications.

Kaduson, H.G. & Schaefer, C.E. 2000. *Short-term Play Therapy for Children*. New York: The Guilford Press.

Kerns, K.A. & Richardson, R.A. 2005. *Attachment in Middle Childhood*. New York: The Guilford Press.

Landreth, G.L. 2001a. Facilitative Dimensions of Play in the Play Therapy Process. In Landreth, G.L. 2001. *Innovations in Play Therapy. Issues, Process, and Special Populations*. New York: Brunner-Routledge.

Landreth, G.L. 2001b. *Innovations in Play Therapy. Issues, Process, and Special Populations*. New York: Brunner-Routledge.

Latner, J. 1996. The Theory of Gestalt Therapy. In Nevis, E.C. 1992. *Gestalt Therapy. Perspectives and Applications*. New York: Gardner Press, Inc.

Lewis, S.1999. *An Adult's Guide to Childhood Trauma. Understanding traumatized children in South Africa*. Cape Town: David Philip Publishers.

Louw, D.A. 1990. *Menslike Ontwikkeling*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. 1990. Die Middelkinderjare. In Louw, D.A. 1990. *Menslike Ontwikkeling*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Luthar, S.S. 2003. *Resilience and Vulnerability. Adaptation in the Context of Childhood Adversities*. Cambridge: University Press.

Maartens, M. 2006. *Deur Trauma. Boek 2*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Mallman, S. 2003. *Building Resilience in Children Affected by HIV/AIDS*. 2^{de} Uitgawe. Namibia: Maskew Miller Longman.

Marta, S.Y. 2004. *Healing the Hurt. Restoring the Hope*. London: Rodale Ltd.

Masten, A.S. & Powell, J.L. 2003. A Resilience Framework for Research, Policy and Practice. In Luthar, S.S. 2003. *Resilience and Vulnerability. Adaptation in the Context of Childhood Adversities*. Cambridge: University Press.

McWhorter Sember, B. 2005. *How to Parent with Your Ex*. Naperville, Illinois: Sphinx Publishing.

Moxnes, K. 2003. Children coping with parental divorce. What helps, what hurts? In Jensen, A. & McKee, L. 2003. *Children and the Changing Family. Between transformation and negotiation*. London: Routledge Falmer.

Naegle, M.A. 1992. Grief as a Central Component in Separation and Divorce. In Tiemann, A.R., Danto, B.L. & Gullo, S.V. 1992. *Divorce Shock. Perspectives on Counseling and Therapy*. Philadelphia: The Charles Press, Publishers.

Neuman, M.G. 1998. *Helping Your Kids Cope with Divorce the Sandcastles Way*. New York: Random House.

Neuman, W.L. 2006. *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches*. 6^{de} Uitgawe. Boston: Pearson Education, Inc.

Nevis, E.C. 1992. *Gestalt Therapy. Perspectives and Applications*. New York: Gardner Press, Inc.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents*. 2^{de} Uitgawe. New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1997. The Therapeutic Process With Children and Adolescents. *Gestalt Review*, 1(4):292-317.

Oaklander, V. 2000. Short-Term Gestalt Play Therapy for Grieving Children. In Kaduson, H. G. & Schaefer, C.E. 2000. *Short-term Gestalt Play Therapy for Children*. New York: The Guilford Press.

O'Connor, J. 2004. *Children and Grief. Helping your child understand death*. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

O'Connor, K.J. 2000. *The Play Therapy Primer*. 2^{de} Uitgawe. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Raikes, H.A. & Thompson, R.A. 2005. Relationships Past, Present, and Future. Reflections on Attachment in Middle Childhood. In Kerns, K.A. & Richardson, R.A. 2005. *Attachment in Middle Childhood*. New York: The Guilford Press.

Retief, Y. 2004. *Genesing vir Trauma in die Suid-Afrikaanse konteks*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Richardson, R.A. 2005. Developmental Contextual Considerations of Parent-Child Attachment in the later Middle Childhood Years. In Kerns, K.A. & Richardson, R.A. 2005. *Attachment in Middle Childhood*. New York: The Guilford Press.

Robinson, M., Butler, I., Scanlan, L., Douglas, G. & Murch, M. 2003. Children's experience of their parents' divorce. In Jensen, A. & McKee, L. 2003. *Children and the Changing Family. Between transformation and negotiation*. London: Routledge Falmer.

Schoeman, J.P. 1996a. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996b. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Shure, M. B. 2000. *Raising a Thinking Preteen*. New York: Henry Holt and Company.

Siebert, A. 2005. *The Resiliency Advantage. Master Change, Thrive Under Pressure, and Bounce Back From Setbacks*. San Francisco: Berrett-Koehler Publishers, Inc.

South Africa (Republic). Department of Statistics. 2004. *Marriages and divorces*. Pretoria: Government Printer.

South Africa (Republic). Department of Statistics. 2005. *Marriages and divorces*. Pretoria: Government Printer.

Strydom, H. 2002a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2002b. The pilot study. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2002c. Writing the research report. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2^{de} Uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers.

The Concise Oxford Dictionary. 1991. 8^{ste} Uitgawe. Oxford: Clarendon Press.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counselling Children*. 4^{de} Uitgawe. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

Tiemann, A.R., Danto, B.L. & Gullo, S.V. 1992. *Divorce Shock. Perspectives on Counseling and Therapy*. Philadelphia: The Charles Press Publishers.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. *Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiene en uitgebreide uitgawe*. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

Van der Merwe, M. 1996a. Biblio-play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996b. Creative play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996c. Dramatic play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996d. The use of play techniques when counselling young children in a divorce situation. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van Staden, S. 1987. *My Huwelik het Misluk. Riglyne om die situasie vóór, tydens en ná die egskedding beter te hanteer*. Hillcrest: Owen Burgess-uitgewers.

Whiteman, T.A. 2007. *Your kids and divorce*. Wellington: Lux Verbi.BM

Wolchick, S.D. & Sandler, I.N. 1997. *Handbook of Children's Coping. Linking theory and intervention*. New York: Plenum Press.

Woo, B. & Wong, G. 2003. *Living with Grief*. Singapore: Time Editions.

Worden, J.W. 1996. *Children and Grief. When a Parent Dies*. New York: The Guilford Press.

Wright, H.N. 2004. *It's okay to cry. A parent's guide to helping children through the losses of life*. Colorado Springs: Water Brook Press.

Yates, T.M., Egeland, B. & Sroufe, A. 2003. Rethinking Resilience. A Developmental Process Perspective. In Luthar, S.S. 2003. *Resilience and Vulnerability. Adaptation in the Context of Childhood Adversities*. Cambridge: University Press.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, Dialogue & Process. Essays on Gestalt Therapy*. United States of America: Gestalt Journal Press.

Yontef, G. & Jacobs, L. 2005. Gestalt Therapy. In Corsini, R.J. & Wedding, D. 2005. *Current Psychotherapies*. 7^{de} Uitgawe. Canada: Brooks/Cole.

Zaiman, S.J. 2003. *Navorsingslypskool. MDiac Speltherapie*. Wellington: Hugenate Kollege.

Zimmerman, J. & Thayer, E.S. 2003. *Adult Children of Divorce. How to Overcome the Legacy of Your Parents' Breakup and Enjoy Love, Trust, and Intimacy*. Oakland: New Harbinger Publications, Inc.

BYLAE A

INGELIGTE TOESTEMMING DEUR OUERS VIR DEELNAME VAN DEELNEMERS AAN NAVORSING EN SPELTERAPIE.

Ouers van minderjarige persone wat deelneem aan navorsing het sekere regte en verantwoordelikhede. Hierdie vorm moet noukeurig gelees en met die navorser bespreek word. My handtekening hieronder bevestig die volgende:

- Voor die aanvang van die navorsing het ek voldoende inligting ontvang aangaande die aard van die navorsing en die speltherapie.
- Ek erken dat ek vrywillig toestemming verleen vir deelname van my minderjarige kind aan die navorsing en speltherapieproses met die navorser soos hieronder genoem.
- Ek verstaan dat ek die reg het om my minderjarige kind op enige stadium aan die navorsing en speltherapie te onttrek.
- Ek verstaan dat video-opnames van die speltherapie sessies gemaak kan word en dat die navorser alle wetlike en etiese maatreëls oor vertroulikheid sal nakom en dit slegs vir doel van hierdie navorsing sal gebruik.
- Ek verstaan dat my identiteit, asook die van my minderjarige kind, tydens navorsing beskerm sal word. Ek verstaan dat ek die reg het daarop dat alle persoonlike inligting vertroulik deur die navorser hanteer sal word en dat alle wetlike en etiese maatreëls oor vertroulikheid nagekom sal word.
- Ek verstaan dat ek na afloop van die navorsing die nodige inligting oor die resultate van die navorsing van die navorser kan ontvang.

Hiermee bevestig ekdat ek die wettige

ouer/voog is van.....

My handtekening hieronder bevestig dat ek bogenoemde verklaring gelees het, dit verstaan en dat al my vrae voldoende beantwoord is. Ek gee dus hiermee vrywillig toestemming vir deelname aan navorsing en speltherapie van die kind soos hierbo genoem.

Handtekening van ouer/wettige voog.....Datum.....

Handtekening van navorser.....Datum.....

BYLAE B

INGELIGTE TOESTEMMING DEUR DEELNEMERS VIR DEELNAME AAN NAVORSING EN SPELTERAPIE

Persone wat deelneem aan navorsing het sekere regte en verantwoordelikhede. Hierdie vorm moet noukeurig gelees en met die navorser bespreek word. My handtekening hieronder bevestig die volgende:

- Voor die aanvang van die navorsing het ek voldoende inligting ontvang aangaande die aard van die navorsing en speltherapie.
- Ek erken dat ek vrywillig met die navorser aan die navorsing deelneem soos hier onder genoem.
- Ek verstaan dat ek die reg het om my op enige stadium aan die navorsing en speltherapie te onttrek.
- Ek verstaan dat video opnames van die speltherapiesessies gemaak kan word en dat die navorser alle wetlike en etiese maatreëls oor vertroulikheid sal nakom.
- Ek verstaan dat my identiteit tydens navorsing beskerm sal word. Ek verstaan dat ek die reg daarop het dat alle persoonlike inligting vertroulik en volgens wetlike en etiese maatreëls deur die navorser hanteer sal word.
- Ek verstaan dat ek na afloop van die navorsing die nodige inligting oor resultate van die navorsing sal ontvang.

My handtekening hieronder bevestig dat ek bogenoemde verklaring gelees het, dat ek dit verstaan, daarmee saamstem en dat al my vrae voldoende beantwoord is. Ek gee dus hiermee vrywillig toestemming vir deelname aan navorsing en speltherapie.

Handtekening van deelnemer.....Datum.....

Handtekening van navorser.....Datum.....

BYLAE C

VRAELYS VIR OUERS, ONDERWYSERS EN NAVORSER

| | |
|------------------|--|
| DEELNEMER | |
|------------------|--|

| | |
|---|---------|
| 1 | Nooit |
| 2 | Soms |
| 3 | Dikwels |
| 4 | Altyd |

1. Die kind het iemand wat hom onvoorwaardelik liefhet.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

2. Die kind het 'n ouer persoon buite sy gesin met wie hy sy probleme en gevoelens kan bespreek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

3. Die kind kan staatmaak op sy familie wanneer hy hulle hulp benodig.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

4. Die kind ken 'n rolmodel.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

5. Die kind glo in kragte groter as wat gesien kan word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

6. Die kind ontvang erkenning vir dinge wat hy onafhanklik doen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

7. Die kind glo dat dinge reg sal uitwerk.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

8. Die kind doen dinge wat hom beminde maak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

9. Die kind is gewillig om nuwe dinge te probeer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

10. Die kind hou daarvan om te presteer in wat hy doen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

11. Die kind voel dat hy 'n verskil kan maak aan die uitkoms van dinge.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

12. Die kind hou van homself.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

13. Die kind kan fokus op en volhou met 'n taak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

14. Die kind het 'n sin vir humor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

15. Die kind kan planne maak om dinge te doen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

Is daar 'n verskil in die kind se gedrag nadat hy terapie ontvang het? Motiveer asseblief u antwoord.

BYLAE D

VRAELYS VIR DEELNEMERS

| | |
|------------------|--|
| DEELNEMER | |
|------------------|--|

| | |
|---|---------|
| 1 | Nooit |
| 2 | Soms |
| 3 | Dikwels |
| 4 | Altyd |

Ek waardeer myself

1. Ek ken myself en kan beskryf watter tipe mens ek is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

2. Ek kan vir myself en ander “nee” sê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

3. Ek weet dat wanneer slegte dinge met my gebeur dit nie beteken dat ek sleg is nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

4. Ek kan baie goed doen en stel belang in verskillende dinge.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

5. Ek weet dat ek my lewe die moeite werd kan maak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

6. Ek voel goed oor myself al maak ek soms foute.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

7. Dit is nie 'n probleem as ek nie altyd presies dieselfde voel nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

8. Ek kan steeds aangaan al verander dinge om my voortdurend.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

9. Ek weet wanneer kan ek speel of ontspan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

10. Ek hou aan probeer wanneer dinge skeefloop.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

11. Ek voel goed oor die toekoms.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

12. Ek sal daarvan hou om na skool verder te leer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

13. Ek weet dat ek belangrik is en 'n verskil kan maak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

14. Ek weet dat probleme kan ontstaan en daarom probeer ek dit vermy.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

15. Ek luister na die stemmetjie binne-in my. Somtyds weet ek net wat om te doen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

16. Ek leer uit my foute.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

My verhouding met ander mense

17. Ek het goeie maats.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

18. Ek vra vir hulp wanneer ek dit nodig het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

19. Ek weet wat ander mense wil hê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

20. Ek voel gemaklik met mense wat anders as ek is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

21. Ek verstaan hoe ander mense voel en help waar ek kan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

22. Ek kan vir myself lag en pret saam met ander hê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

23. Ek vergewe ander mense hulle foute.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

My verhouding met die gemeenskap

24. Wanneer ek probleme het, maak ek planne.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

25. Ek vra vrae wanneer ek nie verstaan waarom ek iets moet doen nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

26. Ek aanvaar dat ek sommige dinge nie kan verander nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

27. Ek is lief vir mense net soos hulle is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

BYLAE E

LYS VAN HULPMIDDELS VIR SPELTERAPEUTIESE RIGLYN TER BEVORDERING VAN EMOSIONELE VEERKRAGTIGHEID VAN DIE EGSKEIDINGSGETRAUMATISEERDE KIND

Die hulpmiddels word ingedeel onder die tema waar hulle tydens die speltherapeutiese proses gebruik is. Let wel, nie al die hulpmiddels onder 'n betrokke tema word noodwendig gebruik nie. Dit laat ruimte vir keuses van die aktiwiteit met inagneming van die kind se proses en voorgrondbehoefte.

Tema 1: Kontakmaking met die kind

Bibliospel

Bordspeletjie - See, Feel and Think . Educo Educators. Kaapstad.

Pas die speletjie aan deur vrae by te voeg waar die kind geleentheid kry om stellings oor homself en sy gesin te maak. Die vrae moet bewustheid van sy proses bevorder. Dit moet terselfdertyd vrae insluit wat nie-bedreigend en prettig is. Die vrae word op karton geplak wat dieselfde kleur is as die vorms van die speletjie. Die speletjie bestaan uit verskillende vorms in verskillende kleure wat deur die kind geïdentifiseer moet word terwyl hy sy hand in 'n sak steek. Hy mag nie kyk nie en moet probeer om die vorm en kleur te identifiseer. Wanneer die kleur reg geraai is, kan die kind een van die lekkers kies. Kies vooraf lekkers wat soet, suur en sout smaak, sterk geure en verskillende teksture het. Dit gee die kind geleenthede om die verskillende smake, geure en teksture te identifiseer wat ook sensoriese kontakvaardighede bevorder. Beperk die aantal lekkers. Die kind kies 'n vraag om te beantwoord wat dieselfde kleur is as die vorm wat hy uit die sak gehaal het. Dit is belangrik om die kind te verseker dat daar geen korrekte of verkeerde antwoorde is nie en om sy gevoelens en antwoorde te bekragtig.

Werkboek

Bridwell, N, 1995. *Clifford's Book About Me by Me*. 1995. New York: Scholastic Inc.

Tema 2: Die egskeidingstrauma

Bibliospel

Werkboeke oor egskeiding. Die kind kan kies watter een hy wil deurwerk .

- Boelts, M. 2004. *With My Mom, With My Dad*. Michigan: Zonderkidz.
- Edwards, N. 2003. *Talking About Divorce*. London: Chrysalis Children's Books.
- Menendez-Aponte, E. 2001. *Wat as Ma en Pa skei? Om 'n kind daardeur te lei*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Moore-Mallinos, J. 2005. *When my parents forgot how to be friends*. Barcelona: Barron's.

Werkvel met 'n winterboom en lenteboom

Alles in Een Hulpbronboek vir Onderwysers. Graad 1. Geletterdheid, Syfervaardigheid en Lewensvaardigheid. Best Books. Kaapstad. Bladsy 116-117.

Die kind identifiseer sy verliese en die positiewe uitkomst na egskeiding. Plak verskillende verliese soos mamma, pappa, huis, tuin, maats, ensovoorts op kaartjies wat in die vorm van blare, blommetjies of vrugte gesny is. Die kind identifiseer sy verliese as blaartjies en plak dit onder die winterboom wat sy blare verloor het. Wat hy gewen het na die egskeiding word op kaartjies geplak wat in die vorm van vrugte of blomme is. Die kind kies watter vrugte of blomme sy boom dra na die egskeiding en plak dit in die boom.

Tema 3: Emosionele geletterdheid. Herkenning en uitdrukking van emosies rondom die egskeiding

1. Kreatiewe spel

- Teken jou gesin voor en na die egskeiding. Bespreek die emosies.
- Teken verskillende emosies op plakkertjies. Onderskei emosies van mekaar deur middel van kleure. Plak die gesiggies op 'n dobbelsteentjie. Die kind gooi die dobbelsteentjie en vertel wanneer hy die spesifieke emosies ervaar, asook die liggaamlike simptome wat hy ervaar.

2. Bibliospel

Werkvelle

- Gevoelens en liggaamlike simptome (De Klerk & Le Roux, 2003:47).
- Emosionele geletterdheid (De Klerk & Le Roux, 2003:48).

3. Ontlading van aggressiewe energie

Gee kind die keuse tussen verskillende opsies om aggressiewe energie te ontlaai.

- Blaas gevoel soos kwaad in 'n ballon en boks of bars die ballon.
- Skeur koerante of 'n telefoonboek.
- Boks 'n sak vol koerante of 'n kussing.
- Slaan klei.
- Gooi klei of balle na 'n teiken.

4. Helende ritueel

- Helende ritueel met ballonne. Die kind skryf briefies vir sy ouers oor hoe hy oor die egskeiding voel. Dit word in gekleurde ballonne van sy keuse geplaas. Die ballonne word met 'n toutjie aan mekaar vasgebind nadat dit opgeblaas is. Die toutjie simboliseer die kind wat aan beide ouers verbind is en die ouers aan mekaar voor die egskeiding. Hy knip die toutjie deur wat die egskeiding simboliseer en word daarop gewys dat elke ballon nog steeds aan 'n toutjie verbind is. Dit simboliseer dat die ouers altyd aan hom verbind is al is hulle geskei. Die kind kies wat hy met die ballonne wil doen.
- Helende ritueel met voedselkleursel. Die verskillende kleure voedselkleursel stel die verskillende emosies voor wat deur die kind ervaar is voor en na die egskeiding. Hy verbind elke emosie aan 'n kleur van sy keuse. Gooi water in 'n deurskynende bak en daarna die voedselkleursel. Let wel dat slegs een of twee druppels van die voedselkleursel nodig is. Verhelder daarna die water met 'n bleikmiddel wat vergifnis en heling voorstel. Die kind voer onder toesig van die terapeut self hierdie aksies uit.

Tema 4: Emosionele geletterdheid. Die effektiewe bestuur van gevoelens

1. Bibliospel

Werkvulle

- Hoe ontstaan 'n gevoel? Die verband tussen gedagtes, gevoelens en optrede (De Klerk & Le Roux, 2003:44-45).
- Werkvel oor die verkeersligtegniek vir emosionele beheer (De Klerk & Le Roux, 2003:44-45).
- Raad oor hoe om ontstellende emosies te hanteer (Greeff, 2005a:83).

Werkboeke

- Berry, J. 1995. *Let's talk about feeling afraid*. New York: Scholastic Inc.
- Berry, J. 1995. *Let's talk about feeling angry*. New York: Scholastic Inc.
- Moroney, T. 2007. Ek voel Kwaad. Victoria, Australië: LAPA Uitgewers.
- Moroney, T. 2007. Ek voel Bang. Victoria, Australië: LAPA Uitgewers.
- Moroney, T. 2007. Ek voel Hartseer. Victoria, Australië: LAPA Uitgewers.
- Moroney, T. 2007. Ek voel Gelukkig. Victoria, Australië: LAPA Uitgewers.

Tema 5: Kommunikasie en probleemoplossing

1. Gedramatiseerde spel

- Rollespel deur die gee van Ek-boodskappe (Greeff, 2005a:109).

2. Bibliospel

Werkvulle

- Struikelblokke in kommunikasie (De Klerk & Le Roux, 2003:58).
- Model vir oplossing van persoonlike probleme (Greeff, 2005b:69).
- Die proses van probleemoplossing en konflikhantering (De Klerk & Le Roux, 2003:88).
- Keuses tydens konflik (Greeff, 2005b:87).
- Probleemoplossing (Greeff, 2005a:107-109).

Werkboek

- Berry, J. 1995. *Let's talk about saying no*. New York: Scholastic Inc.

Bordspeletjies

- Arthur's get together game. A game of cooperation and problemsolving. Ravensburg.
- Rivercrossing. The perilous plank puzzle. Thinkfun. Alexandria. USA.

Hierdie speletjies is bykomend en kan gebruik word om die sessie mee af te sluit as deel van selfvertroeteling. Dit bevorder egter ook probleemoplossende vaardighede

Tema 6: Selfbeeld

1. Kreatiewe spel

Teken of maak 'n collage van jouself om aan te dui wat jy vir ander mense beteken.

2. Bibliospel

Werkvulle

- Selfkennis - legkaart (De Klerk & Le Roux, 2003:31).
- Hoe hanteer ek konflik? (Greeff, 2005b:88).
- Hoe hanteer ek ander mense as ek jammer vir hulle voel? (Greeff, 2005b:25).

Werkboek

- Berry, J. 1996. *Let's talk about being helpful*. New York: Scholastic Inc.
- Berry, J. 1996. *Let's talk about needing attention*. New York: Scholastic Inc.
- Hay, L. L. en Olmos, D. 2005. *The adventures of Lulu*. California: Hay House.
- Lucado, M. 2005. *Jy is spesiaal. Jy is Myne. Die heel beste*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Mackall, D.D. 2005. *Hoekom is ek hier?* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
- Ziefert, H. 2001. *Friends stick together*. New York: Scholastic Inc.

Tema 7: Selfhandhawing, selfstandige en verantwoordelike optrede

1. Bibliospel en gedramatiseerde spel

Bordspeletjie

Whatever Next! The activity game. Educo. Kaapstad.

Bogenoemde bordspeletjie word aangepas deur die volgende werkvulle te gebruik as vrae wat die kind kan beantwoord of uitspeel:

- Maniere waarop grootmense kinders om die bos lei (De Klerk & Le Roux, 2003:44-45).
- Wat kan ek sê en doen? (Greeff 2005a: 107-111).
- Situasies wat hanteer moet word (De Klerk & Le Roux, 2003:31).

Die vrae word uitgeknipt en op verskillende kleur kaartjies geplak wat met die kleure van die bordspeletjie ooreenstem. Gebruik 'n dobbelsteentjie. Die kind kies 'n kaartjie met 'n kleur wat ooreenstem met die plek waar hy op die bord geland het. Die vrae kan beantwoord word deur dit uit te speel en ek-boodskappe te gee.

Werkboek

Berry, J. 1996. *Saying no made easy*. New York: Scholastic Inc.

2. Kreatiewe spel

Skep jou eie stad waar jy die reëls maak. Dit kan geteken of met legoblokkies gebou word.

Tema 8: Toekomsvisie – Vol hoop, geloof en vertroue. Evaluering, samevatting en terminering van terapie

1. Kreatiewe spel

- Teken jou droom vir die toekoms.
- Teken wat is nou beter as direk na die egskeiding.
- Teken hoe jy voor terapie gevoel het en hoe hy jy nou na die terapie voel.

2. Bibliospel

Werkvel

- Toekomsreis (Greeff, 2005a:173).

BRONNELYS VIR WERKVELLE

- Greeff, A. 2005a. *Resilience. Personal Skills for Effective Learning. Volume 1.* Carmarthen, Wales: Crown House Publishing Limited.
- Greeff, A. 2005b. *Resilience. Social Skills for Effective Learning. Volume 2.* Carmarthen, Wales: Crown House Publishing Limited.
- De Klerk, R. en Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie vir kinders en tieners. 'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers.* Kaapstad: Human & Rousseau.